Wes-Kaap Onderwysdepartement • ISebe leMfundo leNtshona Koloni

Strategiese Plan

Fiskale jare 2010 – 2014

Strategic Plan

Fiscal years 2010 – 2014

IsiCwangciso soBuchule

OoNyaka-mali 2010 – 2014

Date of tabling: 1 March 2010

WESTERN CAPE
Education Department
Provincial Government of the Western Cape

PR Number: 58/2010
ISBN Number: 978-0-621-39168-8

To obtain additional copies of this document, please contact:
Head Education, Private Bag X9114,
Cape Town, 8000.
Tel: 021 467 2531
Fax: 021 461 3694
E-mail: media1@pgwc.gov.za

This document will also be available, on request, in Afrikaans and Xhosa by 31 March 2010.

Voorwoord

Donald Grant, Minister
van Onderwys, Wes-Kaap

Die Wes-Kaapse Regering sal die lewensgeleenthede van al sy kinders verbeter deur aan hulle gehalte-opvoeding te voorsien. Vir hierdie doel sal alle kinders vir so lank as moontlik in die skool bly, en optimale uitslae behaal. In die tydperk 2010 tot 2019 sal die fokus veral op die verbeteri ng van die lees-, skryf en rekenvermoëns van leerders val. Die tydperk 2010-2014 sal die grondslag vir hierdie verbeteringe lê. In die tydperk 2014-2019 sal die kinders van die provinsie die vrugte pluk van die stelsel wat ontwerp is en bestuur word om die gestelde teikens te verwesenlik.

Die belangrikste aanduiders om die vordering te meet wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) gemaak is om gehalte-onderwys te voorsien, sal derhalwe wees om i) die geletterdheid en syfervaardigheid in Grade 1-6 te verbeter en ii) die aantal te verhoog wat in Graad 12 slaag – met inbegrip van 'n toename in die aantal wat in Wiskunde en Wetenskap slaag en vir toelating tot 'n Baccalaureusgraad kwalifiseer.

Ten einde leerderdeelname en -welslae te steun, sal die Wes- Kaapse Regering die volgende voorsien: beamptes wat omgee, ingelig en georganiseerd is om skole, onderwysers en leerders te ondersteun; onderwysers wat aanwesig en voorbereid is en tekste gebruik; befondsing wat aangewend word om welslae te maksimaliseer; voldoende en veilige skole en 'n bemagtigende omgewing vir vennote in die onderwys om tot gehalte-onderwys by te dra: onderwysvakbonde, skoolbeheerliggame, die private sektor, nie-regeringsorganisasies, private skole, kolleges, en hoëronderwysinstansies.

Elke besluit wat in verband met onderwys in die Wes-Kaap geneem word, sal op die noodsaak berus om die verlangde leerderprestasie-uitkomste te verwesenlik. 'n Gediversifiseerde kurrikulum sal ná die primêre skool aangebied word om te verseker dat leerders voldoende geleenthede kry om hul vaardighede en kennis te ontwikkel. Wanneer dit gaan om verbetering van die gehalte van die opvoeding wat in die Wes-Kaap voorsien word, is daar geen kits oplossing nie. Dit is slegs deur 'n volgehoue, gefokuste en stelselmatige benadering dat ons die gestelde teikens sal verwesenlik.

Uitvoerende Gesag van die Wes-Kaap Onderwysdepartement

Amptelike Aftekening

Hierdie Strategiese Plan

- is de ur d ie b estuur v an d ie Wes-Kaap On derwysdepartement o nder l eiding v an d ie Minister v an Onderwys in die Wes-Kaap, Donald Grant ontwikkel;
- neem al die relevante beleidsbepalings, wetgewing en ander mandate in ag waarvoor die Wes-Kaap Onderwysdepartement verantwoordelik is; en
- bied 'n akkurate weergawe va n die strate giese doe lwitte e n doelstellings wa t die W es-Kaap Onderwysdepartement sal poog om in die tydperk 2010 – 2014 te verwesenlik.

LJ Ely [Hoof Finansiële Beampte]

M Harker [Hoofbeampte Verantwoordelik vir Beplanning]



PA Vinjevold [Rekeningkundige Beampte]

Goedgekeur deur:

DA Grant [Uitvoerende Gesag}

Inhoud

Voorwoord

Deel A: Strategiese Oorsig 1
1. Visie 1
2. Missie 1
3. Waardes 1
4. Kernmandaat 1
5. Kernfu nksies 2
6. Wetgewende en ander Mandate 2
6.1 Konstitusionele Mandate 2
6.2 Wetgewende Mandate 2
6.3 Beleidsmandate 4
6.4 Beplande Beleidsinisiatiewe 5
7. Situasie-ontleding 5
7.1 Verrigtingsomgewing 5
7.2 Organisatoriese Omgewing 7
8. Die Strategiese Plan 7
8.1 Strategiese Elemente van die Plan 7
8.2 Strategiese Doelwitte 8

Deel B: Strategiese Doelstellings 10
9. Strategiese Stellings 10
9.1 Strategiese Doelstellings 10
10. Program 1: Administrasie 12
10. 1 Strategiese Doelstellings 13
10. 2 Hulpbron-oorwegings 32
10. 3 Risikobestuur 32
11. Program 2: Openbare Gewone Skoolonderwys 34
11. 1 Strategiese Doelstellings 35
11. 2 Hulpbron-oorwegings 38
11. 3 Risikobestuur 38

Deel B: Strategiese Doelstellings (vervolg)

12. Program 3: Onafhanklike Skole Subsidies 39
12. 1 Strategiese Doelstellings 39
12. 2 Hulpbron-oorwegings 40
12. 3 Risikobestuur 40
13. Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys 41
13. 1 Strategiese Doelstellings 43
13. 2 Hulpbron-oorwegings 45
13. 3 Risikobestuur 45
14. Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding 46
14. 1 Strategiese Doelstellings 46
14. 2 Hulpbron-oorwegings 48
14. 3 Risikobestuur 49
15. Program 6: Volwasse Onderwys en Opleiding 50
15. 1 Strategiese Doelstellings 50
15. 2 Hulpbron-oorwegings 52
15. 3 Risikobestuur 53
16. Program 7: Vroeë-kind-ontwikkeling 54
16. 1 Strategiese Doelstellings 54
16. 2 Hulpbron-oorwegings 56
16. 3 Risikobestuur 56
17. Program 8: Hulp- en Verwante Dienste 57
17. 1 Strategiese Doelstellings 57
17. 2 Hulpbron-oorwegings 60
17. 3 Risikobestuur 60

Deel C: Skakels met ander Planne 61
18. Skakels met die Langtermyn-infrastruktuur en ander Kapitaalplanne 61
19. Voorwaardelik e Toekennings 61
20. Openbare-priv aat-vennootskappe 65

21. Woordelys 66

Deel A: Strategiese Oorsig

1. Visie

Verbeterde onderwysuitkomste in 'n samelewing met oop geleenthede vir almal.

2. Missie

Om te verseker dat aan alle die voorwaardes vir optimale leer voldoen word sodat alle leerders die kennis, vaardighede en waardes kan verwerf om hul potensiaal te verwesenlik; bevredigende lewens te lei; tot maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling by te dra; ten volle aan die lewe van die land deel te neem; internasionaal mee te ding, en gemeenskappe te bou wat in staat is om hul lewens met welslae en waardigheid te beheer, moet die WKOD, in die konteks van verpligte onderwys vir almal, met inbegrip van Graad R, die volgende hoofdienste bied:

- Oorkoepelende beplanning vir, en bestuur van die onderwysstelsel voorsien
- Openbare onderwysinstansies van ondersteuning voorsien
- Onderwys in openbare gewone skole voorsien
- Onafhanklike skole ondersteun
- Onderwys in openbare spesiale skole voorsien
- Verdere onderwys en opleiding (VOO) by openbare VOO-kolleges voorsien
- Volwasse onderwys en opleiding (VOO) in gemeenskapsleersentrums voorsien
- Vroeë-kind-ontwikkeling (VKO) in Graad R voorsien
- Opleidingsgeleenthede vir opvoeders en nie-opvoeders voorsien
- Die gehele kind ondersteun deur MIV/VIGS-bewustheid uit te brei; voedsel vir geïdentifiseerde arm en honger leerders te voorsien sodat hulle doeltreffend kan leer; en 'n veilige skoolomgewing bevorder
- Onderwysers deur leiding, die voorsien van basiese diensvoorwaardes, aansporing en welsynprogramme vir werknemers te ondersteun

3. Waardes

- Die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet en die Handves van Regte
- Die Batho Pele-beginsels ("plaas mense eerste") van oorlegpleging, goeie dienstandaarde, hoflikheid, toegang, inligting, openheid en deursigtigheid, klagtes oplos en die beste waarde bied
- Transformasie deur verbeterde toegang, billikheid, gehalte, doeltreffendheid, doelmatigheid en herstel
- Die oorheersende belangrikheid van die leerder
- Uitnemendheid deur 'n goed toegeruste, optimistiese en florerende onderwyserskorps te voorsien en te ondersteun
- 'n Benadering tot hulpbronaanwending wat armes bevoordeel
- Toerekenbaarheid en deursigtigheid
- Uitnemendheid en empatie in administratiewe en ondersteuningsfunksies
- Toewyding tot transsektorale regeringsaksies vir die maksimum impak en diens
- Verwerping van alle vorms van diskriminasie
- Erkenning en bevestiging van onderwyser-uitnemendheid

4. Kernmandaat

Die kernmandaat van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is om gehalte-onderwys aan al ons mense te lewer.

5. Kernfunksies

Kurrikulum- en assesseringsondersteuning
Administratiewe en finansiële ondersteuningstrukture
Institusionele ontwikkelings- en ondersteuningstelsels, -strukture en -programme

Binne die voorgeskrewe werksdomeine sal die WKOD derhalwe

- steun verleen aan 'n geïntegreerde benadering tot die fisiese, maatskaplike en kognitiewe ontwikkeling van alle 0- tot 4-jariges wat in die provinsie woon
- Graad R-onderrig van 'n hoë gehalte aan alle 5-jariges voorsien om hulle vir skoolonderrig gereed te maak.
- verseker dat alle leerders vanaf Graad 1 tot Graad 6 op die vlakke wat deur die Nasionale Kurrikulumverklaring voorgeskryf is, kan lees, skryf en reken.
- verseker dat alle leerders in Grade 7 tot 9 'n algemene opvoeding van hoë gehalte ontvang
- advies oor vakkeuses en beroepsvoorligting aan alle leerders in Graad 9 voorsien, sodat hulle geskikte program- en vakkeuses kan maak
- die deelname- en sukseskoers verhoog van leerders, veral swart leerders, wat hoërskole en beroepskolleges bywoon
- die aantal Graad 12-leerders verhoog wat kwalifiseer om tot hoër onderwys toe te tree
- die voorsiening in VOO-kolleges verhoog van kwalifikasies, leerderskappe, vakleerlingskappe, internskappe en vaardigheidsprogramme wat by werkgeleenthede inskakel
- die aantal volwasse leerders in basiese onderwysprogramme verhoog deur ekonomiese en maatskaplike programme soos die Uitgebreide Openbare Werke Program (UOWP).

6. Wetgewende en ander Mandate

6.1 Konstitusionele mandate

Artikel 9 van die Grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek, Wet 108 van 1996 [Handves van Regte] maak voorsiening vir die regte van almal tot 'n basiese opvoeding, met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes, en tot verdere onderwys wat die staat, deur redelike maatreëls, progressief beskikbaar moet stel. Bylae 4 van die Grondwet bepaal dat onderwys op alle vlakke, met inbegrip van tersiêre onderwys, 'n area van nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid is. Die wetgewende bevoegdheid van die provinsiale wetgewer word deur Artikel 126(1) van die Grondwet bepaal, wat provinsies bemagtig om wette te maak ten opsigte van alle sake wat in Bylae 6 van die Grondwet gelys word, en onderwys is 'n Bylae 6 funksionele area wat gelyklopend met die Parlement uitgevoer word.

6.2 Wetgewende mandate

Mandate	Kort beskrywing
Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996)	Die Grondwet vereis dat onderwys ooreenkomstig die waardes van menswaardigheid, gelykheid, menseregte en -vryheid, nie-rassisme en nie-seksisme sal wees. Dit waarborg toegang tot basiese onderwys vir almal deur die voorsiening van basiese onderwys, met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes. Die beleidraamwerk vir die Ministerie van Onderwys word in die volgende Witskrif gegee: Onderwys en Opleiding in 'n Demokratiese Suid-Afrika: Eerste stappe om 'n Nuwe Stelsel te Ontwikkel (Februarie 1995).
Die Grondwet van die Wes-Kaap Provinsie, 1998 (Wet 1 van 1998)	Onderworpe aan die nasionale Grondwet is dit die hoogste wet in die Wes-Kaap.

Mandate	Kort beskrywing
Die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW) 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig	Die SASW maak voorsiening vir 'n eenvormige stelsel om skole te organiseer, te beheer, en te befonds. Dit bevorder toegang, gehalte en demokratiese beheer in die skolestelsel. Dit verseker dat alle leerders die reg het van toegang tot gehalte-onderwys sonder diskriminasie, en maak skoolbywoning vir kinders vanaf 7 tot 14 jaar verpligtend. Dit maak voorsiening vir twee tipes skole – onafhanklike skole en openbare skole. Die norms vir die befondsing van skole, wat in die SASW uitgestippel word, teiken armoede met betrekking tot die toesegging van fondse vir die openbare skolestelsel.
Die Wet o p die Nasionale Onderwysbeleid (WNOB), 1996 (Wet 27 van 1996)	Die doel van hierdie Wet is om voorsiening te maak vir die daarstel van 'n nasionale beleid vir onderwys, met inbegrip van beleid oor salarisse en diensvoorwaardees vir opvoeders. Dit lê albei hierdie beleidsbepalings in 'n wet vas, asook die wetgewende en moniteringsverantwoordelikhede van die Minister van Onderwys, en die verhoudings tussen die nasionale en provinsiale owerhede. Dit lê die grondslag vir die vestiging van die Raad van Onderwysministers (CEM) en die Komitee van Hoofde van Onderwysdepartemente (HEDCOM) as interregeringsforums om saam te werk ter ondersteuning van gehalte-onderwys. As sodanig maak dit voorsiening vir die formulering van nasionale beleidsbepalings in algemene en verdere onderwys en opleiding. NEPA beliggaam die beginsel van samewerkende beheer, waarop in Bylae 3 van die Grondwet uitgewei word.
Die Wet op Kolleges vir Verdere Onderwys en Opleiding, 2006 (Wet 16 van 2006)	Hierdie wet is daarop ingestel om verdere onderwys en opleiding te reguleer; om voorsiening te maak vir die vestiging, beheer, en befondsing van inrigtings vir openbare verdere onderwys en opleiding; om voorsiening te maak vir die registrasie van private inrigtings vir verdere onderwys en opleiding; en om voorsiening te maak vir gehalteversekering en gehaltebe-vordering in verdere onderwys en opleiding. Saam met die Onderwys-Witskrif 4 oor Verdere Onderwys en Opleiding (1998) en die Nasionale Plan vir VOO-Kolleges (Staatskoerant nr. 31712, in Regeringskennisgewing 1361, 12 Desember 2008) voorsien dit die basis vir die ontwikkeling van 'n nasionaal gekoördineerde verdere onderwys en opleidingstelsel.
Die Wet op G ehalteveresekering in Algemene en Verdere Ond erwys, 2001 (Wet 58 van 2001), soos in 2008 gewysig (Wet 58 van 2008)	Hierdie Wet maak voorsiening vir die vestiging, samestelling en funksionering van Umalusi; vir die voorsiening van gehaltebeheer in algemene en verdere onderwys en opleiding; vir beheer oor norms en standaarde van kurrikulum en assesseringvir die uitreiking van sertifikate by die uitgangpunte en vir die uitvoer van assessering.
Die Wet op di e Indiensneming van Opvoeders 1998 (Wet 76 van 1998)	In hierdie Wet word voorsiening gemaak vir die indiensneming van opvoeders deur die Staat en vir die regulering van diensvoorwaardes, dissipline, aftrede en ontslag van opvoeders. Dit reguleer die professionele, morele en etiese verantwoordelikhede van opvoeders, sowel as bevoegdheidsvereistes vir onderwysers.
Die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet nr. 12 van 1997)	Maak voorsiening vir 'n eenvormige onderwysstelsel; vir die organisasie, beheer en befondsing van alle skole, en maak voorsiening vir die spesifieke opvoedkundige behoeftes van die provinsie.
Die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999 (Wet 1 van 1999), soos gewysig	Reguleer finansiële bestuur in die nasionale regering en provinsiale regerings; verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van daardie regerings doeltreffend en doelmatig bestuur word; en voorsien die verantwoordelikhede van persone aan wie finansiële bestuur in daardie regerings toevertrou word.
Die Wette op d ie Jaarlikse Ver deling van Inkomste	Hierdie wette maak voorsiening vir die billike verdeling van inkomste wat landwyd geïn word onder die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere; vir die verslagdoeningsvereistes vir toewysings ingevolge sodanige verdeling; vir die weerhouding en vertraging van betalings; en vir die aanspreeklikheid vir kostes wat vir litigasie aangegaan is in die skending van die beginsels van samewerkende beheer en interregeringsverhoudings.

Mandate	Kort beskrywing
Die Staatsdie nswet, 1994, soos gewysig [Proklamasie 103 van 1994]	Dit maak voorsiening vir die organisasie en administrasie van die staatsdiens van die Republiek, sowel as die regulering van die diensvoorwaardes, diensterme, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens.
Die Wet op die Suid-Afri kaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet 58 van 1995)	Hierdie wet maak voorsiening vir die ontwikkeling en implementering van 'n Nasionale Kwalifikasiesraamwerk (NKR) en die vestiging van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasiesgesag vir hierdie doel. Die NKR is die uitdrukking van 'n nasionale leerstelsel waar onderwys en opleiding mekaar komplementeer.
Die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet 52 van 2000)	Reguleer basiese onderwys en opleiding vir volwassenes; maak voorsiening vir die vestiging, beheer en befondsing van openbare leersentrums vir volwassenes; maak voorsiening vir die registrasie van private leersentrums vir volwassenes; en maak voorsiening vir gehalteversekering en gehaltebevordering in volwasse onderwys en opleiding.
Die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (Wet 31 van 2000)	Hierdie Wet lê vir SARO die mandaat vir die registrasie van alle opvoeders op. Dit verduidelik die belangrikheid van registrasie vir diegene in die onderwysberoep. Die SARO beoog verder om die status van die onderwysberoep uit te bou, en om die ontwikkeling van opvoeders en hul professionele gedrag te bevorder. Dit maak voorsiening vir 'n departement vir Wetskwessies en Etiek wat moet verseker dat opvoeders nie die Kode vir Professionele Etiek vir opvoeders verbreek nie; beskerm die waardigheid van die beroep en hersien op deurlopende basis die Kode van Opvoeders.

6.3 Beleidsmandate

Benewens die na sionale wetgewende mandate en Onderwys-witskrifte (OWS) 1 -7 rig die vo lgende beleidsbepalings die Wes-Kaap in die lewering van gehalte-onderwys.

- Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 9 (Staatskoerant 23406, Deel 443 – Mei 2002)
- Taal in die Onderwys-beleid, 1997
- Nasionale Beleid oor Godsdiens in die Onderwys, 2003
- Beleidsdokument oor Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (12 Desember 2003)
- Nasionale Beleid oor MIV/VIGS vir Leerders en Opvoeders in Openbare Skole en Studente en Opvoeders in Inrigtings vir Verdere Onderwys en Opleiding, 1998
- Nasionale Beleid aangaande Programme vir Verdere Onderwys en Opleiding: Goedkeuring van die wysigings van die program en bevorderingsvereistes vir die Nasionale Seniorsertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 in die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) [Staatskoerant 29852 van April 2007]
- Nasionale Beleid oor die beheer, administrasie en bestuur van die assessering van die Nasionale Sertifikaat (Beroep), 2007
- Regulasies met betrekking tot die beheer, administrasie en bestuur van assessering vir die Nasionale Senior Sertifikaat [Staatskoerant 31337, Deel 518 van 29 Augustus 2008]
- Byvoegsel tot die VOO-Beleidsdokument, Nasionale Kurrikulumverklaring oor die Nasionale Raamwerk wat Leerders met Spesiale Behoeftes reguleer (11 Desember 2006)
- Nasionale Beplanning vir die Billike Voorsiening van 'n Bemagtigende Fisiese Onderrig- en Leeromgewing by Skole (21 November 2008)
- Nasionale Beleid van Heelskoolevaluering (Julie 2991)
- Norms en Standaarde vir Opvoeders, Staatskoerant, Deel 415, nr. 20844, 2000.
- Nasionale Beleidraamwerk vir die Opleiding en Ontwikkeling van Onderwysers in Suid-Afrika (26 April 2007)
- Wet op Nasionale Onderwysbeleid: Vereistes vir administrasie van opnames (2 April 2007)
- Nasionale Beleid vir Onderwysinligting (Regeringskennisgewing 1950 van 2004)

Die gehalte van onderwys in die provinsie sal verder deur die volgende sake verhoog word:

- Dinaledi "Sentrums van Uitnemendheid" in Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie
- PGOOO (Program vir Gehalteverbetering, Ontwikkeling, Ondersteuning en Opheffing)
- Program vir Leergrondslae
- Onderwysbestuur-inligtingstelsels (OBIS)
- Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel (GGBS)
- NEOOE (Nasionale Eenheid vir die Ontwikkeling van Onderwysevaluering) wat toesig hou oor die evaluering en verbetering van opvoederprestasie
- Toegewysde beurse vir aanvanklike opvoederopleiding en die voortgesette professionele ontwikkeling van opvoeders.

6.4 Beplande beleidsinisiatiewe

Soos benodig.

6.4.1 Oorsig van bestaande beleidsbepalings

Soos benodig.

7. Situasie-ontleding

7.1 Verrigtingsomgewing

Sedert die sensus van 2001 het die bevolking van die Wes-Kaap gegroei, en dit groei steeds. Volgens die bevolkingskatting wat vir die middel van 2009 deur Statistiek Suid-Afrika vrygestel is, is die Wes-Kaap die tuiste van 5 356 miljoen mense, wat 10.9% van die totale bevolking van Suid-Afrika verteenwoordig. Die Wes-Kaapse bevolking het by geboorte die hoogste lewensverwagting vir sowel manlike as vroulike persone.

Daar word geskat dat die Wes-Kaap in die periode 2006 – 2011 'n netto instroming van ongeveer 140 000 mense sal beleef. Die tabel hieronder toon die toename/afname in die bevolking vanaf 2006 – 2011, gebaseer op die groei vanaf die laaste sensus in 2001 tot die bevolkingskatting van 2009.

Provinsie	Uit-Migrasie	In-Migrasie	Netto Migrasie
Oos-Kaap	390 100	116 500	-273 600
Vrystaat	125 900	94 100	-31 800
Gauteng	295 000	741 900	446 900
KwaZulu-Natal	195 200	207 300	12 100
Limpopo	286 700	97 500	-189 200
Mpumalanga	166 600	122 800	-43 800
Noord-Kaap	66 000	41 100	-25 500
Noordwes	193 900	161 800	-32 100
Wes-Kaap	112 800	249 800	137 000

(Bron: Bevolkingskattings vir middel van jaar, 2009 – Statistiek Suid-Afrika p.13)

'n Gevolg van hierdie bevolkingstoename in die Wes-Kaap is dat elke vorm van onderwys en opleiding in die provinsie 'n toename in getalle beleef het.

Die data vir die Wes-Kaap se openbare gewone skoolstelsel vanaf 2000 – 2009 word in Tabel 1 hieronder getoon, en dit illustreer die groei in leerdergetalle in die provinsie.Terwyl party provinsies 'n afname in inskrywings ervaar, gaan die WKOD voort om groei te ervaar. Die groei in getalle op die Graad 12-vlak is 'n bemoedigende ontwikkeling.

Tabel 1: Inskrywings in openbare gewone skole 200 – 2009

Databron: 2000 – 2009: Jaarlikse Opname vir Skole (Openbare Gewone skole, leerders by LSEN-eenhede uitgesluit; Statistiek Suid-Afrika: Bevolking vir 2008 gebaseer op 2007 Gemeenskapsoponame)

Jaar	Gr 1	Gr 2	Gr 3	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12	Totaal
2000	64,844	81, 865	82, 343	81, 949	85, 766	80,658	75,813	80,026	70,634	63,840	48, 934	40,996	877,668
2001	81,790	82, 960	81, 832	84, 302	89, 254	83,305	77,778	82,190	71,966	67,034	60, 206	39,910	882,527
2002	86,969	77, 026	84, 134	83, 022	93, 188	86,786	80,865	75,601	80,450	69,752	61, 618	40,468	889,879
2003	86,916	82, 454	75, 931	86, 033	82, 383	92,341	84,514	81,154	73,200	81,739	61, 746	39,644	898,055
2004	104,105	82, 130	81, 489	76, 781	86, 060	82,574	89,614	85,053	78,964	80,756	64, 199	39,451	921,176
2005	93,515	94, 231	80, 695	80, 809	74, 984	66,141	81,953	88,778	82,169	81,577	66, 657	39,303	920,812
2006	87,650	85, 972	89, 828	80, 443	77, 811	73,106	65,347	78,926	80,595	83,529	67, 536	40,198	900,941
2007	92,818	82, 562	83, 914	89, 973	78, 674	78,021	72,733	66,406	80,697	86,495	61, 938	42,624	916,855
2008	91,853	83, 267	79, 454	85, 891	87, 116	78,290	76,146	71,410	72,914	79,133	63, 819	43,470	912,763
2009	93,601	82, 158	80, 385	83, 150	82, 382	85,621	76,262	75,227	79,795	68,405	60, 812	45,692	913,490



Die afname in inskrywings in die laaste drie skooljare ontbloot die broosheid van 'n stelsel wat op ontoereikende leer in die grondslagfase gebou word. Die lae uitslae in geletterdheid en syfervaardigheid in Graad 3 en Graad 6 rig die WKOD se strategiese doel vir die volgende dekade. Leerders met swak grondslae in taal en wiskunde kan Die afname in inskrywings in die laaste drie skooljare ontbloot die broosheid van 'n stelsel wat op ontoereikende grondslag-leer gebou is. Die swak geletterdheid- en syfervaardigheiduitslae in Graad 3 en Graad 6 rig die strategiese doel van die WKOD vir die volgende dekade. Leerders met 'n swak grondslag in taal en wiskunde kan nie aan die akademiese eise van die hoërskool voldoen nie.

7.2 Organisatoriese omgewing

Die departement se strategiese prioriteite, sy kernrol en huidige diensleweringsplatvorms moet die breër sosio-ekonomiese konteks akkommodeer en aan die behoeftes voldoen van die mense in wie se diens dit staan. Boonop vereis dit beslis aksie deur die regering om doeltreffend en betekenisvol op ongelykheid en lae vertrouensvlakke in die gehalte van onderwys te respondeer. Dit is van kritieke belang dat 'n sosiale ondersteuningsbasis vir laerskole, en veral die Grondslagfase, in stand gehou word deur inisiatiewe soos die "geen-fooi" skoolprogram en die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP).

Die WKOD, die grootste werkgewer in die Wes-Kaapse Provinsiale Regering, bestaan uit die Provinsiale Ministerie van Onderwys met, aan die hoof, die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap, die provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en onderwysinstansies met inbegrip van openbare gewone en spesiale skole, VOO-kolleges, gemeenskapsleersentrums vir volwassenes, en VKO-persele.

8. Die strategiese plan van die WKOD

Die ontwikkeling van hierdie plan is voorafgegaan deur 'n volledige hersiening van die vorige vyfjaarplan, oorlegpleging met deelhebbers, konsepweergawes en hersienings.

Dit staan onder die verklaring, "Die Skep van 'n Oop-Geleentheid-Samelewing vir Almal in die Wes-Kaap - Doelstelling: Om onderwysuitkomste 2010 - 2019 te verbeter", en is deur die Kabinet van die Wes-Kaap aanvaar.

Die plan erken dat toegang tot gehalte-onderwys 'n basiese mensereg is wat nie slegs in die Grondwet verskans is nie, maar ook in internasionaal aanvaarde agendas, soos die Millenium-Ontwikkelingsdoelwitte en UNESCO se Onderwys vir Almal. Die Millenium-Ontwikkelingsdoelwitte verbind regering tot die halvering van armoede en vermindering van werkloosheid. Die sleutels vir die suksesvolle verwesenliking van hierdie uitkoms is die algemene daarstel van 'n meer geletterde bevolking, die bou van toepaslike vaardigheidspakkette, die ontwikkel van skole as plekke vir gehalte-onderwys en leer, waar leerders leer en onderwysers onderrig.

Planne word direk beïnvloed deur nasionale onderwys se sektorprioriteite, soos deur die Raad van Onderwysministers (ROM) goedgekeur.

8.1 Strategiese elemente van die plan

Probleemstelling

Die meerderheid van die kinders in die Wes-Kaap verwesenlik nie hul akademiese potensiaal nie. Dit is grotendeels daaraan te wyte dat:

1. Onvoldoende tyd en aandag aan skryf en tel in die eerste drie grade op skool bestee word
2. Die vlakke van toerekenbaarheid vir prestasie van opderwysowerhede en opvoeders swak is
3. Skoolbestuur en leierskap swak is
4. Response en ondersteuning vanaf die onderwysdepartement traag is
5. Die onderwysers se moreel laag is
6. Handboeke en ander leermateriaal van 'n swak gehalte is
7. Maatskaplike euwels soos armoede en misdaad hoogty vier
8. Die gehalte van die infrastruktuur van skole agteruitgaan
9. Daar 'n erfenis van onderbesteding op 'n aantal gebiede in die Wes-Kaap is
10. Daar weens inmigrering druk op die Wes-Kaap is

Die kombinasie van hierdie faktore het tot swak leerderprestasie gelei:

- Die slaagsyfer vir Graad 12 is aan die daal. In 2004 was daar 'n slaagsyfer van 85%, maar dit het oor die afgelope vyf jaar tot 75,1% in 2009 gedaal.
- Uitslae vir geletterdheid en syfervaardigheid soos dit in Graad 3 en 6 gemeet is, toon dat leerders nie vir hierdie grade op die verlangde vlakke – of om leer in latere grade te ondersteun – kan lees, skryf en reken nie.
- Die aantal skole in die Wes-Kaap wat onderpresteer (skole met 'n matriekslaagsyfer van onder 60%) het vanaf 36 in 2006 tot 85 aan die einde van 2009 toegeneem.

8.2 Strategiese doelwitte

Hierdie doelwitte is spesifiek, meetbaar, haalbaar, relevant en tydgebonde. Die doelwitte word geselekteer om te verseker dat elke element van die ondersteuningstelsels op die verbetering van leeruitkomste ingestel is. Tensy onderwysers byvoorbeeld goed toegerus is om aan die vereistes van die kurrikulum te voldoen, gepaste hulpbronne voorsien word, poste betyds gevul word, skoolbestuurspanne doeltreffend werk, en skole veilig is, sal leerders nie in staat wees om beduidende verbetering te toon nie. Die strategiese doelstellings van die Program fokus al die afdelings van die WKOD op die oorkoepelende doel van gehalte-onderwys vir almal.

Strategiese Doel 1	Verbeterde prestasie in Geletterdheid en Syfervaardigheid.
Doelverklaring	Prestasie in Geletterdheid en Syfervaardigheid moet verbeter sodat: 75% van leerders in Graad 3 teen 2014 na ouderdomsnorme vir Geletterdheid, en 60% na ouderdomsnorme vir Syfervaardigheid presteer. 65% van leerders in Graad 6 teen 2014 na ouderdomsnorme vir Geletterdheid, en 50% na ouderdomsnorme vir Syfervaardigheid presteer. 65% van leerders in Graad 9 teen 2014 na ouderdomsnorme vir Taal, en 55% na ouderdomsnorme vir Syfervaardigheid presteer.
Verantwoording	Tans presteer 53,5% van Graad 3-leerders na ouderdoms-/graadnorme vir Geletterdheid en 35% vir Syfervaardigheid, en 44,8% van Graad 6-leerders presteer na ouderdoms-/graadnorme vir Geletterdheid en 14% vir Syfervaardigheid. Hierdie onaanvaarbare stand van sake het duidelik 'n domino-effek in die hoër grade.
Skakels	Die nasionale Stigtings vir Leerprogramme, biblioteke, die media, die Departemente van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling, plaaslike regering, AET (Gesinsgeletterdheid en oueropleiding) het almal die potensiaal om hierdie doel te ondersteun. Skole behoort veilig en van voldoende hulpbronne voorsien te wees (beide infrastruktuur en materiale/toerusting). Onderwysers behoort toegerus te weet om goeie onderrig te gee. Die dissiplines van meesterskap oor die tyd, die klaskamer en die kurrikulum sal maksimum prestasie voortdryf. Hoër Onderwysinstansies sal deskundige navorsing en ondersteuningsopleiding voorsien. Daar sal in die leerbehoeftes van alle leerders voorsien word, en sowel Engels as ander moedertale sal sterk ontwikkel word.
Strategiese Doel 2	Verbeterde Uitslae vir Nasionale Seniorsertifikaat
Doelverklaring	Onderwysopleiding en ondersteuningsprogramme, bestuursopleiding en ondersteuning, geriewe en hulpbronne moet verbeter word sodat skole gehelp kan word om die prestasie van hul leerders in alle vakke te versterk, met spesiale verwysing na Wiskunde en Natuurwetenskap. Die teikens vir 2014 is 'n NKV-Slaagsyfer van 84% met 43 000 leerders wat slaag, en 37% wat toegang tot Baccalaureusgrade verwerf. Aantal leerders: 17 500 slaag, waarvan 17 000 Wiskunde en 13 500 Natuurwetenskap slaag.
Verantwoording	In 2009 is die Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen (NSS) deur 44 931 leerders by 417 eksamensentra afgelê. Die Wes-Kaap het die hoogste slaagsyfer van 75,1% gehandhaaf. Daar was egter 'n afname van 3% vergeleke met die slaagsyfer van 78,6% wat in 2008 in die Nasionale Seniorsertifikaateksamens behaal is. 'n Totaal van 210 kandidate het in 2009 Wiskunde geskryf, en 'n totaal van 13 349 het Natuurwetenskap geskryf. Hiervan het 12 467 Wiskunde geslaag, en 7 064 kandidate het Natuurwetenskap geslaag.

Strategiese Doel 2	Verbeterde Uitslae vir Nasionale Seniorsertifikaat
Skakels	Aandag aan hierdie doelwit behels aandag aan onderrig en leer oor alle grade heen, en nie slegs op die Graad 12-vlak nie. Vakinhoudkursusse en skoolgebaseerde ondersteuning sal gebied word. Handboeke, bestuur, onderrig, en tyd wat aan leer bestee word, is sleutels om NSS-uitslae te verbeter.
Strategiese Doel 3	Vermindering van die aantal hoërskole wat onderpresteer
Doelverklaring	Eliminering van onderprestasie in die Nasionale Seniorsertifikaat in hoërskole, d.w.s. geen skole wat 'n slaagsyfer van <60% het nie.
Verantwoording	Die aantal skole wat binne hierdie bestek val, het van 34 in 2004 tot 85 in 2009 gegroei. Hierdie is 'n situasie wat nie toegelaat kan word om voort te duur nie.
Skakels	Ondersteuning kan deur afgetrede onderwysers of deur deskundige of leiersonderwysers gebied word. Dwarslopende skakels met ander staatsdepartemente sal ondersteuning vir inisiatiewe teen dwelms en misbruik van ander middels insluit. Biblioteke en huise sonder elektrisiteit het aandag nodig.

Deel B: Strategiese Doelstellings

9. Strategiese Stellings

1. Om te verseker dat uitkomste vir geletterdheid en syfervaardigheid verbeter, deur die maksimum hulpbronne (menslik sowel as finansieel) aan die eerste drie skooljare te bestee. Vanaf 2010 sal dit gepaard gaan met universele en verpligte toetsing van leerders vanaf Graad 1 tot 6. Hoogtemerke en teikens sal by elke skool gestel word.
2. Om uit nemende bestuur van skole te verseker met betrekking tot beamptes, prinsipale en onderwysers wat verantwoordelik gehou word vir hul rol om indiwiduele skoolprestasie te verbeter.
3. Om die meelewendheid en doeltreffendheid van die WKOD te verbeter deur op die verbetering van die departement se besigheidsprosesse en -stelsels te fokus.
4. Om die administratiewe werklas van onderwysers te verminder om meer tyd vir onderrig te voorsien. Onderwysers sal betyds van tekste voorsien word, en geleenthede vir vo ortgesette professionele ontwikkeling en opleiding kry. Beamptes sal administratiewe en akademiese ondersteuning soos benodig aan onderwysers en skole voorsien.
5. Om te verseker dat elke klaskamer teks-ryk is met leesboeke vir elke Graad 1-6 klaskamer, en teksboeke vir alle Grade 4 tot 12 vir elke vak, en om meer gebruik van tegnologie te maak ten einde 'n kurrikulum van gehalte in die klaskamer te lewer.
6. Om voedsel en ander armoede-verligting en veiligheidsmaatreëls te verskaf ten einde in die behoeftes van arm leerders te voorsien.
7. Om 'n lys van prioriteite vir instandhouding van infrastruktuur te ontwikkel, en die mees koste-effektiewe en doeltreffende prosedure vir die instandhouding van skole te aanvaar.
8. Om menslike en finansiële hulpbronne na daardie distrikte en skole te ontplooi wat histories onderbesteding ervaar het.
9. Om in-migrasie na die Wes-Kaap te beplan en navorsingsneigings te gebruik om te verseker dat skole en onderwysers beskikbaar is om gehalte-onderwys aan kinders te voorsien wat die provinsie binnekom.
10. Om geteikende bestuursopleiding en ondersteuning in skole aan alle skoolbestuurslede en SBL'e te bied.

9.1 Strategiese Doelstellings

Ten einde die bogenoemde te verwesenlik, het die WKOD strategiese doelstellings per program geïdentifiseer. Dit beteken dat 'n stel teikens en aanwysers prestasie van elke afdeling van die WKOD sal definieer en naspeur.

In *Program 1* (Administrasie) verseker die doelstellings van Korporatiewe Dienste dat finansiële bestuur en bestuur van die verkrygingslyndienste en interne menslike kapitaal deur die bestuur van diens, aanstellings en arbeidsverhoudinge sal plaasvind.

Die doelstellings vir Onderwysbestuur van die Tak vir Kurrikulumbestuur word vervat in planne om die strategie vir geletterdheid en syfervaardigheid te konsolideer ten einde die lae geletterdheid- en syfervaardigheidsvlakke in laerskole om te draai, en om die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring in Grade R tot 9 te versterk. Daar is aanvullende planne om te verseker dat die nodige vaardighede vir kurrikulumbestuur en -ontwikkeling toenemend vir onderwysers in Grade 10 – 12 voorsien word, en dat skole optimale besluite oor die kurrikulum-aanbod neem. Ten einde die Witskrif oor e-Onderrig (Witskrif 7) te implementeer, is daar planne om te verseker dat alle administrateurs, bestuurders, onderwysers en leerders in die Wes-Kaap in staat gestel word om IKT optimaal, met vertroue en kreatief te gebruik ten einde onderrig, leer en administrasie te bevorder. Aangesien tekste 'n kritieke hulpbron is, is daar ook planne om die toenemende ontwikkeling van funksionele distrik- en skoolbiblioteekdienste te verseker.

Planne om sekere te maak dat alle stelsels glad loop, word onder die doelstellings voorsien om die beleidsontwikkeling en wetgewende prosesse in die WKOD in oorleg met alle relevante deelhebbers te koördineer ten einde doeltreffende dienslewering te verseker; om die implementering van beleid, prosesse en prosedures binne die organisasie te moniteer en evalueer; om sowel intern as ekstern gegenereerde data te

gebruik om intervensies vir beleidsimplementering te ontwerp, die optimale benutting van fisiese en finansiële hulpbronne te verseker, en toe te sien dat intervensies en besluite van bestuur op goed nagevorsde empiriese data berus.

Dis is essensieel dat skole veilig moet wees, en dus is die doelstelling om 'n veilige en ondersteunde omgewing daar te stel waar onderrig en verryking optimaal kan plaasvind, van die grootste belang.

'n Verdere kritieke komponent van die stelsel as geheel is mensehulpbronontwikkeling. Die parameters vir deurlopende professionele ontwikkeling en indiensopleiding vir opvoeders en skoolleiers, en die beklemtoning daarvan, word hier gedefinieer en oor verskeie programme heen befonds. Die finale dwarslopende behoefte, om e-Administrasie ter wille van doeltreffendheid en ontwikkeling te bestuur, word geïdentifiseer en planne word in Program 1 gedefinieer.

Program 2 is waar die grootste begroting, nl. dié vir die salarisse van onderwysers hom bevind. Terwyl die Strategiese Doelstellings van Program 1 verseker dat alle dienste daarop ingestel is om skole, en die nodige doeltreffendheid van die stelsel te ondersteun, is die Distrikskantore die raakvlak met skole, sodat die strategiese doelstelling vir hierdie program eenvoudig is dat hierdie kantore optimale dienste aan skole lewer sodat alle leerders en skole optimaal presteer, en die teikens van die WKOD verwesenlik word.

Program 3 spel uit wat die teikens vir die bied van steun aan onafhanklike skole en tuisonderrig is, ooreenkomstig die relevante wetgewing om gehalte-onderwys vir leerders in hierdie skole te verseker.

Program 4 beskrywe die rol en oogmerk om suksesvolle akademiese en sosiale deelname van alle leerders in die kultuur en kurrikulum van onderwysinstansies te maksimaliseer, en om hindernisse vir leer (Onderwys-witskrif 6) te minimaliseer.

In *Program 5* is die rol van die WKOD om steun vir VOO-Kolleges te bied ten einde te verseker dat beplanning vir inrigtings en programme in lyn is om relevante, meelewende programme vir die behoeftes van plaaslike nywerhede, die gemeenskap en die studente te voorsien. Verder sal die fokus daarop wees om 'n bemagtigende omgewing te handhaaf vir die lewer van 'n geïntegreerde teorie/praktyk-program van gehalte, deur institusionele beheer en bestuur en operasionele ondersteuning.

Vir *Program 6* sal steun aan (B)OOV-bestuur en beheer voorsien word deur beleidsontwikkelings- en strategiese intervensies wat doeltreffende kurrikulumlewering in Leersentrums vir Volwassenes fasiliteer. Hier word ook planne uiteengesit om opvoeders en studente by BOOV-persele van departementeel-bestuurde dienste te voorsien, en ook om na die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders om te sien.

Die fokus vir *Program 7* is om aan spesifieke openbare gewone skole en geïdentifiseerde onafhanklike skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R nodig is, en om toestande daar te stel wat meer skole sal aanspoor om Graad R-klasse in bestaande beskikbare klaskamers of nuwe Graad R-klaskamers te vestig. 'n Verdere fokus is om die vlak 1-, 4- en 5- opleiding van VKO-praktisyns te koördineer om hulle in staat te stel om emosionele, kognitiewe, fisiese en gesondheidsorg en 'n stimulerende leeromgewing vir 0- tot 4-jariges te bied.

Onder die hulpdienste van *Program 8* is daar twee strategiese doelstellings. 'n Dwarslopende een is om die geloofwaardigheid van die eksamenerings- en assesseringsprosesse te verbeter; te verseker dat alle skole eksamens en skoolgebaseerde assesserings doeltreffend bestuur; en die proses steun om leerderprestasie te verbeter. Daar word allerweë besef dat gespesialiseerde kragte in sleutelvakke nodig is, en dat die finale doelstelling in hierdie program derhalwe is om fokus- en Dinaledi-skole te ondersteun en te versterk, en om Sentrums van Uitnemendheid vir Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde (WTIW) vir die ontwikkeling van gespesialiseerde kennis en vaardighede te vestig.

Die projekte wat onder Voorwaardelike Toeseggingsloop, word afsonderlik gedefinieer en sluit planne in om na die voeding van behoeftige leerders om te sien, en om 'n omvattende MIV/VIGS-program te handhaaf. Aan die einde van hierdie dokument word die skakel gelê na die WKOD se infrastruktuurplanne vir die lang termyn.

10. Program 1: Administrasie

Doel: Om oorkoepelende bestuur van, en steun aan die onderwysstelsel te voors ien ingevolge die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, en ander relevante beleidsbepalings

Ontleding per subprogram:

Sub-program 1.1: Kantoor van die LUR
om voorsiening te maak vir die funksionering van die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Onderwys

Sub-program 1.2: Korporatiewe Dienste
om vir die onderwysstelsel bestuursdienste te voorsien wat nie onderwysspesifiek is nie
om beperkte voorsiening vir akkommodasiebehoeftes te maak en dit in stand te hou

Sub-program 1.3: Onderwysbestuur
om onderwysbestuursdienste vir die onderwysstelsel te voorsien

Sub-programme 1.4: Mensehulpbronontwikkeling
om mensehulpbronontwikkeling vir kantoorgebaseerde personeel te verskaf

Sub-programme 1.5: Onderwysbestuur-inligtingstelsel (OBIS)
om onderwysbestuur-inligting te voorsien ingevolge die Nasionale Onderwysinligtingbeleid

Sub-program 1.1: Kantoor van die LUR
Die Kantoor van die LUR word ooreenkomstig die Ministeriële Handboek beman, en die gelde in hierdie begroting dek die bedryfskoste van hierdie eenheid.

Sub-program 1.2: Korporatiewe Dienste
Die tak bestaan uit die hoofdirektoraat van Interne Mensekapitaal en die hoofdirektoraat van Finansiële Bestuur. Die aanstelling van opvoeders en staatsdienspersoneel is 'n sleutelaktiwiteit, en die bestuur van vakatures, veral op skoolvlak, is 'n noodsaaklike element om dienslewering op die klaskamervlak te verseker. Korporatiewe bestuur is 'n sleutelkenmerk van finansiële bestuur, en nakoming van die WBOF en ander relevante wetgewing is 'n belangrike aanduider van die welsyn van die organisasie.

Sub-program 1.3: Onderwysbestuur
Onderwysbestuur dek die personeel- en operasionele koste van die Kurrikulum- en Beplanningtakke wat, gekombineerd, die verskeidenheid onderwysbestuur-behoeftes ondersteun – vanaf bestuur van die kurrikulum, deur tot by Gehalteversekering, Navorsing, Besigheidsbeplanning, Beleidskoördinering, Hulpbronbeplanning, Kennisbestuur en Mensekapitaalbeplanning, e-Leer en Biblioteekdienste.

Sub-program 1.4:
Mensehulpbronontwikkeling Hierdie subprogram skakel in die praktyk met dié onder Programme 2 en 8. Saam omvat hulle die Plan vir Werkplekvaardighede en bydraes tot prediens- en indiensopleiding vir onderwysers en skoolbestuurders en ontwikkeling vir beamptes van die departement.

Sub-program 1.5:
*Onderwysbestuur-inligtingstelsel (OBIS)*Die sub-direktoraat Kennisbestuur (KB) is vir die administrasie en voorsiening van bestuursinligting binne die WKOD verantwoordelik. Die elektroniese verslagdoenhulpmiddel vir bestuur wat tans gebruik word, is EduInfoSearch, wat aan alle bestuurders oor die WKOD se intranet beskikbaar is. Die Nasionale Onderwysinligtingbeleid (EIP) en Onderwysinligtingstandaarde (EIS) vereis die versameling van onderwysdata. Die OBIS Verbetering-projek het die formulering van Onderwysinligtingstandaarde en die ontwikkeling van die SA-SAMS (Programmatuur vir die Bestuur van Skoleadministrasie) tot gevolg gehad, om datadefinisies en -formate vir meer doeltreffende data-integrasie te standaardiseer, en so die gehalte van bestuursinligting te verbeter ten einde besluitneming te bekragtig.

10.1 Strategiese doelstellings

Sub-program 1.2 Korporatiewe Dienste	
Strategiese Doelwit 1.1	Om finansiële bestuur en bestuur van verkrygingslyn-dienste te verseker
Doelstellingverklaring	1. Om finansiële bestuursondersteuning en adviesdienste te lewer sodat finansiële state van gehalte deur ouditeerbare dokumentasie verwesenlik, en in lyn met Nasionale Tesourieriglyne gebring word. 2. Om verkrygingslyn-dienste te lewer sodat die aantal afwykings met betrekking tot wetgewende voorskrifte (met inbegrip van aanwysings vir begroting-/verkrygingbeheer) tot aanvaarbare nakomingsvlakke verminder word.
Grondvlak	1. Ongekwalifiseerde ouditverslag2. 28 nakomingsafwykings
Verantwoording	Dit is belangrik dat die organisasie se finansiële bestuur in 'n gesonde toestand is. Tydige verkryging van goedere en dienste sal tydige dienslewering verseker, asook gekontroleerde uitgawes. Dit sal tot die doeltreffendheid en doelmatigheid van die organisasie met betrekking tot die benutting van hulpbronne bydra.
Skakels	Algehele toename in doeltreffendheid en doelmatigheid, met die gevolglike toename in dienslewering, sal die kanse versterk dat skole optimaal in diens van die leerders van die provinsie sal funksioneer. Goedere en dienste wat dienslewering en die optimale benutting van hulpbronne fasiliteer, is essensieel vir die verwesenliking van strategiese doelstellings.
Prestasiemylpale	2010 Ongekwalifiseerde ouditverslag 28 verkrygingsafwykings 2011. Ongekwalifiseerde ouditverslag 20 verkrygingsafwykings 2012. Ongekwalifiseerde ouditverslag 14 verkrygingsafwykings 2013. Ongekwalifiseerde ouditverslag 10 verkrygingsafwykings 2014. Ongekwalifiseerde ouditverslag 5 verkrygingsafwykings
Strategiese Doelwit 1.2	Om interne mensekapitaalbestuur te verseker deur die diensvoorwaardes, aanstellings en arbeidsverhoudings te bestuur.
Doelstellingverklaring	1. Om te verseker dat alle skole permanent aangestelde onderwysers het, deur vyf vakaturelyste per jaar vry te stel en poste binne drie maande na advertensies te vul. 2. Om te verseker dat alle prinsipale kennis dra van hul diensstate, en hul skoolstrukture, verlofprosesse en arbeidsverhoudings bestuur. Alle skole behoort hul toegewysde diensstate vir elke jaar voor die einde van Oktober te hê, en moet verseker dat alle vakante poste vir advertensie ooreenkomstig die nasionale en provinsiale riglyne by die WKOD geregistreer is. 3. Om te verseker dat ondersteuningspersoneel in lyn met die norms en standaarde toebedeel word, en skole by te staan met die proses om poste binne drie maande na advertensies te vul. 4. Om te verseker dat prestasieassessering van alle Staatsdienspersoneel jaarliks voltooi word. 5. Om alle bestuurders in skole in griewehantering en dissiplinêre prosedures op te lei, en hulle met professionele steun by die bestuur daarvan by te staan.

Strategiese Doelwit 1.2	Om interne mensekapitaalbestuur te verseker deur die diensvoorwaardes, aanstellings en arbeidsverhoudings te bestuur.
Grondvlak	Alle werknemers (opvoeders en staatsamptenare) ontvang binne ’n maand na diensaanvaarding voordele in lyn met die relevante Wette. Daar word veronderstel dat skole ’n diensstaat het wat met permanente onderwysers gevul is. Vakatures word tweemaal per jaar geadverteer en prestasieassessering word uitgevoer. Skoolbestuurspanne is in staat om wangedrag/swak prestasie en griewe met wisselende bevoegdheidsvlakke te hanteer.
Verantwoording	1. Dit word deur die wet vereis (Wet op Arbeidsverhoudinge en Wet op Basiese Diensvoorwaardes). 2. Skole benodig bekwame onderwysers, en hierdie onderwysers benodig aanvaarbare diensvoorwaardes soos salarisse en verlof. Beleidsbepalings vir onbekwaamheidsverlof en aftrede weens swak gesondheid (PILR) moet binne ses maande gefinaliseer word. 3. Stelsels vir jaarlikse prestasiebepaling moet daargestel word sodat prestasie deur ondersteuning verhoog, en goeie prestasie beloon word. 4. Geskille en ontevredenheid moet op ’n professionele wyse bestuur word. Vandaar die behoefte aan ’n grieweprosedure vir onderwysers/werknemers aan die een kant, en aan die ander kant prosedures en kodes vir die werkgewer.
Skakels	Alle leerders sal onderwysers hê, en onderwys sal reg deur die skooldag en die akademiese jaar plaasvind. Die tydige aanstelling van bekwame onderwysers vorm ’n direkte skakel met doeltreffende onderwys en leer, gekenmerk deur waardetoevoeging. Indien die posvulmetode geloofwaardig is, sal daar voldoende applikante vir onderwysposte wees, sowel as ’n vermindering van die aantal tydelike onderwysers in die stelsel. Om skoolbestuurspanne in mensehulpbron-kwessies soos dissiplinêre prosedures en griewehantering op te lei, sal skoolbestuurstelsels verbeter.
Prestasiemylpale	2010. Vakaturelys vyf maal per jaar vrygestel. Prestasie-oorsigte elke kwartaal. Dissiplinêre aksie binne 3 maande gefinaliseer, en griewe binne 30 dae. 2011. Vakaturelys vyf maal per jaar vrygestel. Prestasie-oorsigte elke kwartaal. Dissiplinêre aksie binne 3 maande gefinaliseer, en griewe binne 30 dae. 2012. Vakaturelys vyf maal per jaar vrygestel. Prestasie-oorsigte elke kwartaal. Dissiplinêre aksie binne 3 maande gefinaliseer, en griewe binne 30 dae. 2013. Vakaturelys vyf maal per jaar vrygestel. Prestasie maandeliks, en assesserings kwartaalliks gemoniteer. Dissiplinêre aksie binne 3 maande gefinaliseer, en griewe binne 30 dae. 2014. Vakaturelys vyf maal per jaar vrygestel. Prestasie maandeliks, en assesserings kwartaalliks gemoniteer. Dissiplinêre aksie binne 3 maande gefinaliseer, en griewe binne 30 dae.

Sub-program 1.3 Onderwysbestuur – Tak: Kurrikulum	
Strategiese Doelwit 1.3	Om die strategie vir geletterdheid en syfervaardigheid te konsolideer ten einde die lae geletterdheid- en syfervaardigheidsvlakke in laerskole om te draai, en om die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring in Grade R tot 9 te versterk.
Doelstellingverklaring	1.1 Sistemiese onderwyser-ondersteuning in inhoud en metodologie vir syfervaardigheid en geletterdheid deur ’n langtermyn skoolgebaseerde intervensiemodel vir alle skole, in fases uitgerol tot 2016. 1.2 Voorsien ondersteuningsmateriaal vir leer- en onderrig om geletterdheid en syfervaardigheid te versterk.

Strategiese Doelwit 1.3	Om die strategie vir geletterdheid en syfervaardigheid te konsolideer ten einde die lae geletterdheid- en syfervaardigheidsvlakke in laerskole om te draai, en om die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring in Grade R tot 9 te versterk.
Doelstellingverklaring	1.3 Vestig 'n uitgebreide databasis en navorsingsagenda. 1.4 Voorsien geletterdheid- en syfervaardigheidsprogramme vir die gesin en die gemeenskap. 1.5 Maak seker dat bestuurders bevoeg is om die NKV doeltreffend te implementeer. 1.6 Verhoog die gehalte van assesseringspraktyke in die klaskamer. 1.7 Verseker die implementering van inklusiewe onderwys in die kurrikulum. 1.8 Verseker die gehalte van onderrig-, leer- en assesseringsprosesse. 1.9 Implementeer 'n doeltreffende monitering- en ondersteuningstelsel om uitvoering te gee aan die kurrikulum. 1.10 Verlaag die uitsaksyfer en verhoog die retensiekoers doeltreffend.
Grondvlak	1.1 Die provinsiale Geletterdheid- en Syfervaardigheidstrategie (2006) vurk die volgende aspekte in: onderwysontwikkeling, navorsing, aandag aan die ontwikkeling van sowel die huistaal as die taal van onderrig en leer, gesinsgeletterdheid en hulpbronne. 1.2 'n Langtermyn, plekgebaseerde intervensie is vir 2008 tot 2016 beplan. Tot op hede is die volgende gedoen: ▪ Alle Kurrikulumadviseurs en Leerondersteuningadviseurs het opleiding in Wiskunde en Tale ontvang. ▪ 125 skole is vir 'n syfervaardigheidsintervensie geselekteer, en daar is met 'n volgehoue opleiding- en ondersteuningsprogram vir die onderwysers begin. ▪ 125 Skole is vir 'n geletterdheidsintervensie geselekteer, en daar is met 'n volgehoue opleiding- en ondersteuningsprogram vir die onderwysers begin. 1.3 In 2009 is alle Graad 1- tot 6-onderwysers van werkskedules en onderwyser-handleidings in Syfervaardigheid/Wiskunde en Tale voorsien, wat verseker dat die kurrikulum gedek word, die pas vir implementering aangee, en 'n assesseringsplan en idees vir onderrig voorsien. 1.3.1 Werkskedules vir Grade 7 tot 9 is vir 2010 ontwikkel. 1.4 Werkskedules vir Graad R is in 2006 voorsien, en Kurrikulumadviseurs is opgelei. 1.4.1 Graad R-werkskedules is vir 2010 ontwikkel, sowel as oriënteringswerkswinkels vir departementshoofde en beamptes. 1.5 Geletterdheid- en Syfervaardigheidsprogramme vir gesinne is as 'n loodsstudie deur onderwysassistente in 28 skole geïmplementeer. 1.6 Sedert 2002 word diagnostiese toetse tweemaal per jaar deur alle leerders in Graad 3 en Graad 6 afgelê. Prestasievlakke is soos volg: Graad 3 (2008): Geletterdheid 54%; Syfervaardigheid 35%; Graad 6 (2007):Geletterdheid 44.8%; Syfervaardigheid 14%. In 2009 is 64 skole vir onderrig en leer geassesseer, en 'n grondlyn is vir die Geletterdheid- en Syfervaardigheidintervensie bepaal. 1.7 'n Algemene provinsiale instrument is ontwikkel om die implementering van Geletterdheid en Syfervaardigheid te moniteer. 'n Grondlyn-assesseringsplan is vir Graad 1-onderwysers ontwikkel. 100 beamptes is opgelei om die Geletterdheid- en Syfervaardigheidspraktyk te moniteer.

Strategiese Doelwit 1.3	Om die strategie vir geletterdheid en syfervaardigheid te konsolideer ten einde die lae geletterdheid- en syfervaardigheidsvlakke in laerskole om te draai, en om die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring in Grade R tot 9 te versterk.
Grondvlak	1.8 Relevante stelsels en strukture is in plek om die Geletterdheid- en Syfervaardigheidsinisiatiewe aan te dryf. 1.9 Elke skool het 'n gereedskappakket vir Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie vir die Grondslagfase en die Interrnediêre Fase ontvang. Elke onderwyser (Grade 1 tot 6) het 'n Hoofwiskundeboek ontvang. Onderwysers in die Intermediêre Fase het 'n itembank van assesseringstake vir Wiskunde ontvang. Elke span vir die Intermediêre Fase het 'n stel van 60 muurkaarte ontvang. 250 Skole het leesskemas (Grade 1 tot 3) en leesboeke (Grade 4 tot 6) ontvang. Alle skole met die Intermediêre Fase het 'n Leesintervensieprogram ontvang. 342 Skole het gereedskappakkette vir Geletterdheid en Syfervaardigheid ontvang. 1.10 Onderwysers is van kurrikuluminhoud en -opleiding voorsien ten einde doeltreffende onderrig te gee. 1.11 Kurrikulumadviseurs en onderwysers is vir die Nasionale Assesseringsbeleid opgelei om onderrig en leer te versterk. 1.12 Hulpbronmateriaal is ontwikkel om onderwysers te ondersteun wat leerders met leerhindernisse moet help. 1.13 Kurrikulumadviseurs het opleiding en toerusting ontvang om die implementering van die NKV te moniteer. 1.14 Diagnostiese toetse tweemaal per jaar voorsien prestasie-aanwysers.
Verantwoording	Om die Geletterdheid- en Syfervaardigheidstrategie te konsolideer, sal 'n verbetering van leerders se geletterdheid- en syfervaardigheidsvlakke in die hand werk. Onderwysers sal beter toegerus en ondersteun wees om die kurrikulum te lewer en leerders se prestasie te verbeter.
Skakels	Nasionale beleid in die vorm van die Nasionale Kurrikulumverklaring, die Grondslag vir Leer Veldtog, die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk, en internasionale ooreenkomste soos die Millenium-ontwikkelingsdoelwitte.
Prestasiemylpale	2010 • Voortsetting van Fase Een: Geletterdheid- en Syfervaardigheidsintervensie – 250 skole ontvang opleiding, ondersteuning en LOOM. • Jaarlikse assesserings in Grade 1 tot 6 vir die Grondslae vir Leer-program. • Ontwikkel riglyne oor assesseringstake vir Grade R tot 9, ingeskakel by werkskedules en onderwysriglyne. • Produseer en pas werkskedules aan vir die spesifieke behoeftes van spesiale skole. • Ontwikkel 'n leerbaan vir vaardigheidskole en voer dit in. • Hersien die kurrikulum vir skole vir dowes. • Lei Graad R-onderwysers op. • Ontwikkel onderwysers in alle leerareas. • Voorsien LOOM, leesboeke, handboeke, muurkaarte en hanteerbare goedere aan alle skole om onderrig en leer te verbeter. • Skep inklusiewe klaskamers. • Ondersteun die invoer van kurrikulumaanpassings wat vir 2011 voorgestel is. • Bied IDOO-kursusse by die KOLI aan. 2011 • Fase 2: Geletterdheid- en Syfervaardigheidsintervensie – 'n nuwe groep skole geselekteer om opleiding, ondersteuning en LOOM te ontvang. • Ondersteun onderwysers op werkskedules vanaf Grade R tot 9. • Ondersteun onderwysers in die gebruik van assesseringstake vir Grade R tot 9. • Voorsien voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan spesiale skole, veral vaardigheidskole en skole vir dowes. • Versterk die integrasie van Graad R in die Grondslagfase. • Ontwikkel 'n voor-Graad R-kurrikulum .

Strategiese Doelwit 1.3	Om die strategie vir geletterdheid en syfervaardigheid te konsolideer ten einde die lae geletterdheid- en syfervaardigheidsvlakke in laerskole om te draai, en om die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring in Grade R tot 9 te versterk.
Prestasiemylpale	2011 (vervolg) • Voorsien ondersteuning vir die onderrig en assessering van die kurrikulum. • Voorsien LOOM, leesboeke, handboeke, muurkaarte en hanteerbare goedere aan alle skole om onderrig en leer te verbeter. • Skep inklusiewe klaskamers. • Bied IDOO-kursusse by die KOLI aan. 2012 • Voortsetting van Fase Twee: Geletterdheid- en Syfervaardigheidintervensie • Voorsien voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan onderwysers oor die NKV- en Assesseringspraktyke • Voorsien voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan spesiale skole, veral vaardigheidskole en skole vir dowes • Versterk die integrasie van Graad R in die Grondslagfase • Versterk die integrasie van voor-Graad R in die onderwysstelsel • Voorsien LOOM, leesboeke, handboeke, muurkaarte en hanteerbare goedere aan alle skole om onderrig en leer te verbeter • Voorsien voortgesette ontwikkelingsteun vir inklusiewe klaskamerpraktyk • Bied IDOO-kursusse by die KOLI aan 2013 • Fase Drie: Geletterdheid- en Syfervaardigheidsintervensie – 'n nuwe groep skole geselekteer om opleiding, ondersteuning en LOOM te ontvang • Voorsien voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan onderwysers oor die NKV- en Assesseringspraktyke • Voorsien voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan spesiale skole, veral vaardigheidskole en skole vir dowes • Versterk die integrasie van Graad R in die Grondslagfase • Versterk die integrasie van voor-Graad R in die onderwysstelsel • Voorsien LOOM, leesboeke, handboeke, muurkaarte en hanteerbare goedere aan alle skole om onderrig en leer te verbeter • Voorsien voortgesette ontwikkelingsteun vir inklusiewe klaskamerpraktyk • Bied IDOO-kursusse by die KOLI aan 2014 • Voortsetting van Fase Drie: Geletterdheid- en Syfervaardigheidintervensie • Voorsien voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan onderwysers oor die NKV- en Assesseringspraktyke • Voorsien voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan spesiale skole, veral vaardigheidskole en skole vir dowes • Voorsien LOOM, leesboeke, handboeke, muurkaarte en hanteerbare goedere aan alle skole om onderrig en leer te verbeter • Versterk die integrasie van Graad R in die Grondslagfase • Versterk die integrasie van voor-Graad R in die onderwysstelsel • Voorsien LOOM bv. leesboeke, muurkaarte en hanteerbare goedere aan alle skole om onderrig en leer te verbeter • Voorsien voortgesette ontwikkelingsteun vir inklusiewe klaskamerpraktyk • Bied IDOO-kursusse by die KOLI aan

Strategiese Doelwit 1.4	Om te verseker dat die nodige vaardighede vir kurrikulumbestuur en -ontwikkeling toenemend vir onderwysers in Grade 10 – 12 voorsien word, en dat skole optimale besluite oor die kurrikulum-aanbod neem.
Doelstellingverklaring	Deur leermateriaal en -toerusting en beleidsbepalings vir opleiding en hulp te voorsien, en deur direkte skakeling met skole, sal die WKOD tot die bou van kennis en vaardighede by onderwysers bydra, ten einde te verseker dat hulle die akademiese vereistes van die kurrikulum dek, die pas vir akademiese lewering aangee, en ondersteuning bestuur ten einde akademiese prestasie te verbeter.
Grondvlak	In 2009 is die Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen (NSS) deur 44 931 leerders afgelê. Die Wes-Kaap het die hoogste slaagsyfer van 75,1% gehandhaaf. Daar was egter 'n afname van 2,96% vergeleke met die slaagsyfer van 78,67% wat in 2008 behaal is. 'n Totaal van 14 324 (31,88%) kandidate het die NSS behaal met toegang tot 'n Baccalaureusgraad, terwyl 6 988 kandidate die NSS behaal het met toegang tot 'n Hoër Sertifikaat, en 12 677 die NSS behaal het met toegang tot 'n Diploma. Wat die gehalte van dié wat geslaag het betref, was daar vanaf 2008 tot 2009 'n afname van 1,16% van leerders met toegang tot B-grade. 'n Totaal van 210 kandidate het in 2009 Wiskunde geskryf, en 'n totaal van 13 349 het Natuurwetenskap geskryf. 68% van die kandidate het Wiskunde geslaag, en 52,9% van die kandidate het Natuurwetenskap geslaag.
Verantwoording	Daar was 'n geleidelike afname in die slaagsyfer aan die einde van die Graad 12-jaar. In 2009 is 85 hoërskole as onderpresteerders geklassifiseer. Dit beteken dat ongeveer 20% van ons hoërskole nie akademiese diens aan leerders lewer nie, of tot 25% indien ons die skole in ag neem wat in en uit hierdie prestasiekategorie beweeg. Daar moet besliste maatreëls geneem word om die situasie die hoof te bied.
Skakels	Skakels met tersiêre instansies sal met die opleiding en ondersteuning van opvoeders help. Daar is rolle vir mentor-onderwysers en opsigter-prinsipale. Ondersteuning kan deur afgestudeerde leerlinge, afgetrede onderwysers, of deskundige of leiersonderwysers gebied word. Dwarslopende skakels met ander staatsdepartemente sal ondersteuning vir inisiatiewe teen dwelms insluit. Swak leerders en gesinne met kinders aan die hoof het ondersteuning nodig. Leerders behoort toegang tot biblioteke te hê, en huise sonder elektrisiteit het aandag nodig.
Prestasiemylpale	2010 • Ontwikkel assesseringstake vir Grade 10 tot 12 • Produseer en pas werkskedules aan vir die spesifieke behoeftes van spesiale skole • Voorsien voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan spesiale skole, met spesiale verwysing na skole vir die dowes • Ontwikkel onderwysers vir vakinhoudkennis • Voorsien LOOM vir Graad 12-leerders ten einde onderrig en leer te verbeter • Skep inklusiewe klaskamers • Verbeter die gehalte van Graad 12-uitslae 2011 • Ontwikkel assesseringstake vir Grade 10 tot 12 • Produseer en pas werkskedules en voorbeelde aan vir die spesifieke behoeftes van spesiale skole. • Hersien die kurrikulum vir skole vir dowes • Ontwikkel onderwysers vir vakinhoudkennis • Voorsien LOOM vir Graad 10- en 11-leerders ten einde onderrig en leer te verbeter • Voorsien voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan onderwysers oor die NKV- en Assesseringspraktyke • Voorsien deurlopende ontwikkeling en ondersteuning vir spesiale skole • Voorsien voortgesette ontwikkelingsteun vir inklusiewe klaskamerpraktyk 2012 • Voorsien voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan onderwysers oor die NKV- en Assesseringspraktyke • Voorsien deurlopende ontwikkeling en ondersteuning vir spesiale skole • Voorsien LOOM om onderrig en leer te verbeter • Ontwikkel onderwysers vir vakinhoudkennis • Voorsien voortgesette ontwikkelingsteun vir inklusiewe klaskamerpraktyk

Strategiese Doelwit 1.4	Om te verseker dat die nodige vaardighede vir kurrikulumbestuur en -ontwikkeling toenemend vir onderwysers in Grade 10 – 12 voorsien word, en dat skole optimale besluite oor die kurrikulum-aanbod neem.
Prestasiemylpale	2013 • Voorsien voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan onderwysers oor die NKV- en Assesseringspraktyke • Voorsien deurlopende ontwikkeling en ondersteuning vir spesiale skole • Voorsien LOOM om onderrig en leer te verbeter • Ontwikkel onderwysers vir vakinhoudkennis • Voorsien voortgesette ontwikkelingsteun vir inklusiewe klaskamerpraktyk 2014 • Voorsien voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan onderwysers oor die NKV- en Assesseringspraktyke • Ontwikkel onderwysers vir vakinhoudkennis • Voorsien deurlopende ontwikkeling en ondersteuning vir spesiale skole • Voorsien LOOM om onderrig en leer te verbeter • Voorsien voortgesette ontwikkelingsteun vir inklusiewe klaskamerpraktyk
Strategiese Doelwit 1.5	Om die Witskrif oor e-Onderwys (Witskrif 7) en die Konsep Nasionale Riglyne vir Skoolbiblioteekdienste te implementeer ten einde te verseker dat alle administrateurs, bestuurders, onderwysers en leerders in die Wes-Kaap in staat gestel word om IKT optimaal, met vertroue en kreatief te gebruik ten einde onderrig, leer en administrasie te bevorder, en die toenemende ontwikkeling van funksionele distrik- en skoolbiblioteekdienste te verseker ter ondersteuning van die ontwikkeling van geletterdheid en syfervaardigheid, sowel as hulpbrongebaseerde onderrig en leer.
Doelstellingverklaring	*Beleidsontwikkeling* 1. Ontwikkel en implementeer beleidsbepalings wat op die opvoedkundige benutting van inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) betrekking het. 2. Ontwikkel en implementeer beleidsbepalings wat op die Konsep Nasionale Riglyne vir Skoolbiblioteekdienste betrekking het. *Professionele Ontwikkeling* 3. Professionele ontwikkeling in IKT wat uit aangesig-tot-aangesig opleidingsessies by alle ingangsvlakke bestaan, aanvaarding, aanpassing en vernuwing vir alle onderwysers, kurrikulumbeplanners en kurrikulumadviseurs. 4. Om voorspraak te maak en ondersteuning te werf vir die implementering van die Konsep Nasionale Riglyne vir Skoolbiblioteekdienste, deur voordragte aan onderwys- en bestuursgroepe wanneer die dokument gefinaliseer en amptelik verklaar is. 5. Bykomstige professionele ontwikkeling vir onderwysers in bevel by PGOOO-skoolbiblioteke wat nog nie opleidingskursusse bygewoon het nie. *Toegang tot IKT en Biblioteekhulpbronne* 6. Toegang tot IKT-infrastruktuur en -stelsels in alle skole in die WKOD. 7. Toegang vir WKOD-beamptes, onderwysers en leerders tot digitale, elektroniese, oudio-visuele en gedrukte inligting by die EDULIS-biblioteek, sy takke, en distrikshulpbronsentra. *Hulpbronne en e-Inhoud* 8. Toegang tot digitale inhoud vir leerders, onderwysers en kantoorgebaseerde personeel. Toegang vir alle skole tot 'n lys aanbevole programmatuur wat op die CMS aan kurrikulum- en tegniese evaluering blootgestel was. 9. Ontwikkel 'n groep ontwerpers en ontwikkelaars van digitale inhoud uit onderwysers en kurrikulumadviseurs wat in die praktyk staan. 10. Teken vir toepaslike e-hulpbronne in. *Gemeenskapsbetrokkenheid* 11. Bevorder gemeenskapsbetrokkenheid deur skole met IKT-infrastruktuur en biblioteke/ hulpbronsentra aan te spoor om hul skole en persele vir hul gemeenskappe oop te stel ten einde insluiting en lewenslange leer te bevorder, en sodoende as e-Leer en e-Inligtingsentra te fungeer.

Strategiese Doelwit 1.5	Om die Witskrif oor e-Onderwys (Witskrif 7) en die Konsep Nasionale Riglyne vir Skoolbiblioteekdienste te implementeer ten einde te verseker dat alle administrateurs, bestuurders, onderwysers en leerders in die Wes-Kaap in staat gestel word om IKT optimaal, met vertroue en kreatief te gebruik ten einde onderrig, leer en administrasie te bevorder, en die toenemende ontwikkeling van funksionele distrik- en skoolbiblioteekdienste te verseker ter ondersteuning van die ontwikkeling van geletterdheid en syfervaardigheid, sowel as hulpbrongebaseerde onderrig en leer.
Doelstellingverklaring	*Navorsing en Ontwikkeling* 12. Wees betrokke by navorsing en ontwikkeling ten einde huidige praktyke te assesseer, en nuwe tegnologieë, metodologieë en tegnieke te verken, uit te toets en daarmee te eksperimenteer, ten einde besluite te rig wat met die ontplooiing en gebruik daarvan saamhang, ten einde leer, onderrig en administrasie van gehalte te bevorder. 13. Ondersoek beste biblioteekpraktyk en inligtingtegnologie ten einde opvoedkundige navorsing, beleid en pedagogie te ondersteun. *Aansluitbaarheid* 14. Verseker aansluitbaarheid sodat skole toegang sal hê tot stelsels en hulpbronne vir onderrig- en leerdoeleindes.
Grondvlak	*Beleidsontwikkeling*1. Daar bestaan ’n provinsiale riglyn vir e-Leer wat uit die e-Onderwys-Witskrif voortspruit. Die Riglyn vir Onderwysopleiding en Professionele Ontwikkeling in IKT word geïmplementeer. 2. Die Konsep Nasionale Skoolbiblioteekbeleid en die Konsep Nasionale Riglyne vir Skoolbiblioteekdienste is vir gebruik op die provinsiale vlak aanvaar. *Professionele Ontwikkeling* 3. IKT professionele ontwikkeling: opleiding vir die intreevlak word vir die hele personeel aangebied wanneer ’n rekenaarbiblioteek opgestel word wat spesifiek vir die geïnstalleerde programmatuur is. Die huidige syfer vir opgeleide onderwysers is 24 417. Verder het ongeveer 5 000 onderwysers opleidingskursusse bygewoon. 4. Professionele ontwikkeling by EDULIS-Biblioteke en Distrikshulpbronsentrums vind op ’n deurlopende *ad hoc*-basis plaas. Hoofkantoor- en Distrikskantoorbeamptes word in die naslaan van e-tydskrifte en e-boeke opgelei. *Toegang tot IKT en Biblioteekhulpbronne* 5. Toegang tot IKT-infrastruktuur en -stelsels: tot op hede is rekenaarfasiliteite deur die Khanya-projek aan 1 102 skole voorsien. Alle hoërskole beskik oor minstens een rekenaar, Teen November 2009 is alleenstaande toegangspunte vir digitale inhoud in 5 Onderwysdistrikte voorsien. Daar is ’n Kurrikulum-webwerf. Die Leer-bestuurstelsel (LBS) is ’n loodsinstallasie, en die finale implementering sal in 2010 plaasvind. 6. Die EDULIS-biblioteek, sy takke en distrikhulpbronsentra, sowel as 2 van die 5 mobiele biblioteke, voorsien ’n aanlyn verspreidingsdiens via die EDUPALS geoutomatiseerde biblioteekstelsel wat in 2010 deur die Brocade-stelsel vervang word. Die EDULIS-webwerf skakel by die kurrikulum, IHCD en beleidontwikkelingswebwerwe in ten einde vir kliënte toegang tot inligtinghulpbronne te gee. *Hulpbronne en e-Inhoud* 7. e-Inhoud: ’n Aanbevole lys van geëvalueerde opvoedkundige programmatuur is op die Kurrikulum-webwerf beskikbaar, en word elke kwartaal bygewerk. Daar is ’n stelsel in plek vir die kurrikulumverwante en tegniese evaluering van opvoedkundige programmatuur wat aan die WKOD voorgelê word. Hoofkantoor Subdirektoraat: Personeel vir e-Leer het begin met die versameling van leervoorwerpe en digitale leerhulpbronne. 8. Die EDULIS-biblioteek, sy takke en distrikhulpbronsentrums maak ’n wye verskeidenheid van e-inhoud via e-tydskrifte, e-boeke, CD-ROM's en CD's beskikbaar. Die lewering van ’n doeltreffende moderne biblioteek en inligtingsdiens hang onder meer van sosiale netwerkhulpmiddels af. *Navorsing en Ontwikkeling* 9. Navorsing en ontwikkeling: webinare, sosiale netwerkhulpmiddels en mobiele tegnologieë word getoets (die toetsing is gedoen met ’n ontwerp van die CMS). *Aansluitbaarheid* 10. Aansluitbaarheid is uiters stadig. Baie skole gebruik die skakelprosedure, en party gebruik ADSL. Daar is skole wat nie toegang tot die internet het nie. 11. 30% van WKOD-skole het skoolbiblioteke, maar nie almal van hulle is funksioneel nie. Min onderwysers is opgelei om ’n skoolbiblioteek te administreer.

Strategiese Doelwit 1.5	Om die Witskrif oor e-Onderwys (Witskrif 7) en die Konsep Nasionale Riglyne vir Skoolbiblioteekdienste te implementeer ten einde te verseker dat alle administrateurs, bestuurders, onderwysers en leerders in die Wes-Kaap in staat gestel word om IKT optimaal, met vertroue en kreatief te gebruik ten einde onderrig, leer en administrasie te bevorder, en die toenemende ontwikkeling van funksionele distrik- en skoolbiblioteekdienste te verseker ter ondersteuning van die ontwikkeling van geletterdheid en syfervaardigheid, sowel as hulpbrongebaseerde onderrig en leer.
Verantwoording	Die strategiese doelstelling sal tot die nasionale doelwit van die e-Onderwys-witskrif bydra, en ook verder tot die verbetering van onderrig en leer deur IKT-infrastruktuur, relevante professionele ontwikkeling en toegang tot gehaltehulpbronne bydra. Biblioteke voorsien inligting en idees wat grondliggend is aan vandag se inligting- en kennisgebaseerde samelewing. Die vestiging van funksionele skoolbiblioteke word deur die Nasionale Riglyne vir Skoolbiblioteekdienste aangespoor, ten einde noodsaaklike biblioteekgebaseerde onderrig- en leerhulpbronne te voorsien.
Skakels	1. Soos die *de facto* kommunikasiemedium steeds meer digitaal word, bied e-Leer geleenthede om geletterdheid en syfervaardigheid deur 'n relevante en ryk medium te bevorder. 2. Om te verseker dat alle hoërskole toereikend presteer, kan verwesenlik word deur toegang tot relevante dokumentasie (LMS, CMS) en professionele ontwikkelingsessies gebaseer op die bevindings en ontwikkelings van die navorsing- en ontwikkelingsprosesse te voorsien. Verder voorsien sosiale netwerkhulpmiddels ideale geleenthede vir die ontwikkeling van aanlyn-gemeenskappe in die praktyk, wat in toenemende mate 'n deurslaggewende rol sal speel om onderwysers in kontak met mekaar te bring, kennis saam te voeg, en ondersteuning vir onderwysers (en leerders) te voorsien – dikwels in werklike tyd, en waar hulle ook al mag wees. 3. Die EDULIS-biblioteek, sy takke en distrikhulpbronsentra ondersteun die beamptes van die WKOD, met inbegrip van bestuurders, navorsers, gespesialiseerde onderwys- en kurrikulum-spesialiste, en opvoeders in aspekte soos die WKOD se Geletterdheid- en Syfervaardigheidstrategie, sowel as alle leerareas/vakke, deur hulpbronne aan beplanners en adviseurs te bied wat hulle in staat stel om opvoeders op te lei en te bestuur. 4. Skoolbiblioteke in laer- en hoërskole ondersteun die WKOD se Geletterdheid- en Syfervaardigheidstrategie en die verbetering van lees, en verryk die kurrikuluminhoud in alle leerareas/vakke soos deur die NKV vereis. Skoolbiblioteekdienste steun die verwerwing van vaardighede in inligtingvaardigheid en prosesseer en gebruik inligtingshulpbronne in verskillende formate wat integraal is by die doeltreffende lewering van e-Leer.
Prestasiemylpale	2010 • 'n e-Leer-platvorm wat uit sosiale netwerktegnologieë en 'n Leerbestuurstelsel bestaan wat webwerwe inkorporeer • 'n Bykomstige 150 rekenaarfasiliteite aan skole voorsien • Loodsstudie vir webinaar-fasilieit • Loodsstudie vir m-Leer-fasiliteit • Begin met digitale biblioteke in alle distrikte • Begin met die depot vir leervoorwerpe en digitale lesse • 5 Onderwysdistrik Hulpbronsentrums is met alleenstaande onderrig-/leer-hulpbronne en toegangspunte vir dokumentasie- en vrygoedere voorsien. • Opleidingfasiliteit in 2 Onderwysdistrikte opgestel • Begin met IKT-opleiding op die vlakke van aanvaarding, aanwending, innovering en inkorporering van die endgebruiker se LMS-bevoegdhede en inhoudontwikkeling • Ten volle funksionele EDULIS-webwerf met volmag, en uitbreiding van aanlyn-toegang vir gebruikers • Ontwikkel die distrikhulpbronsentrums (personeel, versamelings, dienste) verder, spoor gebruik van die biblioteekdepotmodel aan, en voorsien steun by die vestiging van bykomstige hulpbronsentra. • Ontwikkel die mobiele biblioteekdiens verder. • Verdere professionele ontwikkeling vir onderwysers soos benodig.

Strategiese Doelwit 1.5	Om die Witskrif oor e-Onderwys (Witskrif 7) en die Konsep Nasionale Riglyne vir Skoolbiblioteekdienste te implementeer ten einde te verseker dat alle administrateurs, bestuurders, onderwysers en leerders in die Wes-Kaap in staat gestel word om IKT optimaal, met vertroue en kreatief te gebruik ten einde onderrig, leer en administrasie te bevorder, en die toenemende ontwikkeling van funksionele distrik- en skoolbiblioteekdienste te verseker ter ondersteuning van die ontwikkeling van geletterdheid en syfervaardigheid, sowel as hulpbrongebaseerde onderrig en leer.
Prestasiemylpale	2011 • Webinaar-fasiliteit • m-Leer-fasiliteit • IKT-opleidingsfasititeit in 2 van die Onderwysdistrikte • Oorblywende Onderwysdistrik Hulpbronsentrums is met alleenstaande onderrig-/leer-hulpbronne en toegangspunte vir dokumentasie- en vrygoedere voorsien. • 'n Bykomstige 150 rekenaarfasiliteite aan skole voorsien • Uitbreiding van die depot vir leervoorwerpe en digitale lesse • Digitale biblioteke in alle Onderwysdistrikte • IKT-opleidingsprogram vanaf die toetreevlak tot by innovering en die inkorporering van administrateur en kursusskepper, LMS-bekwaamhede en inhoudontwikkeling • Ontwikkel die distrikhulpbronsentrums (personeel, versamelings, dienste) verder, spoor gebruik van die biblioteekdepotmodel aan, en voorsien steun by die vestiging van bykomstige hulpbronsentra. • Ontwikkel die mobiele biblioteekdiens verder. • Verdere professionele ontwikkeling vir onderwysers soos benodig. 2012 • Laaste oorblywende skole van rekenaarfasiliteite voorsien • IKT-opleidingsfasiliteite in 'n verdere 2 Onderwysdistrikte • Volledig geïntegreerde opleidingsprogram in 4 van die Onderwysdistrikte • Uitbreiding van die depot vir leervoorwerpe en digitale lesse • IKT-opleidingsprogram vanaf die toetreevlak tot by innovering en die inkorporering van administrateur en kursusskepper, LMS-bekwaamhede en inhoudontwikkeling. • Ontwikkel die distrikhulpbronsentrums (personeel, versamelings, dienste) verder, spoor gebruik van die biblioteekdepotmodel aan, en voorsien steun by die vestiging van bykomstige hulpbronsentra. • Ontwikkel die mobiele biblioteekdiens verder. • Verdere professionele ontwikkeling vir onderwysers soos benodig. 2013 • IKT-opleidingsfasiliteite in 'n verdere 2 Onderwysdistrikte • Volledig geïntegreerde opleidingsprogram in 6 van die Onderwysdistrikte • Uitbreiding van die depot vir leervoorwerpe en digitale lesse • IKT-opleidingsprogram vanaf die toetreevlak tot by innovering en die inkorporering van administrateur en kursusskepper, LMS-bekwaamhede en inhoudontwikkeling. • Ontwikkel die distrikhulpbronsentrums (personeel, versamelings, dienste) verder, spoor gebruik van die biblioteekdepotmodel aan, en voorsien steun by die vestiging van bykomstige hulpbronsentra. • Ontwikkel die mobiele biblioteekdiens verder. • Verdere professionele ontwikkeling vir onderwysers soos benodig. 2014 • IKT-opleidingsfasiliteite in 'n verdere 2 Onderwysdistrikte • Volledig geïntegreerde IKT-opleidingsprogram in 8 van die Onderwysdistrikte • Uitbreiding van die depot vir leervoorwerpe en digitale lesse • IKT-opleidingsprogram vanaf die toetreevlak tot by innovering en die inkorporering van administrateur en kursusskepper, LMS-bekwaamhede en inhoudontwikkeling. • Ontwikkel die distrikhulpbronsentrums (personeel, versamelings, dienste) verder, spoor gebruik van die biblioteekdepotmodel aan, en voorsien steun by die vestiging van bykomstige hulpbronsentra. • Ontwikkel die mobiele biblioteekdiens verder. • Verdere professionele ontwikkeling vir onderwysers by PGOOO-projekskole soos benodig.

Sub-program 1.3 Onderwysbestuur – Takbeplanning	
Strategiese Doelwit 1.6	Om die polisontwikkeling- en wetgewende proses in die WKOD in oorleg met alle relevante deelhebbers te koördineer, ten einde doeltreffende dienslewering te verseker
Doelstellingverklaring	Om die WKOD van 'n geïntegreerde, stelselmatige proses te voorsien om beleid te inisieer, te ontwikkel, te koördineer en binne die geskikte wetlike raamwerk in lyn te bring , en om beleidsadvies en leiding te voorsien wat gelykheid en regstelling bevorder, terwyl verseker word dat alle raadgewende liggame deelneem om gehalte-onderwys vir almal te verwesenlik.
Grondvlak	'n Beleidontwikkelingsraamwerk is ontwikkel om 'n uniforme proses te skep ten einde te verseker dat beleidsontwikkeling grondwetlike opdragte nakom. Die raamwerk dien om die daarstel van 'n beleid te lei, vanaf die begin, tot by die implementering, die monitering en die evaluering daarvan.
Verantwoording	'n Gekoördineerde provinsiale beleidsontwikkeling- en wetgewende raamwerk word benodig om te bepaal of die beleid soos beplan geïmplementeer is; of die doelstellings en beoogde uitkomste verwesenlik is. Die relevantheid van beleid, wat doeltreffendheid, doelmatigheid, impak en volhoubaarheid insluit, word deur die implementering van 'n goed gekoördineerde evalueringstrategie bepaal. Dit bied die wigte en teenwigte om te verseker dat die beleidsproses op koers is; bepaal of die beleid deur die bedoelde ontvangers daarvan aanvaar is; stel vas of die verlangde veranderings of verbeterings aangebring is, en voorsien inligting vir moontlike hersiening en wysiging. Hierdie gekoördineerde benadering tot provinsiale beleidsontwikkeling sal verseker dat die burgerlike samelewing die geleentheid kry om uitsprake oor die voorgestelde beleid te maak en toegang tot gepubliseerde beleid- en implementeringsplanne het, en verder verseker dat beleidbesluite in implementeerbare aksies omgesit word deur die rolle en verantwoordelikhede van alle beamptes en skoolbestuurspanne te bepaal.
Skakels	'n Gekoördineerde en geïntegreerde benadering tot die ontwikkeling, implementering, monitering en evaluering van die verskillende provinsiale beleidsprioriteite sal tot verbeterde toegang tot vroeë-kind-ontwikkelingsprogramme bydra; tot skoolbestuur- en onderwysontwikkeling; tot gehalte-onderrig op die terreine van Geletterdheid en Syfervaardigheid; om die verbetering van akademiese prestasie van alle leerders in hoërskole te verseker; tot 'n toename in die aantal leerders in Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde; om vir leerders 'n veilige skoolomgewing te voorsien, en om die implementering van norme en standaarde aangaande skoolinfrastruktuur te moniteer.
Prestasiemylpale	2010 Bring beleidskommunikasieprosesse in lyn, inisieer beleidsontwikkeling en wysigings wat uit die aanbevelings van die Beleidsoudit voortvloei, en verhoog die beleidsontwikkelingskapasiteit in die WKOD. 2011 Hou toesig oor die implementering en monitering van beleid en wetgewing deur, onder meer, die Beleidsontwikkelingsraamwerk, Beleidsforum, en navorsing. 2012 Ontleed beleidsimplementering, kommunikeer die aanbevelings, en beraadslaag oor volgende stappe. 2013 Evalueer die uitkomste van geïmplementeerde beleidsbepalings (impakassessering). 2014 Die hersiening van beleidsbepalings wat in 2009 ontwikkel en geïmplementeer is.
Strategiese Doelwit 1.7	Moniteer en evalueer die implementering van beleid, prosesse en prosedures binne die organisasie; gebruik intern sowel as ekstern gegenereerde data om intervensies te rig vir beleidsimplementering en die optimale benutting van fisiese en finansiële hulpbronne.
Doelstellingverklaring	'n Gehalteverbetering, uitslaggebaseerde kultuur is gevestig en op alle vlakke van die organisasie benut om leweringsverbetering te verseker.
Grondvlak	15% van skole (hoër- en laerskole) het Heelskoolevaluering ondergaan.
Verantwoording	Die implementering van 'n Totale Gehaltebestuurstelsel sal die volgende verseker: • Bestuur van die organisasie met die primêre doel om alle deelhebbers te bevredig deur alle produkte/dienste op die mees doeltreffende en doelmatige manier te produseer/lewer • 'n Deurlopende benadering tot verbetering is aangeneem om operasionele prestasie te verbeter en voordele vir alle deelhebbers te verhoog.
Skakels	Die impak van hierdie werk behoort al drie die strategiese doelwitte in te vurk, aangesien die doel met alle aktiwiteite die lewering van gehalte-onderwys en die verbetering van onderwysuitkomste is.

Strategiese Doelwit 1.7	Moniteer en evalueer die implementering van beleid, prosesse en prosedures binne die organisasie; gebruik intern sowel as ekstern gegenereerde data om intervensies te rig vir beleidsimplementering en die optimale benutting van fisiese en finansiële hulpbronne.
Prestasiemylpale	2010 • Voer Heelskoolevaluering (HSE) in 90 skole uit[1] • Verseker dat skole aanbevelings geïmplementeer het wat in HSE-verslae in 70% [217] van die skole voorkom wat tot die hede (2006-2007) geëvalueer is. • Moniteer en evalueer die implementering van die aanbevelings deur eksterne GGBS-moderators • Moniteer die implementering van Prestasiebestuurstelsels[2] • Moniteer en evalueer die implementering en konsolidering van standaarde vir Distrikte • Evalueer die gehalte en organisatoriese ondersteuning vir Skoolverbeteringsplanne (SVP's) en Distrikverbeteringsplanne (DVP's) • Evalueer die mate waarin Jaarlikse Planne (operasionele planne en teikens) in lyn is met die WKOD se Strategiese Plan. • Moniteer en evalueer prestasie teen sleutel-lewerbare aspekte van die Strategiese Plan • Evalueer die prestasie van die WKOD, met gebruikmaking van die aanbevelings van die Staatsdienskommissie van 2009. • Voer 'n impakstudie uit van die doeltreffendheid van die ondersteuningsdienste wat deur Kringspanne gelewer word. • Verifieer verslae van Programprestasiemetings (PVM'e) en Sektoraanwysers oor geselekteerde programme • Bemiddel M&E-bevindinge om as basis vir beplanning, beleidsrigtings, intervensies en navorsing te dien 2011 • Voer HSE in 90 skole uit • Verseker dat skole die aanbevelings geïmplementeer het wat in HSE-verslae in 100% van die voorheen geëvalueerde skole voorkom. • Moniteer en evalueer die implementering van die aanbevelings deur eksterne GGBS-moderators • Moniteer die implementering van Prestasiebestuurstelsels • Evalueer die implementering van vasgestelde standaarde vir distrikte • Evalueer die mate waarin Jaarlikse Planne (operasionele planne en teikens) in lyn is met die WKOD se Strategiese Plan. • Moniteer en evalueer prestasie teen die sleutel-lewerbare aspekte van die Strategiese Plan • Verifieer verslae van Programprestasiemetings (PPM'e) en Sektoraanwysers oor geselekteerde programme • Bemiddel M&E-bevindinge om as basis vir beplanning, beleidsrigtings, intervensies en navorsing te dien 2012 • Verseker dat skole die aanbevelings geïmplementeer het wat in HSE-verslae in 100% van die voorheen geëvalueerde skole voorkom. • Moniteer en evalueer die implementering van die aanbevelings deur eksterne GGBS-moderators • Moniteer die implementering van Prestasiebestuurstelsels • Evalueer die implementering van vasgestelde standaarde vir distrikte • Evalueer die mate waarin Jaarlikse Planne (operasionele planne en teikens) in lyn is met die WKOD se Strategiese Plan. • Moniteer en evalueer prestasie teen die sleutel-lewerbare aspekte van die Strategiese Plan • Voer 'n impakstudie uit oor die doeltreffendheid van die opleiding van VKO-praktisyns • Bemiddel M&E-bevindinge om as basis vir beplanning, beleidsrigtings, intervensies en navorsing te dien

[1] Dit beteken dat ongeveer 20% van al die WKOD se openbare gewone skole geëvalueer sou gewees het
[2] Prestasiebestuurstelsels sluit in: GGBS, PPBOS, PBOS en SBS

Strategiese Doelwit 1.7	Moniteer en evalueer die implementering van beleid, prosesse en prosedures binne die organisasie; gebruik intern sowel as ekstern gegenereerde data om intervensies te rig vir beleidsimplementering en die optimale benutting van fisiese en finansiële hulpbronne.
Prestasiemylpale	2013 • Verseker dat skole die aanbevelings geïmplementeer het wat in HSE-verslae in 100% van die voorheen geëvalueerde skole voorkom. • Moniteer en evalueer die implementering van die aanbevelings deur eksterne GGBS-moderators • Moniteer die implementering van Prestasiebestuurstelsels • Evalueer die implementering van vasgestelde standaarde vir distrikte • Evalueer die mate waarin Jaarlikse Planne (operasionele planne en teikens) in lyn is met die WKOD se Strategiese Plan. • Verifieer verslae van Programprestasiemetings (PPM'e) en Sektoraanwysers oor geselekteerde programme • Moniteer en evalueer die sleutel-lewerbare aspekte van die Strategiese Plan • Voer impakstudie van geselekteerde intervensies uit • Bemiddel M&E-bevindinge om as basis vir beplanning, beleidsrigtings, intervensies en navorsing te dien 2014 • Verseker dat skole die aanbevelings geïmplementeer het wat in HSE-verslae in 100% van die voorheen geëvalueerde skole voorkom. • Moniteer en evalueer die implementering van die aanbevelings deur eksterne GGBS-moderators • Moniteer die implementering van Prestasiebestuurstelsels • Verifieer verslae van Programprestasiemetings (PPM'e) en Sektoraanwysers oor geselekteerde programme • Evalueer die implementering van vasgestelde standaarde vir distrikte • Evalueer die mate waarin Jaarlikse Planne (operasionele planne en teikens) in lyn is met die WKOD se Strategiese Plan. • Moniteer en evalueer die sleutel-lewerbare aspekte van die Strategiese Plan • Voer 'n impakstudie uit op die sleutel-lewerbare aspekte van die 5-jaar Strategiese Plan. • Bemiddel M&E-bevindinge om as basis vir beplanning, beleidsrigtings, intervensies en navorsing te dien
Strategiese Doelwit 1.8	Om te verseker dat bestuursintervensies deur goed nagevorste empiriese data onderlê word.
Doelstellingverklaring	1. *Geletterdheid- en Syfervaardigheidprogram* Ter ondersteuning van hierdie program sal die WKOD alle Graad 3-, 6- en 9-leerders toets. Dit sal 'n databasis skep wat die WKOD kan gebruik om die doeltreffendheid van skole en opvoeders te evalueer. Bykomstige navorsing sal die redes vir die waargenome patrone ontleed, en moontlike maniere identifiseer om prestasie te verbeter. 2. *Program ter ondersteuning van skole wat op die Nasionale Seniorsertifikaat onderpresteer:* Die WKOD sal intervensieprogramme ondersteun deur faktore na te vors wat onder*-prestasie veroorsaak. 3. *Program ter ondersteuning van kurrikulumontwikkeling:* Die WKOD sal navorsing uitvoer wat daarop ingestel is om die lewering van gehalte-onderwys te verbeter. 4. *Program ter ondersteuning van die omstandighede van opvoeders:* Hierdie navorsingsprogram is bedoel om pogings te ondersteun om die aanbod van opvoeders te stabiliseer. 5. *Program ter ondersteuning van die Opvoedervoorsieningsplan (OVP):* Dit verwys na navorsing wat die WKOD se voorsieningsplan sal onderlê.6. *Navorsingsprogram in Vroeë-kindontwikkeling en Graad R / Grondslagfase:* Die Direktoraat: Navorsingsdienste sal verskeie navorsingsprojekte uitvoer om die VKO-program in die provinsie te ondersteun. 7. *Program ter ondersteuning van skole om Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde (WTIW) aan te bied:* Hierdie navorsingsprogram sal voorbeelde van goeie praktyk ter bevordering van WTIW-onderrig in alle fases ondersoek. 8. *Programme ter ondersteuning van skoolveiligheidsprogram:* Hierdie navorsingsprogram sal die WKOD inlig oor die beste maniere om 'n omgewing te skep wat onderrig en leer sal bevorder, en wat veilig vir onderwysers en leerders is.

Strategiese Doelwit 1.8	Om te verseker dat bestuursintervensies deur goed nagevorste empiriese data onderlê word.
Grondvlak	*Geletterdheid- en Syfervaardigheidprogram:* Die geletterdheidsvlak vir Graad 3 is 53,5% en die syfervaardigheidsvlak is 35%. Vir Graad 6 is die geletterdheidsvlak 44,8%, en die syfervaardigheidsvlak 14%. Geen historiese data is vir Graad 9 beskikbaar nie. *Skole wat in die Nasionale Seniorsertifikaat onderpresteer:* Tans is daar 85 sulke skole. *Omstandighede van opvoeders:* Die aanvanklike projek sal die grondlyn-data ontwikkel. *EPP:* Aanvanklike programme sal die aard van die grondlyn-data bepaal wat verlang word. *Navorsingsprogram in Vroeë-kind-ontwikkeling en Graad R / Grondslagfase*: Grondlyn-inligting sal uit 'n loodsstudie voortkom. *Programme ter ondersteuning van skoolveiligheidsprogram:* Grondlyn-inligting sal uit 'n loodsstudie voortkom. *Program ter ondersteuning van WTIW-program:* Aanvanklike studies sal die grondlyn-inligting verskaf.
Verantwoording	*1. Geletterdheid- en Syfervaardigheidprogram:* Die navorsing oor die Geletterdheid- en Syfervaardigheidprogram is daarop ingestel om die oorkoepelende prestasie binne die Primêre Fase te verbeter. Geletterdheid- en Syfervaardigheidsvlakke is as onaanvaarbaar laag geïdentifiseer. 2. *Program ter ondersteuning van skole wat onderpresteer:* Hierdie program sal bydra tot 'n begrip van die toestande wat daartoe lei dat skole onderpresteer. 3. *Program ter ondersteuning van kurrikulumverbetering:* Die program sal inligting verskaf oor die aard en gehalte van die intervensies wat tot die hede geïmplementeer is om die kurrikulum te verbeter en die beste praktyke en lesse wat geleer is, te verstaan. *Program ter ondersteuning van die omstandighede van opvoeders:* Hierdie program sal inligting voorsien om daardie probleme te begryp wat opvoeders die hoof moet bied met betrekking tot hoë werkafwesigheid, hoë personeelomset en vroeë aftrede. 5. *Program ter ondersteuning van die Opvoedervoorsieningsplan:* Hierdie program sal uiteindelik die departement inlig oor hulpbrontoewysing in skole, deur 'n beter databasis van skoolhulpbronne te voorsien; en dit sal advies uitbring oor kwessies soos vervoer van leerders, oorlading by sekere skole, en instandhouding. *6. Navorsingsprogram oor Vroeë-kind-ontwikkeling en Graad R / Grondslagfase* Hierdie program sal probeer vasstel hoedat Graad R ingerig moet word ten einde skoolgereedheid te ondersteun. *7. Programme ter ondersteuning van skoolveiligheidsprogram:* Gesien die hoë voorkoms van veiligheidsbedreiging in ons skole, is hierdie 'n provinsiale prioriteit. *8. Program ter ondersteuning van WTIW:* Vir hierdie vakke is daar slegs geringe groei in die aantal suksesvolle leerders – navorsinggebaseerde ondersteuning is dus nodig.
Skakels	Die projekte wat hierbo uitgelig is, is die gevolg van die prioriteite wat die WKOD vir die volgende vyf jaar geïdentifiseer het.
Prestasiemylpale	2010 • Geletterdheid en Syfervaardigheid: Voer gelyktydige toetsing van Graad 3-, 6- en 9-leerders uit. • Hoërskole wat onderpresteer: Evaluering van assesseringspraktyke en hul toepaslikheid of doeltreffendheid • Voer 'n "Uitsak"-studie uit • Omstandighede van opvoeders: ontwikkel "Begrip van onderwyserbehoud" deur ontleding van onderhoude met onderwysers wat uittree. • EPP: studie oor "Ontleding van die verkryging en gebruik van meubels by skole in geselekteerde distrikte" • VKO: Die navorsing- en intervensieprogram vir die Grondslagfase: ouderdom van Graad 1-leerders • Skoolveiligheid: ontleding van tendense in gewelddadige insidente wat by distrikte gerapporteer is (GIS-kartering) • WTIW: ondersoek voorbeelde van beste praktyk en verskillende benaderings in die implementering van WTIW
	2011 • Geletterdheid en Syfervaardigheid: Toetsing van Grade 3, 6 en 9. Ontwikkeling van modelle van beste praktyk vir Geletterdheid en Syfervaardigheid. • Voortsetting van die Assesseringsprojek in hoërskole wat onderpresteer: ontwikkeling van modelle van goeie praktyk • Uitbreiding van die studie oor uitsak / behoud van leerders

Strategiese Doelwit 1.8	Om te verseker dat bestuursintervensies deur goed nagevorste empiriese data onderlê word.
Prestasiemylpale	2011(vervolg) • Omstandighede van opvoeders: studie oor onderrigtoewysing en skoolprestasie • EPP: studies wat in hierdie area geïdentifiseer is, word steeds beoordeel • VKO: die studie van die Grondslagfase duur voort • Skoolveiligheid: ontleding van wandissipline in skole (navorsing oor beste praktyk in skooldissipline) • WTIW: navorsing oor die doeltreffende bevordering van WTIW-onderrig in alle fases 2012 • Geletterdheid en Syfervaardigheid: Toetsing van Grade 3, 6 en 9. • Voortsetting van die Assesseringsprojek in hoërskole wat onderpresteer: ontwikkeling van modelle van goeie praktyk; studie oor uitsak / behoud van leerders; skoolbestuurpatrone en skoolprestasiepatrone; omstandighede van opvoeders; studie oor "patrone van onderwyserbevordering en skoolprestasie" • EPP: studies wat in hierdie area geïdentifiseer is, word steeds beoordeel • VKO: die studie van die Grondslagfase duur voort • Skoolveiligheid: kwalitatiewe studie oor maniere waarop die gemeenskap aangespoor kan word om eienaarskap van skole te aanvaar 2013 • Geletterdheid en Syfervaardigheid: Toetsing van Grade 3, 6 en 9. Bykomstige navorsing in hierdie program nie afgehandel nie. • Voortsetting van die Assesseringsprojek in hoërskole wat onderpresteer: Ondersoek na daardie disfunksionele elemente wat steeds voorkom • Omstandighede van opvoeders: beoordeling van die projekte binne hierdie breë navorsingsprogram. • VKO: aanbevelings van die navorsingsprojek vir die Grondslagfase word aan 'n loodsstudie onderwerp en geïmplementeer • Skoolveiligheid: projek oor skoolveiligheid en skoolkeuse • WTIW: implementering en beoordeling van modelle van goeie praktyk. 2014 Beoordeling van vyfjaarsiklus en ontwikkeling van volgende vyfjaarplan vir
	• Geletterdheid en Syfervaardigheid • Projek in hoërskole wat onderpresteer • Omstandighede van opvoeders • EPP • VKO • Skoolveiligheid • WTIW

SUB-PROGRAM 1.2: KANTOOR VAN DIE DEPARTEMENTSHOOF: VEILIGHEID	
Strategiese Doelwit 1.9	Om 'n veilige en ondersteunde omgewing te skep waar onderwys en verryking optimaal kan plaasvind
Doelstellingverklaring	Die doelstelling van Veilige Skole sal verwesenlik word deur 'n strategie wat breedweg op die veiligheid van opvoeders, leerders en ondersteuningspersoneel, en die beskerming van eiendom fokus. Dit is 'n driepunt-strategie wat uit programme bestaan wat ontwerp is om veilige en doeltreffende omgewings te skep, wat bevorderlik vir onderrig en leer is.
Grondvlak	109 skole toereikend met die nodige infrastruktuur beveilig. Daar is steeds uitdagings met betrekking tot sosio-ekonomiese omstandighede. Huidige kapasiteit: Die strategiese organisatoriese plasing van Veilige Skole in die distrikte. In die nuwe struktuur word een Veilige-skole-koördineerder per distrik aangestel.
Verantwoording	'n Veilige omgewing is nodig wat bevorderlik is vir onderrig en leer, en vir die doeltreffende lewering van die kurrikulum. Geboue word gevandaliseer – dit skep die behoefte om 'n omvattende strategie in plek te kry wat die beskerming van skoolgeboue tot gevolg sal hê. Dit sal vir die WKOD finansiële besparing inhou, en onderbrekings van onderrig en leer beperk. Vaardighede met betrekking tot organisatoriese ontwikkeling word ook aangebied ten einde die SBS en die Skoolveiligheidskomitee te bekwaam. Dit het dan weer verbeterde skoolbestuur tot gevolg, sowel as 'n groter vermoë om strategieë in plek te kry om mense en eiendom te beskerm.

Strategiese Doelwit 1.9	Om 'n veilige en ondersteunde omgewing te skep waar onderwys en verryking optimaal kan plaasvind
Skakels	Kommer oor veiligheid weerhou kinders daarvan om die opvoeding te kry wat hulle toekom. Dwelms en misdaad dra by tot die uitsaksyfer van leerders. Skole is geweldige kosbare sentrums vir gemeenskapsontwikkeling en vir OOV-klasse, en bied 'n beskermde omgewing vir onafhanklike studie (huiswerk). Gekontrakteerde Veiligheidshulpbronbeamptes bied naskool en vakansieprogramme vir leerders, en bedien skole. Deur hierdie programme word leerders spesifieke vaardighede geleer, en word 'n Plan B geskep. Opvoeders word be-kwaam om met gedragskwessies te werk, en is beter toegerus om skolastiese, sosiale, en welsynsake wat leerders affekteer, die hoof te bied. Daar is vennootskappe met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), die Departement van Gemeenskapsveiligheid (DGV), die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) en die Departement van Gesondheid (DVG).
Prestasiemylpale	2010 • Beleidsontwikkeling: Pleeg oorleg met relevante deelhebbers om die beleid en prosedures te beoordeel ten einde veiligheid en beveiliging by WKOD-inrigtings te bestuur; hersien die veiligheid- en beveiligingdokument • Infrastruktuur vir kernbeveiliging: selekteer 50 skole om die minimum standaardbeveiliging te ontvang • Kreatiewe en konstruktiewe benaderings tot konflikbestuur en bemiddelling: lei 50 skole op in houding- en gedragprogramme; implementeer program vir die portuurbemiddelaar • WBGV: lei 50 skole op; verseker dat beveiligingstrukture gevestig word; veiligheid- en noodgevalplanne in plek 2011 • Beleidsontwikkeling: beleid vir bestuur van veiligheid en beveiliging is gefinaliseer; beleid vir bestuur van veiligheid en beveiliging is met alle deelhebbers bemiddel • Infrastruktuur vir kernbeveiliging: M & E by 2010 50 skole; selekteer 50 nuwe skole om die minimum standaardbeveiliging te ontvang • Kreatiewe en konstruktiewe benaderings tot konflikbestuur en bemiddelling: lei 50 skole op in houding- en gedragprogramme; terugvoerwerkswinkel vir 2010 50 skole. • WBGV: lei 50 skole op; verseker die vestiging van veiligheidstrukture; veiligheid- en noodgevalplanne in plek 2012 • Beleidsontwikkeling: Implementering van prosedures om veiligheid en beveiliging te bestuur; bevoeg veiligheidskomitee oor veiligheidsbeleid • Infrastruktuur vir kernbeveiliging: M & E by 2011 50 skole; selekteer 50 nuwe skole om die minimum standaardbeveiliging te ontvang • Kreatiewe en konstruktiewe benaderings tot konflikbestuur en bemiddelling: lei 50 skole op in houding- en gedragprogramme; terugvoerwerkswinkel vir 2011 50 skole. • WBGV: lei 50 skole op; verseker dat veiligheidstrukture gevestig is; veiligheid- en noodgevalplanne in plek 2013 • Beleidsontwikkeling: beleid in skoolveiligheidsplan ingesluit • Infrastruktuur vir kernbeveiliging: M & E by die 50 skole wat in 2012 ondersteun is; selekteer 50 nuwe skole om die minimum standaardbeveiliging te ontvang • Kreatiewe en konstruktiewe benaderings tot konflikbestuur en bemiddelling: lei 50 skole op in houding- en gedragprogramme; terugvoerwerkswinkel vir 2012 50 skole. • WBGV: lei 50 skole op; verseker dat veiligheidstrukture gevestig is; veiligheid- en noodgevalplanne in plek 2014 • Beleidsontwikkeling: skole word doeltreffend ondersteun om skoolveiligheid te bestuur • Infrastruktuur vir kernsekerheid: M & E by die 50 skole wat in 2013 ondersteun is; selekteer 50 nuwe skole om die minimum standaardbeveiliging te ontvang • Kreatiewe en konstruktiewe benaderings tot konflikbestuur en bemiddelling: lei 50 skole op in houding- en gedragprogramme; terugvoerwerkswinkel vir 2013 50 skole. • WBGV: lei 50 skole op; verseker dat veiligtheidstrukture gevestig is; veiligheid- en noodgevalplanne in plek

Sub-program 1.4: Mensehulpbronontwikkeling	
Strategiese Doelwit 1.10	Om geleenthede vir mensehulpbronontwikkeling via die Werkplekvaardigheidsontwikkelingsprogram te voorsien die fasilitering van voortdurende professionele ontwikkeling en indiensopleiding vir opvoeders en skoolleiers en die aanbod van relevante ontwikkelingskursusse vir senior bestuur
Doelstellingverklaring	1. Om die Werkplekvaardigheidsontwikkelingsplan te bestuur deur relevante opleiding- en ontwikkelingsgeleenthede vir alle WKOD-werknemers te verskaf. 2. Om deurlopende professionele ontwikkeling van opvoeders te fasiliteer ten einde onderrig en leer van gehalte in die klaskamer te verseker. 3. Om relevante indiensopleiding en ontwikkelingsgeleenthede vir opvoeders en skoolleiers by die Kaapse Onderrig-en-leierskap-instituut (KOLI) te verskaf. 4. Om relevante bestuursopleiding- en ontwikkelingsprogramme te fasiliteer in die vorm van die deurlopende ontwikkeling van kennis-, vaardigheid- en bekwaamheidsvlakke van senior bestuurders van die WKOD.
Grondvlak	1. Tydige afteken van die Werkplekvaardighedeprogram en Jaarlikse Opleidingsverslag, en doeltreffende uitrol van opleidingsprogramme. 2. Verdere vermindering van onder- en ongekwalifiseerde opvoeders in die stelsel tot minder as 300, en die verbetering van kwalifikasies van dienende opvoeders. 3. Doeltreffende uitrol van die KOLI-opleidingkalender vir 2009/10 tot 'n totaal van 300 opvoeders. 4. Aandag aan die bevoegdheidsgaping van lede van die Senior Bestuursdiens (SBD) soos in 2008 geïdentifiseer – met die fokus op Dienslewering en Finansiële Bestuur en Beplanning.
Verantwoording	Die gehalte van leer en onderrig skakel direk in met die gehalte van die onderwysers, die gehalte van skoolleiding, en die gehalte van die ondersteuning wat verskaf word. Toenemende eise en die versnelde pas van verandering vereis voortdurende groei en ontwikkeling van mensehulpbronkapasiteit. Die voortdurende ontwikkeling van bevoegdheid, vaardigheid en kennis lewer dus 'n noodsaaklike bydrae tot gehalte-onderwys.
Prestasiemylpale	2010 – 2014 • 'n Bedrag gelyk aan 1% van die WKOD se salarisuitgawe doeltreffend aangewend om die vaardighede en bevoegdheid van alle WKOD-werknemers te verbeter • 3 000 opvoeders en skoolleiers deur opleidingintervensies by KOLI en ander strukture bereik • 2 100 beurse aan dienende opvoeders toegeken om kwalifikasies te verbeter • 200 voor-diens-beurse in skaars vak-areas toegeken

Subprogram 1.5: Onderwysbestuur-inligtingstelsels (OBIS)	
Strategiese Doelwit 1.11	Om e-Administrasie ter wille van doeltreffendheid en ontwikkeling te bestuur deur inligting- en kennis-bestuurstelsels te handhaaf; om 'n bestuurhulpmiddel te verskaf vir die naspeur van interaksie in distrikte en skole; en om 'n IKT-strategie te integreer
Doelstellingverklaring	*Onderwysbestuur-inligtingstelsel (OBIS)* OBIS sal die WKOD ondersteun deur inligting-stelsels op te stel en in stand te hou om te help om vordering te karteer en te moniteer. Die inligtingrooster sal toeganklik, omvattend en gebruikersvriendelik gemaak word deur diegene wat nodig het om die hulpmiddels te gebruik om besluite te beheer en te bekragtig. Die web-gesteunde programmatuur vir sentrale skooladministrasie (i-SABS) sal geleidelik oor die volgende drie jaar as die operasionele skooladministrasiestandaard by skole ingevoer word. Die hulpmiddel vir bestuursrapportering (EdulnfoSearch) sal uitgebrei word. Aanlynfunksionaliteit sal uitgebrei word deur kartering van die besigheidsproses. SOBIS-integrasie met LURITS en HC-LMS sal parallel voortduur totdat die oorskakeling na die web-gesteunde SABS afgehandel is. Om leerders tot in die VOO-sektor na te speur, hang van die ontwikkeling van 'n raakvlak tussen SOBIS en 'n Besigheid-bestuurstelsel (BBS) vir VOO af, aangesien dit onder die administrasie van Hoër Onderwys sal wees.

Strategiese Doelwit 1.11	Om e-Administrasie ter wille van doeltreffendheid en ontwikkeling te bestuur deur inligting- en kennis-bestuurstelsels op te stel en te handhaaf; om 'n bestuurhulp-middel te verskaf vir die naspeur van interaksie in distrikte en skole; en om 'n IKT-strategie te integreer
Doelstellingverklaring	Bestuurslui by sowel hoofkantoor as distrikskantore sal opgelei word om die rapportering-hulpmiddel meer en doeltreffender te gebruik ten einde die inligting te benut en dienslewering te verbeter. *Distrikbestuur- en Inligtingstelsel (DBIS)* Om die distrikte van 'n sentrale opslagplek vir inligting te voorsien ten einde besigheidsprosesse in distrikte vaartbelyn te maak, en toerekenbaarheid en verslagdoening te verhoog. *Ondernemininghoudbestuur (OIB)* Om die WKOD se Strategiese Plan vir IKT in te voer en te implementeer, beginnende met die invoer van 'n Ondernemininghoudbestuur-oplossing (*OIB*) in die WKOD via 'n fases-benadering wat begin deur dit met die e-Liasseringstrategie van die Departement van die Premier (DvdP) in lyn te bring.
Grondvlak	*OBIS:* Vanweë SOBIS het die WKOD besluit om sy uitrol van SASABS te beperk. SASABS word web-beskikbaar gemaak, en loodsstudies word in 100 skole uitgevoer. Uitrol van die web-beskikbare SABS (iSABS) begin in 2010. Met SOBIS word leerders tans in openbare gewone skole, spesiale skole, en sommige onafhanklike skole nagespeur. Aanlynopnames word in openbare gewone skole en spesiale skole uitgevoer. Aanlynfunksionaliteit verbind die skool, distrik en hoofkantoor met mekaar, met inbegrip van groeiposaansoeke, graadveranderingbestuur, assessering van Grade 3, 6 en 9, kwartaallikse leerderbywoningstate en VOO-band prosessering van vakveranderinge. Die gehalte van data word gekompromitteer weens onvoldoende inskiklikheid deur skole en onvoldoende vermoë op verskeie vlakke. VKO-leerders word tans op SOBIS vasgelê. Om leerders in die VOO-sektor na te speur, vereis 'n administratiewe BBS in VOO waarmee SOBIS kan skakel. Die DBO is tans met 'n loodsstudie hieroor besig. Distrikbeamptes het nie 'n gestandaardiseerde meganisme om besigheidsprosesse te bestuur nie. Elke distrik neem sy eie metode aan om besigheid te bedryf, wat die rapporteringsvereistes affekteer. *DBIS:* 'n Distriksbestuur-inligtingstelsel is in twee distrikte aan loodsstudies onderwerp. *OIB:* Die meeste van die WKOD se lêer-, inhoud- en kennisbestuur word per hand gedoen.
Verantwoording	*OBIS:* 'n Geïntegreerde en gestandaardiseerde skooladministrasiestelsel sal 'n eenvormige platvorm verskaf. Toegang tot skool-, leerder-, opvoeder-, kurrikulum- en bywoningsdata kan deur 'n gesentraliseerde databasis vereenvoudig word. Die risiko van verlies van 'n skool se data weens inbraak of stelselweiering kan geminimaliseer word indien dit uit 'n sentrale stelsel herwin kan word. Die WKOD sal aan die nasionale vereistes voldoen om skole van 'n algemene administrasiestelsel te voorsien wat by LURITS kan inskakel. Weens die bekostigbaarheid van 'n administratiewe toepassing sal toegang tot 'n eenvormige skooladministrasiestelsel bydra tot die beperking van die uiteenlopendheid in administrasievlakke onder die voorheen benadeelde skole. Kurrikulumondersteuning en implementering van beleidsverandering kan deur 'n algemene, sentraal-geskakelde administratiewe stelsel vereenvoudig word . Monitering van leerder-, opvoeder- en skoolvordering sal vereenvoudig word. *DBIS:* Tans word inligting met betrekking tot skoolbesoeke en intervensies op beamptes se tafelrekenaars gehou. 'n Omvangoefening het 'n behoefte ontbloot vir 'n gestandaardiseerde stelsel om bestuurders in staat te stel om hul aktiwiteite in skole te koördineer en te beplan. Die algemene raakvlak sal bestuurders toelaat om verslae en intervensies by skole te onttrek ten einde doeltreffendheid te bepaal. *OIB:* Die proses om lêers, dokumente, inhoud (meestal in hardekopieformaat) en inligting met die hand te onttrek is vir ondoeltreffendheid binne die WKOD-administrasie verantwoordelik en druis teen dienslewering in. Die WKOD moet in staat wees om alle inligting vir vinnige en doeltreffende dienslewering te onttrek.

Strategiese Doelwit 1.11	Om e-Administrasie ter wille van doeltreffendheid en ontwikkeling te bestuur deur inligting- en kennis-bestuurstelsels op te stel en te handhaaf; om 'n bestuurhulpmiddel te verskaf vir die naspeur van interaksie in distrikte en skole; en om 'n IKT-strategie te integreer
Skakels	Leerderregistrasie kan eenmalig gedoen word. Dit verminder die administrasietyd. Skoolbestuurlui behoort beter en meer geredelike toegang tot inligting oor leerderprestasie en vordering te hê. Op die distrik- en hoofkantoorvlak sal die sentrale stelsel verslae vir meer doeltreffende bestuur voorsien. Die naspeur van leerderbywoning behoort die skool en beamptes in staat te stel om patrone en vroeë waarskuwingstekens te bespeur. 'n Web-gesteunde SAMS sal grootskaalse uitsak bespeur en opspoor en tydige intervensie fasiliteer om die probleem die hoof te bied. 'n Gestandaardiseerde platvorm sal beamptes in staat stel om vas te stel of 'n besoek ter plaatse by 'n skool nodig is, en te bepaal wat presies die aard van die intervensie is wat benodig word, met die minimum ontwrigting van die kernfunksie van onderrig en leer. Die vinnige toegang tot tydige inligting bevorder lewering van ondersteuningsdienste aan opvoeders, en sal uiteindelik doeltreffendheid in die leer- en onderrigomgewing verhoog.
Prestasiemylpale	2010 • Lei 200 bykomstige skole in i-SAMS kernmodule op • Lei distrik- en HK-personeel in i-SAMS en die gebruik van verslaghulpmiddels op • Vestig 'n skakel met LURITS en i-SAMS • Handhaaf SOBIS en integreer met i-SAMS in die oorgang • Los probleme met die invoer en integreer van die stelsel op • Lei bestuurders op in die gebruik van verslaghulpmiddels vir bestuur • Handhaaf die integrasie tussen MKVBS en i-SAMS • Bring bestuursverslae op datum en ontwikkel hulle • Bring opnameprosesse in lyn met nuwe standaarde • Ontwikkel gesamentlike administrasie van sentrale skooladministrasiestelsel deur distrik- en hoofkantooradministrateurs • Lei die ontwikkelaars op om die stelsel in stand te hou en te verbeter • Voltooi die tweede herhaling van DMIS-ontwikkeling • Fasiliteer DMIS-opleiding • Voltooi die eerste fase van OIB-oplossing – bring in lyn met die e-Liasseerstrategie van die DvdP (rekordbestuur) 2011 • Handhaaf ontwikkeling van i-SAMS • Lei 500 bykomstige skole in i-SAMS op • Handhaaf stelselintegrasie Help met skooladministrasie • Fasiliteer die voorsiening van infrastruktuurbenodigdhede by skole deur 'n fasebenadering • Voltooi die DMIS-integrasie met soortgelyke IKT-inisiatiewe • Begin met die tweede fase van IOB-oplossing – Dokumentbestuurstelsel 2012 • Lei die oorblywende openbare gewone skole in i-SAMS op • Handhaaf ontwikkeling van i-SAMS; stel opleidingsmodules in die stelsel op • Handhaaf stelselintegrasie. Ontwikkel en intensifiseer verslagdoening • Rugsteun infrastruktuur by skole • Voltooi verbeterings en ontwikkelingsvereistes • Voltooi WKOD se Ondernemingsargitektuur – inkorporeer Inhoudbestuurstelsel 2013 • Handhaaf stelselintegrasie. Bring die meerderheid van die onafhanklike skole in die stelsel • Bring die opleiding op datum en brei die gebruik van die stelsel uit • Indien 'n begroting toegewys is, versterk die mensehulpbronkapasiteit by behoeftige skole • Bring DMIS met e-Innoveringstrategieë in lyn ten einde steun aan skole te verbeter • Begin met die Kennisbestuuroplossing

Strategiese Doelwit 1.11	Om e-Administrasie ter wille van doeltreffendheid en ontwikkeling te bestuur deur inligting- en kennis-bestuurstelsels op te stel en te handhaaf; om 'n bestuurhulp-middel te verskaf vir die naspeur van interaksie in distrikte en skole; en om 'n IKT-strategie te integreer
Prestasiemylpale	2014 • i-SAMS word by alle openbare skole ontplooi wat instem om die stelsel te gebruik • Verslaghulpmiddel vir bestuursinligting word deur alle bestuurders gebruik om besigheidsinligting te inkorporeer • i-SAMS met LURITS en interne en bestuursverslagdoeningstelsel geïntegreer • Integreer die Kennisbestuuroplossing om skole te inkorporeer

10.2 Hulpbron-oorwegings

Uitgawetendense. *a. AOO-kurrikulum*: LOOM moet geprioritiseer word *b. VOO-kurrikulum*: Mensehulpbronontwikkeling sal meestal op benadeelde skole fokus en sal in die vorm van onderwysopleiding, bestuursopleiding en leerderontwikkeling voortgaan. *c. Interne Mensekapitaalbestuur*: Die fokus sal op praktisynsopleiding wees. *d. GV*: HSE is duur; 'n groot deel van die begroting is vir Sistemiese Evaluering geoormerk. *e. Veiligheid*: Die behoefte aan beveiligingsinfrastruktuurondersteuning het toegeneem weens beskadiging van eiendom. Die toename in die koste van materiaal het groot druk op die begroting geplaas. Beveiliging en algemene instandhouding van infrastruktuur stel verdere eise aan die begroting. f. *e-Leer:* Die begroting maak nie in 'n bepaalde finansiële jaar spesifiek voorsiening vir opleiding en vir implementing deur die hele provinsie van sekere aspekte (soos opleidingslaboratoria, distrikdienste, en werwing van opleiers) nie. *g. Menskapitaalontwikkeling*: Voldoende finansiële hulpbronne vir mensehulpbronontwikkeling en spesifiek vir onderwysontwikkeling vir die medium termyn, word deur die 1% van die salarisbegroting wat deur wetgewing vir vaardigheidsontwikkeling en die spesifiek geoormerkte befondsing / voorwaardelike toesegging vir onderwysontwikkeling voorsien. Die grootste deel van hierdie begroting word vir beurse gebruik. *h. IT:* Om getyktydige toegang tot die stelsel te fasiliteer, sal skole 'n administratiewe IT-netwerk benodig wat los staan van die e-leer-netwerk. Hierdie infrastruktuur behoort deel te word van die normale hulpbronbedeling, en dit behoort in die organisasie se begrotingsproses vir infrastruktuur geïntegreer te word. Toepaslike begrotingsbedeling en -verhogings om die besigheidsvereistes vir doeltreffende en doelmatige IKT-voorsiening te akkommodeer, is deurslaggewend vir die geslaagde implementering van die IKT-plan. Interne en eksterne befondsing (via vennootskappe) word benodig om begrotings aan te vul
Personeel wat toegewys/benodig is ten einde mandaat te verwesenlik: *Finansiële Bestuur:* Die opleiding van alle bestuurders m.b.t. korporatiewe bestuur moet die nodige aandag te kry sodat die departement in staat sal wees om sy huidige ongekwalifiseerde ouditverslae te handhaaf. Daar steeds 'n behoefte aan verbeterde besigheidsprosessering ten einde doeltreffendheid en doelmatigheid te verhoog. *IT-stelsels:* Skoolpersoneel moet heroriënteer word om in 'n sentrale stelsel te werk, en dit vereis gekoördineerde beplanning aangesien dit in die uniforme skooladministrasiestelsel gedaante gegee moet word. Die gehalte van die data sal die waarde van die sentrale stelsel bepaal. Distrik- en provinsiale beamptes sal georiënteer word om die stelsel te verstaan en te ondersteun. Die WKOD maak van SEI as sy implementeringsarm gebruik, en die IKT-plan hang van SEI se ondersteuningskapasiteit af. Daar is tans baie vaardigheidsgapings. Om die verantwoordelikhede van die registrasiekantoor, bodes- en rekordbestuursafdeling na 'n OIB-oplossing te laat verskuif, sal toepaslike vaardighede vereis. Bykomstige befondsing sal vir sagteware en hardeware, bykomstige mensehulpbronkapasiteit met OIB-vaardighede, en opleiding vir nuwe vaardighede benodig word.

10.3 Risikobestuur

Risiko	Risikoverligting
Gebrek aan duidelikheid m.b.t. rolle en verantwoordelikhede binne die departement.	Om alle personeel van duidelik gedefinieerde posbeskrywings te voorsien.
Verlofadministrasie en verlofaansoekvorms wat verlore raak, nie vasgelê word en/of korrek goedgekeur word nie, loop 'n risiko.	Gebruik die elektroniese Mensekapitaal-verlofbestuurstelsel (MKVBS) om bywoning na te speur. Bespoedig indiening van verlofvorms vanaf skole.

Risiko	Risikoverligting
Onopgeloste griewe en onafgehandelde dissiplinêre ondersoeke is duur.	Behoorlike bekwaamhede daargestel om die aantal griewe te minimaliseer Registers moet in plek gestel word; maandelikse verslae vanaf distrikte; arbitrasiegevalle ontleed en afgehandel.
In lyn bring van Geletterdheid- en Syfervaardigheidintervensies skiet tekort.	Minimaliseer gebruik van korttermyn, ongekoördineerde, swak nagevorste aktiwiteite.
Probleme in verband met tale van onderrig en leer.	Voorsien ondersteuning en intervensies wat op navorsing steun.
Onderbekwaamde onderwysers.	Opleiding moet voortgesit word: in laerskole sal die fokus op Geletterdheid en Syfervaardigheid wees, en in hoërskole op vakinhoudkennis.
Onvoldoende LOOM.	Bestuur lopende voorsiening en vergroot begroting deur besparing. Implementeer die handboekbehoudstrategie.
Beleidnakoming.	Handhaaf streng en ondersteunende monitering, opleiding, mentorskap en ondersteuningsprogram.
Koste van voorsiening en op datum bring van IKT.	Spoor skole aan om in hul begrotings vir instandhouding voorsiening te maak. Bereken 'n jaarlikse inflasie-gekoppelde uitgawe vir HK.
IKT-opleiding vereis geriewe, opleiers, kursusse, diensverskaffers en deelnemers.	Distrikte sal toenemend eienaarskap van opleiding aanvaar.
IKT-geriewe wat deur die WKOD voorsien word, benodig beveiliging om hierdie aansienlike beleggings te beskerm.	'n Opsie waar koste m.b.t. beveiliging van IKT-infrastruktuur by skole gedeel word, moet die norm wees. Die skoolgemeenskap behoort aangespoor te word om eienaarskap van beveiliging te aanvaar, en om daarvoor te begroot.
Onderwysers word primêr op die intreevlak opgelei. Vir onderwysers om tot die vlakke van opname en aanwending te vorder – die vlakke wat waarskynlik die grootste positiewe impak op onderrig en leer sal hê – het hulle meer opleiding nodig.	Opleidingsprogramme sal ontwikkel word om 'n mengsel te vorm van die aangesig-tot-aangesig- en die aanlyn-situasies.

11. Program 2: Openbare Gewone Skoolonderwys

Doel: Om openbare gewone onderwys vanaf Grade 1 tot 12 ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet te voorsien.

Ontleding per subprogram:

Subprogram 2.1: Openbare Primêre Skole
om spesifieke primêre gewone skole met die hulpbronne toe te rus wat vir Grade 1 tot 7 vereis word

Subprogram 2.2: Openbare Sekondêre Skole
om spesifieke sekondêre gewone skole met die hulpbronne toe te rus wat vir Grade 8 tot 12 vereis word

Subprogram 2.3: Professionele Dienste
om opvoeders en leerders in openbare gewone skole van departementeel bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien

Subprogram 2.4: Mensehulpbronontwikkeling
om in die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare gewone skole te voorsien

Subprogram 2.5: Nasionale Skoolvoedingsprogram
om geïdentifiseerde arm leerders in openbare gewone skole deur die Nasionale Skoolvoedingprogram (NSVP) van die minimum voedsel te voorsien wat hulle nodig het om doeltreffend in die skool te leer

Beleidsontwikkelings:

- Die verbetering van die onderrig van geletterdheid en syfervaardigheid, veral in laerskole, om sodoende leerderprestasie te verseker
- Implementering van die NKV
- Uitbreiding van die aantal geen-fooi-skole soos fondse dit toelaat
- Die voortgesette ondersteuning van skole om te verseker dat geen skole minder as 60% in die Nasionale Seniorsertifikaateksamens behaal nie
- Fokus op verbeterde fisiese veiligheidsfasiliteite vir skole wat 'n risiko loop, ten einde 'n veilige onderwysomgewing te verseker
- Die uitbreiding van deelname en suksesskoers in Wiskunde, Natuurwetenskap, en Tegnologie deur die voortgesette bestuur van fokus- en Dinaledi-skole, en die toevoeging van Sentrums van Uitnemendheid vir Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde
- Om toegang tot tepaslike ondersteuningsdienste en gehalte-onderwys te verseker deur die nasionale beleidsraamwerk van Onderwyswitskrif 6 (2001) te implementeer
- Alle skole moet Skoolverbeteringsplanne (SVP's) ontwikkel en teikens stel wat ook as basis sal dien vir die ondersteuning wat deur distrik-ondersteuningspersoneel gebied word.
- Fokus op IT-oplossings vir leer

Subprogramme 2.1: Openbare Primêre Skole
Openbare primêre skole maak die grootste kategorie van instansies in die Wes-Kaap Onderwysdepartement uit. Die meerderheid openbare primêre skole bied Grade 1 tot 7 aan

Subprogram 2.2: Openbare Sekondêre Skole
Openbare sekondêre skole sluit gekombineerde skole in. Terwyl die meeste van die openbare sekondêre skole vir grade 8 tot 12 voorsiening maak, is daar skole wat slegs die Seniorfase aanbied, en party wat slegs Grade 10 tot 12 aanbied. Terwyl die ouderdom vir verpligte skoolbywoning 15 jaar of voltooiing van Graad 9 is, is dit vir die WKOD 'n belangrike uitdaging om leerders aan te spoor om 12 jaar se skoolbywoning te voltooi. Die uitsaksyfer, veral na Graad 10, dui aan watter verantwoordelikheid daar op opvoeders rus om leersukses onder alle leerders te verseker.

Subprogram 2.3: Professionele dienste
Operasionele en personeelkoste vir skole word onder hierdie subprogram gedek.

Subprogram 2.4: Mensehulpbronontwikkeling
Hierdie subprogram maak voorsiening vir, en bestuur beurse ten einde die kwalifikasies van dienende onderwysers te verbeter. Dit maak ook voorsiening vir, en bestuur voordiensbeurse vir onderwysopleiding in spesifieke areas met skaars vaardighede, met inbegrip van WWT. [Let wel: Aangesien die begroting vir Mensehulpbronne oor al die programme verdeel word, is daar besluit om die Strategiese Doelstelling in hierdie opsig slegs eenmaal te voorsien – in Program 1.

Subprogram 2.5.: Nasionale Skoolvoedingsprogram
Die Nasionale Skoolvoedingprogram [NSVP] is in 1995 as deel van die regering se Herkonstruksie- en Ontwikkelingsplan gevestig, en is sedert 1 April 2004 deur die Onderwysdepartement bestuur. Die hoofdoel van die program is om voedsame maaltye vir geteikende leerders te voorsien om leerkapasiteit te verhoog en skoolbywoning te bevorder. Diensverskaffers wat via 'n oopaanbodtender gekontrakteer word, voorsien geteikende skole van goedere en dienste. Die program word deur beamptes by die provinsiale en distrikskantore bestuur, gekoördineer en gemoniteer. [Let wel: Die NSVP-besonderhede word in Deel C van hierdie dokument onder die Voorwaardelike Toekennings gegee.]

11.1 Strategiese Doelstellings

Let wel: 'n Aantal intervensies word onder Program 1 beskrywe, aangesien dit hier is waar die begroting vir salarisse en sekere intervensies gebied word. Die teikens vir die prestasiedoelwitte van die WKOD word in Program 2 in die Jaarlikse Prestasieplan gebied. Die werk wat in Program 1 beskrywe is, word dal les ter ondersteuning van die skole en die distrikskantore gerig wat die raakvlak tussen die Hoofkantoor en die skole bestuur. Die items onder Program 2 moet dus in hierdie konteks verstaan word.

Strategiese Doelwit 2.1	Om optimale diens aan skole deur distrikskantore te bied en dat alle leerders en skole optimaal presteer sodat die teikens van die WKOD verwesenlik kan word.
Doelstellingverklaring	Distrikskantore sal skole deur 'n verskeidenheid toepaslike dienste ondersteun. By elke skool in die provinsie het die opvoeders en bestuurders die toepaslike kwalifikasies, kennis en vaardighede om die leerprogramme wat aan hulle toevertrou is, te lewer sodat leer optimaal kan plaasvind. Die instansies sal geskikte infrastruktuur, toerusting en hulpbronne hê sodat hulle in staat is om die verwesenliking van die leeruitkomste te verseker. Ouers en ander deelhebbers is by die verwesenliking van hierdie doelstelling betrokke. Alle leerders het toegang tot onderwys.
Grondvlak	Huidige kapasiteit: Die nuwe personeelstruktuur is net meer as 'n jaar oud met 'n groot aantal nuwe aanstellings. Huidige uitset: Nie alle onderpresterende skole word toepaslik bereik nie. Tans presteer 53,3% van leerders volgens die norm vir hul ouderdom-/graadvlak vir Geletterdheid en 35% vir Syfervaardigheid (Graad 3), en 44,8% presteer volgens die norm vir hul ouderdom-/graadvlak vir Geletterdheid en 14% vir Syfervaardigheid (Graad 6). Nie alle opvoeders is gekwalifiseer om die vakke wat hulle aanbied, te onderrig nie. Daar is 85 hoërskole wat in 2009 in die Nasionale Seniorsertifikaateksamens onderpresteer het. Die erosie van tyd vir onderrig en leer belemmer dekking van die kurrikulum en dra by tot die nie-verwesenliking van leeruitkomste wat gepas is vir die graad.
Verantwoording	Die distrikte is die sleutel tot die ontwikkeling doeltreffende skole, d.w.s. die lewering van gehalte-onderwys. Hul doeltreffendheid is dus 'n voorvereiste om skole te ondersteun om gehalte-onderwys te lewer en om die onderpresterende skole op koers te kry.
Skakels	Skole wat ondersteuning nodig het, sal toepaslike, relevante, gehalte-ondersteuning kry wat op hul behoeftes gebaseer is. Distrikte sal finansiële hulpbronne doeltreffend benut. Die bestuur van skole sal vir 100% funksionaliteit by skole gerat word. Onderwysermoreel sal toenemend ontwikkel word. Geletterdheid en Syfervaardigheid sal vir die toepaslike vlakke verwesenlik word. Die doelstelling om gehalte-onderwys vir alle leerders te lewer – en om onderpresterende skole te elimineer – sal verwesenlik word. Skole sal goed bestuur word, sodat leer van hoë gehalte kan plaasvind.

Strategiese Doelwit 2.1	Om optimale diens aan skole deur distrikskantore te bied en dat alle leerders en skole optimaal presteer sodat die teikens van die WKOD verwesenlik kan word.
Prestasiemylpale	2010 • Die ondersteuning van die Hoofkantoor (HK) word vaartbelyn gemaak en beter in lyn gebring met die behoeftes van die distrikte en die skole. • HK-ondersteuning is betyds en doeltreffend en het 'n impak op skookfunksionaliteit, bv. infrastruktuur en veiligheid. • Alle komponente van distrikte is gestandaardiseer, d.w.s. funksies is soortgelyk vir al agt die distrikte. • Alle personeel ontvang basiese opleiding m.b.t. rolle, funksies en posbeskrywings. • Die standaarde vir die lewering van elke komponent op distriksvlak is gedefinieer. • 55% van leerders in Graad 3 behaal aanvaarbare uitkomste in geletterdheid en 40% in syfervaardigheid.. • 45% van leerders in Graad 6 behaal aanvaarbare uitkomste in geletterdheid en 15% in syfervaardigheid. • 40% van leerders in Graad 9 behaal aanvaarbare uitkomste in Tale. • 40% van leerders in Graad 9 behaal aanvaarbare uitkomste in Wiskunde. • Aantal skole wat 'n slaagsyfer van <60% in NSS behaal, het van 85 tot 55 gedaal. • NSS-slaagsyfer neem van 75,71% tot 80% toe. • NSS-slaagsyfers neem van 34 017 tot 36 000 toe. • Aantal leerders wat toegang tot Baccalaureus-graad verkry, neem van 14 324 tot 15 000 toe. • Aantal NSS-leerders wat Wiskunde slaag, neem van 12 467 tot 13 500 toe. • Aantal NSS-leerders wat Natuurwetenskap slaag, neem van 7 064 tot 10 000 toe. • Distrikte ontvang die opdragte wat tot verbeterde dienslewering bydra. • Distrikpersoneel het 'n uitkomste-fokus en word via prestasie-ooreenkomste aanspreeklik gehou vir wat hulle moet lewer. • Elke kring-span het 'n omvattende profiel van sy leweringskapasiteit. • Stelsels om doeltreffendheid te verwesenlik word geïmplementeer. • Die volle implementering van die plan om onderrigtyd te optimaliseer en te maksimaliseer. • Ondersteuning en fasilitering van Graad R-opvoeders deur Kurrikulumpersoneel. 2011 • HK/distrik fokus op skole- en leerderprestasie. • Getuienis van verbeterde stelsels, prosesse en lewerbare aspekte, d.w.s. HK- en distrikprosesse is duidelik gekarteer en funksioneel. Probleme i.v.m. personeel word opgelos, stelsels sigbaar verbeter/gemoderniseer. • Opleiding word uitgebrei om nuwe ontwikkelings in te sluit en vaardighede op te skerp. Indiwidue word ontplooi sodat hul vaardighede die beste benut word. • 60% van leerders in Graad 3 behaal aanvaarbare uitkomste in geletterdheid en 45% in syfervaardigheid. • 50% van leerders in Graad 6 behaal aanvaarbare uitkomste in geletterdheid en 20% in syfervaardigheid. • 50% van leerders in Graad 9 behaal aanvaarbare uitkomste in Tale. • 42.5% van leerders in Graad 9 behaal aanvaarbare uitkomste in Wiskunde. • Aantal skole wat 'n slaagsyfer van <60% behaal, het tot 35 gedaal. • NSS-laagsyfer neem van tot 81% toe. • NSS-slaagsyfers neem tot 36 540 toe. • Aantal leerders wat toegang tot Baccalaureus-graad verkry, neem tot 15 000 toe. • Aantal NSS-leerders wat Wiskunde slaag, neem tot 13 600 toe. • Aantal NSS-leerders wat Natuurwetenskap slaag, neem tot 10 200 toe. • Distrikpersoneel het 'n uitkomste-fokus en word via prestasie-ooreenkomste aanspreeklik gehou vir wat hulle moet lewer. • Doeltreffendheid in terme van werksaamhede word gekwantifiseer.

Strategiese Doelwit 2.1	Om optimale diens aan skole deur distrikskantore te bied, en dat alle leerders en skole optimaal presteer sodat die teikens van die WKOD verwesenlik kan word.
Prestasiemylpale	2012 • Verhoogde doeltreffendheid m.b.t. skoolbehoeftes word behaal, en dienslewering is sigbaar en meetbaar. • Bekwaamheid- en doeltreffendheidsvlakke word geëvalueer, en opleiding word op behoeftes gebaseer. Nuwe personeel word na gelang van behoeftes opgelei. • 65% van leerders in Graad 3 behaal aanvaarbare uitkomste in geletterdheid en 50% in syfervaardigheid. • 55% van leerders in Graad 6 behaal aanvaarbare uitkomste in geletterdheid en 25% in syfervaardigheid. • 55% van leerders in Graad 9 behaal aanvaarbare uitkomste in Tale. • 45% van leerders in Graad 9 behaal aanvaarbare uitkomste in Wiskunde. • Aantal skole wat 'n slaagsyfer van <60% behaal, het tot 20 gedaal. • NSS-laagsyfer neem tot 82% toe. • NSS-slaagsyfers neem tot 39 000 toe. • Aantal leerders wat toegang tot Baccalaureus-graad verkry, neem tot 16 500 toe. • Aantal NSS-leerders wat Wiskunde slaag, neem tot 15 000 toe. • Aantal NSS-leerders wat Natuurwetenskap slaag, neem tot 11 500 toe. • Distrikpersoneel het 'n uitkomste-fokus en word via prestasie-ooreenkomste aanspreeklik gehou vir wat hulle moet lewer. • Alle hoërskoolopvoeders sal vakke onderrig waarvoor hulle formele of indiensopleiding ontvang het, met spesiale verwysing na vakinhoud en metodologie. • Implementering van die Onderwysvoorsieningsplan sodat daar leerruimte vir alle leerders in die provinsie is. 2013 • Verhoogde doeltreffendheid m.b.t. skoolbehoeftes word behaal, en dienslewering is sigbaar en meetbaar. • Bekwaamheid- en doeltreffendheidsvlakke word geëvalueer, en opleiding word op behoeftes gebaseer. Nuwe personeel word na gelang van behoeftes opgelei. • 70% van leerders in Graad 3 behaal aanvaarbare uitkomste in geletterdheid en 55% in syfervaardigheid. • 60% van leerders in Graad 6 behaal aanvaarbare uitkomste in geletterdheid en 37% in syfervaardigheid. • 60% van leerders in Graad 9 behaal aanvaarbare uitkomste in Tale. • 50% van leerders in Graad 9 behaal aanvaarbare uitkomste in Wiskunde. • Aantal skole wat 'n NSS-slaagsyfer van <60% behaal, het tot 0 gedaal. • NSS-laagsyfer neem tot 83% toe. • NSS-slaagsyfers neem tot 41 000 toe. • Aantal leerders wat toegang tot Baccalaureus-graad verkry, neem tot 17 000 toe. • Aantal NSS-leerders wat Wiskunde slaag, neem tot 16 000 toe. • Aantal NSS-leerders wat Natuurwetenskap slaag, neem tot 12 500 toe. • Distrikpersoneel het 'n uitkomste-fokus en word via prestasie-ooreenkomste aanspreeklik gehou vir wat hulle moet lewer. • Alle leerders wat plekke in openbare skole verlang, word geakkommodeer. • Die Onderwysvoorsieningsplan sal verseker dat die aanbied van die kurrikulum in hoërskole vaartbelyn word ten einde doeltreffendheid te verhoog. 2014 • Vaartbelynde distrikspanne word toegerus, en weens die hoë gehalte van die diens wat hulle lewer, is hulle gesog. • Die kringspan-model fungeer ooreenkomstig die beoogde model en doel. • 75% van leerders in Graad 3 behaal aanvaarbare uitkomste in geletterdheid en 60% in syfervaardigheid. • 65% van leerders in Graad 6 behaal aanvaarbare uitkomste in geletterdheid en 50% in syfervaardigheid. • 65% van leerders in Graad 9 behaal aanvaarbare uitkomste in Tale.

Strategiese Doelwit 2.1	Om optimale diens aan skole deur distrikskantore te bied en dat alle leerders en skole optimaal presteer sodat die teikens van die WKOD verwesenlik kan word.
Prestasiemylpale	2014 (vervolg) • 55% van leerders in Graad 9 behaal aanvaarbare uitkomste in Wiskunde. • Aantal skole wat 'n NSS-slaagsyfer van <60% behaal, bly 0. • NSS-laagsyfer neem tot 84% toe. • NSS-slaagsyfers neem tot 43 000 toe. • Aantal leerders wat toegang tot Baccalaureus-graad verkry, neem tot 17 500 toe. • Aantal NSS-leerders wat Wiskunde slaag, neem tot 17 000 toe. • Aantal NSS-leerders wat Natuurwetenskap slaag, neem tot 13 500 toe. • Distrikpersoneel het 'n uitkomste-fokus en word via prestasie-ooreenkomste aanspreeklik gehou vir wat hulle moet lewer. • Alle opvoeders is toegerus en bekwaam (deur opleiding) om die programme/vakke waarvoor hulle verantwoordelik is, te onderrig. • Alle skole voldoen aan die norms vir basiese infrastruktuur, toerusting en hulpbronne. • Alle Graad R-opvoeders implementeer die NKV doeltreffend.

11.2 Hulpbron-oorwegings

Hierdie program het die grootste hulpbrontoewysing en derhalwe ervaar dit die meeste druk.

11.3 Risikobestuur

Risiko	Risikoverligting
Die ontwikkelin g van onderwysers (vermeerd ering en verandering van vaardighede e n opleiding) geskied ten koste van die maksimum onderrigtyd vir leerders.	'n Aanvaarbare balans moet gevind word.
Die ondersteuning- en ontwikkelingsprogramme van distrikbeamptes teiken nie d ie werklike beho eftes van onderwysers en leerders soos in die skool se SVP vasgelê nie.	Bestuur die ska kels met omsigtigheid om te verseker dat daar geen wanaanpassing is nie.
Die stelsel probeer steeds om t e veel te doen, in plaas daarvan om op die vyf of ses lewerbare aspekte te fokus.	Intervensies sal gefokus wees.
Die begrotingsmodel verander nie, en die be stuurders wat dit moet implementeer, het nie die nodige hulpbronne nie.	Goeie kommunikasie en o psies vir gesamentlike besluitneming moet in plek w ees om te ver seker dat hulpbronne op die bes moontlike manier toegewys word.
Diensverskaffers is nie in staat om konstru ksie- en hersteldienste binne die tydraamwerke te lewer nie.	Wigte en teenwigte in kontrakte om die bes moontlike dienslewering te verseker.

12. Program 3: Onafhanklike Skole Subsidies

Doel: Om onafhanklike skole ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet te ondersteun

Ontleding per subprogram:

Subprogram 3.1: Primêre Fase
om onafhanklike skole wat Grade 1 tot 7 aanbied, te ondersteun
Subprogram 3.2: Sekondêre Fase
om onafhanklike skole wat Grade 8 tot 12 aanbied, te ondersteun

Beleidsontwikkeling:

Ingevolge die Suid-Afrikaanse Grondwet kan enigeen 'n onafhanklike skool vestig en op sy/haar eie koste bedryf. Hierdie skole moet 'n gehalte van onderwys handhaaf wat nie laer as dié van 'n soortgelyke openbare skool is nie, en moet by die WKOD geregistreer wees. Vanaf 2010 sal Hoofkantoor dienste en ondersteuning aan onafhanklike skole voorsien.

12.1 Strategiese doelstellings

Strategiese Doelwit 3.1	Om steun aan onafhanklike skole ooreenkomstig die relevante wetgewing te voorsien ten einde gehalte-onderwys vir leerders in hierdie skole te verseker
Doelstellingverklaring	Verseker deur gereelde ondersteuning en monitering van die sektor dat alle leerders opvoeding in lyn met die Nasionale Kurrikulumverklaring ontvang; dat alle onafhanklike en tuisskole geregistreer is; en dat hulle aan die minimumvereistes van die relevante wetgewing voldoen.
Grondvlak	Daar is 265 onafhanklike skole. Onder hulle is daar 85 onafhanklike laerskole, 9 onafhanklike intermediêre skole, 99 onafhanklike gekombineerde skole, en 38 onafhanklike hoërskole. Minstens 50% van hierdie skole word per jaar besoek.
Verantwoording	Die WKOD is daarvoor verantwoordelik dat alle leerders van skoolgaande ouderdom in die provinsie gehalte-onderwys ontvang wat hulle met die kennis, vaardighede, houdings en waardes sal toerus om produktiewe burgers te word. Steun aan leerders by onafhanklike skole en lewering van die moniteringsprogram beskerm die regte van die kinders, en hou die volwassenes wat die instellings bedryf, verantwoordelik. Leerders van onafhanklike skole en tuisskole behoort op die vlak van hul ouderdomsgroep te presteer. Onafhanklike skole wat 'n subsidie van die WKOD ontvang, is aanspreeklik vir die staatsfondse wat hulle ontvang.
Skakels	Onafhanklike skole is sleutelvennote van die WKOD in die lewering van gehalte-onderwys.
Prestasiemylpale	2010 • Hoofkantoorbeamptes sal 'n basiese papiergebaseerde oudit van alle onafhanklike skole en tuisskole op die WKOD se databasis uitvoer. • Die WKOD sal 150 onafhanklike skole besoek. • 80% van onafhanklike skole dien geouditeerde finansiële verslae in soos in die regulasies voorgeskryf. • Onafhanklike skole wat vir subsidies kwalifiseer, sal hulle betyds ontvang. • Tot 25% van opvoeders in onafhanklike skole woon opleiding- en ontwikkelingwerkswinkels by wat deur distrikte aangebied word, veral dié vir Geletterdheid en Syfervaardigheid. • 10% van leerders in onafhanklike skole skryf die WKOD se Geletterdheid- en Syfervaardigheidstoetse. 2011 • Die WKOD sal 200 onafhanklike skole besoek. • 85% van onafhanklike skole dien geouditeerde finansiële verslae in soos in die regulasies voorgeskryf. • Onafhanklike skole wat vir subsidies kwalifiseer, sal hulle betyds ontvang. • Tot 30% van opvoeders in onafhanklike skole woon opleiding- en ontwikkelingswerkswinkels by wat deur distrikte aangebied word, veral dié vir Geletterdheid en Syfervaardigheid. • 20% van leerders in onafhanklike skole skryf die WKOD se Geletterdheid- en Syfervaardigheidstoetse.

Strategiese Doelwit 3.1	Om steun aan onafhanklike skole ooreenkomstig die relevante wetgewing te voorsien ten einde gehalte-onderwys vir leerders in hierdie skole te verseker
Prestasiemylpale	2012 • Die WKOD sal 250 onafhanklike skole besoek. • 90% van onafhanklike skole dien geouditeerde finansiële verslae in soos in die regulasies voorgeskryf. • Onafhanklike skole wat vir subsidies kwalifiseer, sal hulle betyds ontvang. • Tot 35% van opvoeders in onafhanklike skole woon opleiding- en ontwikkelingswerkswinkels by wat deur die distrik aangebied word, veral dié vir Geletterdheid en Syfervaardigheid. • 30% van leerders in onafhanklike skole skryf die WKOD se Geletterdheid- en Syfervaardigheidstoetse. 2013 • Die WKOD sal 250 onafhanklike skole besoek. • 95% van onafhanklike skole dien geouditeerde finansiële verslae in soos in die regulasies voorgeskryf. • Onafhanklike skole wat vir subsidies kwalifiseer, sal hulle betyds ontvang. • Tot 45% van opvoeders in onafhanklike skole woon opleiding- en ontwikkelingswerkswinkels by wat deur die distrik aangebied word, veral dié vir Geletterdheid en Syfervaardigheid. • 40% van leerders in onafhanklike skole skryf die WKOD se Geletterdheid- en Syfervaardigheidstoetse. 2014 • Die WKOD sal 250 onafhanklike skole besoek. • 100% van onafhanklike skole dien geouditeerde finansiële verslae in soos in die regulasies voorgeskryf. • Onafhanklike skole wat vir subsidies kwalifiseer, sal hulle betyds ontvang. • Tot 50% van opvoeders in onafhanklike skole woon opleiding- en ontwikkelingswerkswinkels by wat deur die distrik aangebied word, veral dié vir Geletterdheid en Syfervaardigheid. • 50% van leerders in onafhanklike skole skryf die WKOD se Geletterdheid- en Syfervaardigheidstoetse.

12.2 Hulpbron-oorwegings

Die aantal onafhanklike skole en tuisskole het oor die afgelope paar jaar toegeneem. Onafhanklike skole kan om 'n subsidie by die departement aansoek doen. Die groter aantal instansies het finansiële implikasies vir die WKOD. Die aantal besoeke aan onafhanklike en tuisskole, en die in sluiting van opvoeders by onafhanklike skole in opleidingswerkswinkels wat die departement aanbied, het finansiële en mensehulpbron-implikasies vir die WKOD.

12.3 Risikobestuur

Risiko	Risikoverligting
Indien onafhanklike skole nie minstens eenmaal per jaar gemoniteer word nie, sal dit moeilik wees om vas te stel of subsidies doeltreffend gebruik word, of die leerders gehalte-onderrig ontvang, en of die instansies aan die regulasievereistes voldoen.	Verseker monitering. Onderwysers by onafhanklike skole sal, indien hulle verkies, by die werkswinkels vir die opgradering van onderwysers se kennis en vaardighede ingesluit word.

13. Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys

Doel: Om verpligte openbare onderwys in spesiale skole te voorsien ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet en Onderwyswitskrif 6 oor Onderwys vir Spesiale Behoeftes. Om 'n inklusiewe onderwys en opleidingstelsel te bou.

Ontleding per subprogram:

Subprogram 4.1: Skole
Om spesifieke openbare spesiale skole van hulpbronne te voorsien

Subprogram 4.2: Professionele Dienste
Om opvoeders en leerders in openbare spesiale skole van departementeel bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien

Sub-program 4.3: Mensehulpbrononontwikkeling
Om in die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare spesiale skole te voorsien

Konteks

[Let wel: befondsing hiervoor kom van Programme 2, 4 en 8.]

Die hoofdoel van Gespesialiseerde Onderwysondersteuning is om gespesialiseerde onderwysondersteuningsdienste wat by spesiale skole en openbare gewone skolle gebied word, te beplan, bestuur en koördineer. Die fokus van dienslewering is op die gebied van spesiale skole/hulpbronsentrums, en professionele dienste, met inbegrip van sielkundige dienste, maatskaplike werk-dienste, en leerondersteuning, mediese en terapeutiese dienste.

Hierdie program beoog om aan die doelwitte van die WKOD te voldoen m.b.t. die verbetering van geletterdheid- en syfervaardigheidsvlakke, die voorsien van ondersteuning om skoolprestasie te verbeter, leerders in staat te stel om in formele onderwys te bly, en beter leerderprestasie te fasiliteer. Doelstellings om hierdie oogmerke te verwesenlik, is die volgende:

- Om strukture, hulpbronne en programme in plek te plaas om leer- en ontwikkelingshindernisse te verhoed, te verwyder, of in 'n inklusiewe omgewing daarvoor te kompenseer.

  Strukture om die Inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel te bou, sluit die ontwikkeling van doeltreffende Institusionele-vlak-ondersteuningspanne (IVOS'e) in, wat onderwysers oplei om leerders in alle openbare gewone en spesiale skole wat leerhindernisse ervaar, te identifiseer, assesseer en ondersteun.

  Die plan is om Distrikgebaseerde Ondersteuningspanne (DGOS'e) te versterk en spesiale skole as hulpbronsentra te ontwikkel. Gespesialiseerde ondersteuningspersoneel (sielkundiges, voorligtingsberaders, skool-maatskaplike werkers, onderwysterapuete en professionele verpleegsters) en ander hulpbronne (LOOM, toerusting, en aanpassingstoestelle) sal ontplooi word om gespesialiseerde onderwysondersteuning te voorsien om leerderprestasie te verbeter. Die ontplooiing van leerondersteuningsopvoeders by skole is van deurslaggewende belang om leerders te ondersteun wat leerhindernisse ervaar. Volle-diens-skole akkommodeer leerders wat laevlakke van ondersteuning, matige ondersteuning, en intensiewe ondersteuning benodig. Vir die kortter myn is die beskikbaarheid van voldoende befondsing, en opvoederposte om die kapasiteit van spesiale skole en gespesialiseerde ondersteuning in openbare gewone skole uit te brei, 'n probleem. Om hierdie tekort die hoof te bied, sal geïdentifiseerde openbare gewone skole na volle-diens-skole omgeskakel word ten einde meer leerders met spesiale behoeftes te akkommodeer. Die groter getal van 68 volle-diens-skole en ander gespesialiseerde ondersteuningspersoneel bied aan meer leerders wat onderwyshindernisse beleef, toegang tot onderwysondersteuning.

  Ander programme wat tot die verwydering van leerhindernisse bydra, is die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP), MIV/ VIGS-Lewensvaardighedeprogram, en die Strategie vir Aansporing tot Positiewe Gedrag in Skole, ten einde leerders te ondersteun wat emosionele en gedragsprobleme ervaar. Die fokus van die NSVP

is om voldoende toegang tot die skoolvoedingsprogram te verseker, en om voedingsonderrig by geteikende skole te versterk. Ondersoek oor MIV/VIGS en seksualiteit is verpligtend vir elke graad, vanaf Graad R tot Graad 12. Gesien die huidige situasie m.b.t. leerderdissipline en die ongunstige uitwerking daarvan op die moreel van opvoeders en op die reg van leerders om in 'n veilige skoolomgewing te leer, word 'n strategie in spesiale skole ingevoer om leerders tot positiewe gedrag aan te spoor, en word dit na openbare gewone skole uitgebrei.

- Om toegang tot gehalte-onderwys te verseker vir alle kinders in die provinsie wat leerhindernisse ervaar.
  IVOS'e en DGOS'e speel 'n belangrike rol in die sifting en identifisering van leerders wat leerhindernisse ervaar, en om doeltreffende onderwysondersteuning by spesiale skole of volle-diens-skole te reël. Daar is 'n behoefte aan opleiding in praktiese vaardighede om die hoë uitsaksyfer by skole die hoof te bied. Vaardigheidskole voorsien opleiding in praktiese vaardighede vir leerders. Hierdie skole skep geleenthede vir leerders met leerhindernisse om 'n spesiale kurrikulum te volg. Fisiese infrastruktuur van skole ontvang ook aandag om toegang vir leerders met gestremdhede te verseker.

- Om doeltreffende bestuur en beheer van spesiale skole en ondersteuningstrukture te verseker.
  Die Proses vir die Versekering van Ontwikkelingsgehalte fokus op (a) die versekering dat skool- en distriksondersteuningstrukture aan die beleid en minimum standaardvereistes voldoen, (b) die identifisering van diensleweringsprobleme, (c) die voorsiening van ondersteuning en mentorskap om die ontwikkelingsdoelstellings van die skool- en distriksondersteuningstrukture te verwesenlik, en (d) identifisering van behoeftes m.b.t. kapasiteitbou en hulpbronne om spesiale skole en distriksondersteuningstrukture te ontwikkel.

- Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om gehalte-onderwys te voorsien.
  Om die kapasiteit te bou van gespesialiseerde onderwysondersteuningspersoneel op die distriksvlak en van opvoeders by openbare spesiale skole en volle-diens-skole is baie belangrik om personeel te bekwaam om aan die behoeftes van leerders met spesiale behoeftes te voldoen. Opleiding sal op sifting, identifisering, assessering en ondersteuning van leerders met leerhindernisse, ontwikkeling van inklusiewe leerprogramme, en onderrigstyle fokus.

  Die WKOD sal grondslagopleiding en programme voorsien om die impak van sosiale patologie in skole soos dwelmmisbruik, rampokkery, seksueel onvanpaste houdings, gewelddadigheid en misbruik die hoof te bied en te bekamp. Opleiding van distrikpersoneel en opvoeders in herstellende beradingsvaardighede, assessering van leerders wat risiko's loop, en ontwikkelingsprogramme sal voortduur.

Bestek van die program

Beleidsontwikkeling, makro-beplanning, programontwikkeling, hulpbronverkryging, kapasiteitbou, en gehalte-versekering van die volgende:

- Distrikgebaseerde ondersteuningstrukture
- Spesiale skole en hulpbronsentrums(Aangewese spesiale skole bekragtig om hulpbronsentrums/spesiale skole te word)
- Vaardigheidskole
- Volle-diens-skole (OLSO-eenhede)
- Leerondersteuning in openbare gewone skole
- Institusionele-vlak-ondersteuningspanne (IVOS'e)
- Professionele gespesialiseerde ondersteuning (sielkundige dienste, skool-maatskaplike-werk, leerondersteuning, mediese en terapeutiese dienste)
- Program vir Lewensvaardighede en MIV/VIGS
- Nasionale Skoolvoedingprogram (NSVP)

Beleidsbepalings

Die volgende wetgewende en gespesifiseerde beleidsbepalings rig die voorsiening van onderwys in spesiale skole en Inklusiewe Onderwys in die provinsie:

- Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1996) en die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys (Wet 12 van 1997)
- Onderwys-witskrif 6: Spesiale-behoeftes-onderwys: Bou van Inklusiewe Onderwys en Opleidingstelsel ((Julie 2001)
- Nasionale Kurrikulumverklaring (2005)
- Nasionale Sifting-, Identifisering- en Assesseringstrategie (SIAS, 2008)
- Konseptuele en Operasionele Riglyne vir die Implementering van Inklusiewe Onderwys: Volle-diens-skole (Departement van Onderwys)
- Riglyne om Gehalte-onderwys en Ondersteuning in Spesiale Skole en Hulpbronsentrums vir Spesiale Skole te Verseker (Nov. 2007)
- Volle-diens-skole: Fisiese en Materiële Hulpbronne – Fisiese Hulpbron-spesifisering vir Volle-diens-skole (Departement van Onderwys)
- Inklusiewe Onderwys – Volle-diens-skole: Fisiese en Materiële Hulpbronne – Instandhouding-handleiding (Departement van Onderwys (EDO 296))

13.1 Strategiese doelstellings

Strategiese Doelwit 4.1	Om suksesvolle akademiese en sosiale deelname van alle leerders in die kultuur en kurrikulum van onderwysinstansies te maksimaliseer, en om hindernisse vir leer (Onderwys-witskrif 6) te minimaliseer.
Doelstellingverklaring	Om geletterdheid- en syfervaardigheidsvlakke te verbeter; om skoolprestasie te verbeter; om leerders in staat te stel om in formele onderwys te bly deur gespesialiseerde ondersteuningsdienste in die volgende: • Ondersteuningspanne op die inrigtingvlak • Distrikgebaseerde ondersteuningstrukture • Spesiale skole/hulpbronsentrums • Spesiale skole (hospitaalskole en spesiale skole wat nie na spesiale skole/hulpbronsentrums omgeskakel is nie) • Vaardigheidskole • Volle-diens-skole • Openbare gewone skole • Professionele dienste: leerondersteuning in openbare gewone skole, sielkundige dienste, skool-maatskaplike-werkdienste, en mediese en terapeutiese dienste. Die vyfjaarplan beoog om die volgende te lewer: • 20 spesiale skole/hulpbronsentrums en 35 spesiale skole • 170 laerskole wat tot volle-diens-skole getransformeer is, sal die verspreiding van spesiale skole/hulpbronsentrums en ander spesiale skole aanvul • Die aantal Vaardigheidskole sal tot 22 vermeerder met die oog verbetering van vaardigheidsopleiding en bekamping van die uitsaksyfer. • Gespesialiseerde onderwysondersteuning om die behoefte aan te spreek: leerondersteuning-opvoeders, opvoederterapeute, sielkundiges, skool-sosiale-werkers, voorligtingberaders, professionele verpleegsters • Ontwikkelingsgehalteversekering by 15 spesiale skole en distriksondersteuningstrukture uitgevoer.
Grondvlak	Leerders wat leerhindernisse ervaar word soos volg geakkommodeer: • 51 spesiale skole • 6 spesiale skole/hulpbronsentrums • 15 vaardigheidskole • 68 volle-diens-skole • 552 leerondersteuningopvoeders wat leerondersteuningsdienste by openbare gewone skole lewer

Strategiese Doelwit 4.1	Om suksesvolle akademiese en sosiale deelname van alle leerders in die kultuur en kurrikulum van onderwysinstansies te maksimaliseer, en om hindernisse vir leer (Onderwys-witskrif 6) te minimaliseer.
Grondvlak (vervolg)	Die volgende gespesialiseerde ondersteuning word voorsien: • Gespesialiseerde onderwysondersteuningpersoneel: leerondersteuning-opvoeders, opvoederterapeute, sielkundiges, skool-sosiale-werkers, professionele verpleegsters • Mensehulpbronontwikkeling na aanleiding van identifiseerbare behoefte.
Verantwoording	Verhoogde en verbeterde toegang tot 'n toepaslike kurrikulum, gehaltedienste en ondersteuning vir leerders binne 'n inklusiewe omgewing
Skakels	Hierdie strategiese doelstellings skakel op die volgende wyse met die strategiese doelstellings: • Bekragtigde volle-diens-skole en hulpbronsentrums/spesiale skole • Meer vaardigheidskole en toepaslike kurrikulumontwikkeling • Uitgebreide gespesialiseerde ondersteuningpersoneel • Volgehoue ondersteuning vir opvoeders • Volgehoue ondersteuning vir leerders wat leerhindernisse ervaar.
Prestasiemylpale	Strukture, hulpbronne en programme in plek teen 2010 • 47 spesiale skole • 10 hulpbronsentrums oor die provinsie heen versprei • 17 vaardigheidskole • 100 skole wat na volle-diens-skole getransformeer is • Uitbreiding van gespesialiseerde onderwysondersteuningpersoneel na aanleiding van begrotingbeskikbaarheid • Voortgesette mensehulpbronontwikkeling na aanleiding van identifiseerbare behoefte • Ontwikkelingsgehalteversekering by 3 spesiale skole en distriksondersteuningstrukture uitgevoer 2011 • 45 spesiale skole • 12 hulpbronsentrums oor die provinsie heen versprei • 19 vaardigheidskole • 139 skole wat na volle-diens-skole getransformeer is • Uitbreiding van gespesialiseerde onderwysondersteuningpersoneel na aanleiding van begrotingbeskikbaarheid • Voortgesette mensehulpbronontwikkeling na aanleiding van identifiseerbare behoefte • Ontwikkelingsgehalteversekering by 3 spesiale skole en distriksondersteuningstrukture uitgevoer 2012 • 43 spesiale skole • 16 hulpbronsentrums oor die provinsie heen versprei • 20 vaardigheidskole • 150 skole wat na volle-diens-skole getransformeer is • Uitbreiding van gespesialiseerde onderwysondersteuningpersoneel • Voortgesette mensehulpbronontwikkeling na aanleiding van identifiseerbare behoefte • Ontwikkelingsgehalteversekering by 3 spesiale skole en distriksondersteuningstrukture uitgevoer 2013 • 39 spesiale skole • 18 hulpbronsentrums oor die provinsie heen versprei • 21 vaardigheidskole • 160 skole wat na volle-diens-skole getransformeer is • Uitbreiding van gespesialiseerde onderwysondersteuningpersoneel na aanleiding van begrotingbeskikbaarheid om aan die behoefte te voldoen • Voortgesette mensehulpbronontwikkeling na aanleiding van identifiseerbare behoefte • Ontwikkelingsgehalteversekering by 3 spesiale skole en distriksondersteuningstrukture uitgevoer.

Strategiese Doelwit 4.1	Om suksesvolle akademiese en sosiale deelname van alle leerders in die kultuur en kurrikulum van onderwysinstansies te maksimaliseer, en om hindernisse vir leer (Onderwys-witskrif 6) te minimaliseer.
	2014 • 35 spesiale skole • 20 hulpbronsentrums oor die provinsie heen versprei • 22 vaardigheidskole • 170 skole wat na volle-diens-skole getransformeer is • Uitbreiding van gespesialiseerde onderwysondersteuningpersoneel • Voortgesette mensehulpbronontwikkeling na aanleiding van identifiseerbare behoefte Ontwikkelingsgehalteversekering by 3 spesiale skole en distriksondersteuningstrukture uitgevoer.

13.2 Hulpbron-oorwegings

1. *Uitgawetendense.* Die toename van toegewysde fondse is ta ns 4,5% per jaar; dit is vee l laer as die VPI en nie in lyn met die groeien de aanvraag na gespesialiseerde dienste wat voorsi en moet word nie. Dit het ' n nadelige uitwerking op dienslewering.
2. *Personeel wat toegewys/benodig is ten einde mandaat te verwesenlik:* met die verwagte nasionale herstrukturerin g van Program 4, sal bykomstige personeel ben odig word om die potensiaal wat hierdie prog ram vir alle leerders en opvoeders inhou, te maksimaliseer.

13.3 Risikobestuur

Risiko	Risikoverligting
Weens die domino-impak van die resessie – bv. verby die huidige MTUR-siklus, is befondsing vir Inklusiewe Onderwys nie gewaarborg nie.	Beskikbare fondse sal optimaal gebruik word om bestaande dienste te konsolideer.
Vaste vakante poste word nie gevul nie, wat dienslewering nadelig raak.	Hertoewysing van bykomstige werk aan huidige personeellede.
Ondoeltreffende samewerking tussen sektore, wat gefragmenteerde dienslewering tot gevolg het.	Protokolle moet ontwikkel word om samewerking tussen sektore te verbeter.
Ontoereikende besigheidsprosesse wat gefragmenteerde dienslewering tot gevolg het.	Fasiliteer verbeterde kommunikasie en besigheidsprosesse.
Vertraagde goedkeuring van begrotings het 'n nadelige impak op verkrygingsbeleid en -prosesse.	Sorgsame beplanning om te verseker dat voldoende tyd vir implementering van programme beskikbaar is.

14. Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding

Doel: Om Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) by plaaslike VOO-kolleges te voorsien, ingevolge die Wet op Verdere Onderwys en Opleidingskolleges (Wet 16 van 2006)

Ontleding per subprogram:

Subprogram 5.1: Openbare Instansies
om spesifieke openbare VOO-kolleges van hulpbronne te voorsien
Subprogram 5.2: Professionele Dienste
om opvoeders en studente in openbare VOO-kolleges van departementeel gekoördineerde ondersteuningsdienste te voorsien
Sub-program 5.3: Mensehulpbronontwikkeling
om professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare VOO-kolleges te bevorder

Beleidsontwikkeling:

Die program vir die herkapitalisering van VOO-kolleges het in 2008/9 tot 'n einde gekom, met die laaste jaar se Voorwaardelike Toekenning wat as billike deelbefondsing voortgesit is. Die nuwe norms en standaarde vir VOO-kolleges sal in die MTUR geïmplementeer word.

In die vyfjaarperiode 2010-2914 beplan die VOO-kolleges om:

- Die aantal studente van die ouderdom 16 tot 22 jaar wat by die kolleges ingeskryf is, te vermeerder
- Die aantal studente wat vir volle kwalifikasies ingeskryf is, te vermeerder
- Die aantal studente wat vir hoër onderwys kwalifiseer, te vermeerder
- Nuwe programme aan te bied en te evalueer wat aan die behoeftes van die ekonomie en die samelewing beantwoord
- Dosente in nuwe VOO-kursusse op te lei
- Studenteondersteuningsdienste by elkeen van die ses kolleges aan te bied
- Beurse aan behoeftige studente toe te ken
- Rekenaarlaboratoriums in stand te hou
- Te verseker dat alle studente in IKT opgelei word

14.1 Strategiese Doelstellings

Strategiese Doelwit 5.1	Om te verseker dat institusionele en programbeplanning in lyn is om relevante, meelewende programme te lewer wat in die behoeftes van plaaslike besighede, nywerhede, gemeenskappe en studente sal voorsien, en om 'n bekwamende omgewing vir hoë gehalte geïntegreerde teoretiese/praktiese programlewering te handhaaf deur institusionele beheer en bestuur en operasionele ondersteuning op alle kollegevlakke.
Doelstellingverklaring 5.1.1	1. Sektorgebaseerde navorsing, ontleding en konsultasie word uitgevoer om programme te beplan en goed te keur. Hierdie proses behels kolleges se akademiese bestuur, kollegerade, en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO). 2. Strategiese beplanning onderlê alle vlakke van die stelsel. Die beplanning stel teikens wat op 'n deurlopende basis gemoniteer word. 3. Groei en ontwikkeling van die kolleges word deur begrotings bestuur wat uit die beplanningsproses voortspruit.

Strategiese Doelwit 5.1	Om te verseker dat institusionele en programbeplanning in lyn is om relevante, meelewende programme te lewer wat in die behoeftes van plaaslike besighede, nywerhede, gemeenskappe en studente sal voorsien, en om 'n bekwamende omgewing vir hoë gehalte geïntegreerde teoretiese/praktiese programlewering te handhaaf deur institusionele beheer en bestuur en operasionele ondersteuning op alle kollegevlakke.
Doelstellingver-klaring 5.1.2	1. Om die lewering van VOO-kolleges van gehalte te verseker. Gehaltestandaarde is op die Internasionale Standaardiseringsorganisasie (ISO) gebaseer, en alle programme is aan gehalteversekering deur nasionale (Umalusi, QCTO, HO) en/of internasionale gehalteversekeringsowerhede onderworpe. Praktiese opleidingsfasiliteite (werkswinkels) is deur SOOO's geakkrediteer. 2. Om ondersteuning op alle vlakke te bied • Verkry en koördineer die toewysing van menslike en fisiese hulpbronne • Verseker voortgesette groei in handelsmerktrou en steun vir VOO-kolleges • Maksimaliseer geleenthede vir sinergie deur vennootskappe • Verseker dat kolleges by die snykant bly deur voortgesette innovering, ontwikkeling en personeelgereedheid • Verseker dat studente parate toegang en steun het • Moniteer prestasie regdeur die stelsel
Grondvlak	1. Navorsing en ontleding Prosesse en meganismes om beperkte navorsing te doen, ontleding en beraadslaging is in plek by kolleges en die provinsiale kantoor. 2. In lyn bring van strategiese beplanning: 'n Jaarlikse strategiese beplanningsproses is in plek op die kollege- provinsiale en nasionale vlak. 3. Begrotingsbeplanning: Die strategiese beplanningsproses lewer aanwysende begrotings. 4. Gehalteversekering: Al ses kolleges het ISO 9 000 sertifisering. 93% van kollegeprogramme is aan gehalteversekering deur nasionale en/of internasionale gehalteowerhede onderworpe. 5. Bemarkings- en voorspraakstrategieë en -aktiwiteite word vanaf die provinsiale vlak gekoördineer. Kolleges baat by gekoördineerde ondersteuning in innovering en personeelgereedheid om NS(B)- en ander programme aan te bied. 7. Beurse is vir behoeftige studente beskikbaar, en fondse word vir akademiese ondersteuning toegesê. 8. Statutêre liggame soos Verteenwoordigende Studenterade (VSR'e) akademiese bestuursliggame en kollegerade is by alle kolleges in plek.
Verantwoording	VOO-kolleges het 'n mandaat om beroeps- en bedryfs-onderwys en -opleiding te bied ten einde studente vir die wêreld van werk en/of hoër onderwys voor te berei. Ten einde studente toereikend voor te berei, moet kolleges programme voorsien wat aan die behoeftes van die werkgewers voldoen. Verder het die gehalte van programlewering 'n direkte impak op die verhouding van studente wat behou word en uiteindelik slaag. Lae uitsaksyfers en 'n groot aantal suksesvolle studente het 'n positiewe impak op die ekonomiese groei van die provinsie.
Skakels	Hierdie strategiese doelstelling sal bydra tot die toename in die voorsiening van aanvanklike beroepsonderwys en -opleiding, leerderskappe, vakleerlingskappe, internskappe en vaardigheidsprogramme wat by werkgeleenthede inskakel. Die kolleges speel 'n kernrol om jong mense in onderwysinstansies te hou en om skoolverlaters van geleenthede te voorsien om vir die wêreld van werk voor te berei. Hierdie strategiese doelstelling sal bydra om • die deelname- en sukseskoers van leerders, veral swart leerders, in die Verdere Onderwys en Opleiding-programme te verhoog • die aantal leerders verhoog wat kwalifiseer om tot hoër onderwys toe te tree.
Prestasiemylpale	2010 • 40 000 studente (waarvan 12 500 in NS(B)-programme) wat aan relevante en deelnemende programme by VOO-kolleges deelneem, ondersteun deur voldoende begrotings, infrastruktuur en bekwame personeel. • Uitsaksyfer onder 20% in alle programme • 60% deurkomsyfer in alle programme

Strategiese Doelwit 5.1	Om te verseker dat institusionele en programbeplanning in lyn is om relevante, meelewende programme te lewer wat in die behoeftes van plaaslike besighede, nywerhede, gemeenskappe en studente sal voorsien, en om 'n bekwamende omgewing vir hoë gehalte geïntegreerde teoretiese/praktiese programlewering te handhaaf deur institusionele beheer en bestuur en operasionele ondersteuning op alle kollegevlakke.
Prestasiemylpale	2011 • 45 000 studente (waarvan 12 500 in NS(B)-programme) wat aan relevante en deelnemende programme by VOO-kolleges deelneem, ondersteun deur voldoende begrotings, infrastruktuur en bekwame personeel. • Uitsaksyfer onder 15% in alle programme • 65% deurkomsyfer in alle programme 2012 • 47 000 studente (waarvan 15 500 in NS(B)-programme) wat aan relevante en deelnemende programme by VOO-kolleges deelneem, ondersteun deur voldoende begrotings, infrastruktuur en bekwame personeel. • Uitsaksyfer onder 12% in alle programme • 70% deurkomsyfer in alle programme 2013 • 40 000 studente (waarvan 17 500 in NS(B)-programme) wat aan relevante en deelnemende programme by VOO-kolleges deelneem, ondersteun deur voldoende begrotings, infrastruktuur en bekwame personeel. • Uitsaksyfer onder 10% in alle programme • 75% deurkomsyfer in alle programme 2014 • 55 000 studente (waarvan 20 000 in NS(B)-programme) wat aan relevante en deelnemende programme by VOO-kolleges deelneem, ondersteun deur voldoende begrotings, infrastruktuur en bekwame personeel. • Uitsaksyfer onder 8% in alle programme • 80% deurkomsyfer in alle programme

14.2 Hulpbron-oorwegings

Hulpbronne
Uitgawetendense. Kolleges het 'n mandaat om beroeps- en bedryfsprogramme aan te bied. Die huidige Program 5-begroting maak slegs voorsiening vir die bedryfskoste van 16 000 studente vir die Nasionale Sertifikaat (Beroep), op die kosteberekening van 2008 gebaseer. Dit laat infrastruktuur-instandhouding toe, maar nie kapitaaluithawes om infrastruktuur-kapasiteit te vergroot nie.
Personeel wat toegewys/benodig is ten einde mandaat te verwesenlik: Personeel word meestal vir NS(B)-programme gebruik, en die meeste kolleges dra bykomstige personeelsalarisse om die lewering van ander programme moontlik te maak. Kolleges word aangespoor om beroepslewering te vergroot, maar weens befondsing en ongelyke personeeltoebedeling vind hulle dit moeilik om hieraan te voldoen. Verder moet die kapasiteit en vermoë van personeel vergroot word om studente vir hoër onderwys en die wêreld van werk voor te berei.
Ander insette benodig / voorspel / verlang Verhoogde kapasiteit en befondsing vir navorsing en ontwikkeling. Verhoogde kapasiteit by kolleges om vennootskappe met die bedryf te vorm. Verhoogde kapasiteit om studente met welslae in die bedryf te plaas.

14.3 Risikobestuur

Risiko	Risikoverligting
Wetgewing Die kolleges word tans deur die Wet op VOO-kolleges (Wet 16 van 2006) beheer. Die wet maak voorsiening vir saamlopende nasionale en provinsiale beheer.Die administratiewe verantwoordelikheid vir die Wet is aan die Minister van Hoër Onderwys toevertrou. Die beheermodel wat uit hierdie ontwikkelings voortspruit, is nog nie duidelik nie en die impak op beplanning en ondersteuning kan dus nog nie in hierdie stadium bepaal word nie.	Tot verdere opdragte ontvang word, sal die provinsiale kantoor en kolleges met die huidige beplanning, ondersteuning en take voortgaan wat op die MTUR-begroting gebaseer is.
Begroting Die huidige Program 5-begroting maak vir 16 000 NS(B)-studente teen 2008-formulewaardes voorsiening. Dit is nie voldoende om die volle lewering van die mandaat vir VOO-kolleges te verwesenlik nie. Die begroting maak ook nie vir ’n toename in studentegetalle voorsiening nie. Die kolleges beplan om 40 000 studente in 2010 in te skryf, waarvan 12 500 NS(B) sal wees, en wat 31% van die totale studentegetalle verteenwoordig. Die nasionale plan vir VOO-kolleges beoog 70 tot 80% NS(B)-studente.	Sodra die begrotingsperk bereik is, sal die NS(B)-studentegetalle nie verder vermeerder word nie. Alhoewel NATED-programme uitgefaseer word, sal kolleges in 2010 toegelaat word om nuwe N3- en N4- studente in te skryf.
Personeel Alle doserende personeel benodig deurlopende kapasiteitbou om vir ten volle geïntegreerde lewering van teorie en praktyk in die klaskamer te sorg. Beroepspersoneel moet op ’n gereelde basis aan hul nywerhede blootgestel word ten einde volle begrip van nywerheidsontwikkeling en -prosedures te verseker. Weens leweringsvereistes vind kolleges dit moeilik om personeel vry te stel. Die risiko is dus dat wanneer studente die kolleges verlaat, hulle nie volledig voorberei en emplojeerbaar sal wees nie.	Soos die NS(B)-kurrikulum ontvou, word personeelontwikkelingsbehoeftes gedefinieer. Die provinsiale kantoor en kolleges soek voordurend na vennootskappe met nywerhede om personeel en studente te plaas.
Donateurbefondsing Sektorprojekte soos e-leer-inisiatiewe, SVR-opleiding, *FET College Times*, ontwikkeling van Gevorderde Sagtewareoplossings vir Onderwys en Opleiding (ASSET), en TLO-opleiding word deur donateurbefondsing ondersteun. Die donateurprogram is tans besig om te sluit, en hierdie waardevolle inisiatiewe loop die gevaar dat hulle weens ’n gebrek aan befondsing en samewerking gestaak sal word.	Ander befondsingsmoontlikhede word verken, en die kolleges sal indiwidueel voortgaan met projekte wat hulle as waardevol vir hul spesifieke omstandighede beskou.
IKT en Aansluitbaarheid Die aanvraag na e-leer en die kapasiteit om kollege-inligting te bestuur neem toe, maar daar is baie min befondsing beskikbaar om dit te ondersteun. Verder stel e-leer en VOOBIS eise aan die huidige aansluitbaarheid waaraan daar sonder vergrote kapasiteit moeilik voldoen kan word.	Die kolleges vergroot die befondsing en kapasiteit vir IKT en aansluitbaarheid, maar sal nie sonder finansiële steun tot volle nakoming in staat wees nie.

15. Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes

Doel: Om Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (BOOV) ingevolge die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes te voorsien.

Ontleding per subprogram:

Subprogram 6.1: Subsidies vir Private Sentrums
om spesifieke private BOOV-sentrums deur subsidies te ondersteun
Subprogram 6.2: Professionele Dienste
om opvoeders en studente by BOOV-sentrums van departementeel bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien
Sub-program 6.3: Mensehulpbronontwikkeling
om in die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in BOOV-sentrums te voorsien

Beleidsontwikkelings:

- Gehaltebeheer: Implementering van relevante wetgewing en regulasies
- Verbeterde Bestuur: Implementering va n bas iese di ensvoorwaardes soos d eur toepaslike o oreenkomste/ strukture m.b.t. arbeidsverhoudings bepaal
- Bemarking- en voorspraak-strategie wat aanleiding tot verhoogde deelname aan leer deur volwassenes, en ’n toename in leerdergetalle gee
- Vaardighede, ni e-formele e n alter natiewe programme e n die nste in s amewerking me t ven note a angebied, met inbegrip van VOO-kolleges, provinsiale departemente, en die Departement van Arbeid (DvA)
- Sleutel-opleidingintervensies in beheer en bestuur
- Ontwikkeling van beleid, prosedures en riglyne vir sentrumbeheerliggame en VRL'e
- Inname van leerders in die Kha Ri Gude Geletterdheidsveldtog

15.1 Strategiese Doelstellings

Strategiese Doelwit 6.1	Om steun vir die bestuur en beheer van (B)OOV deur beleidsontwikkeling en strategiese intervensies te voorsien wat doeltreffende kurrikulumlewering in Volwasseneleersentrums fasiliteer; om opvoeders en studente by BOOV-sentrums van departementeelbestuurde dienste te voorsien, en om na die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders om te sien.
Doelstellingverklaring	Voorsien toegang tot ’n relevante kurrikulum aan volwassenes wat onderwys nodig het. Verlaag die ongeletterdheidkoers onder volwassenes en jeugdiges deur ondersteuningstelsels vir ’n kurrikulumraamwerk wat studente met funksionele geletterdheid-, syfervaardigheid- en kommunikasievaardighede sal toerus. Voorsien leer- en onderrighulpbronne van die hoogste gehalte. Verseker dat programme by die aanvraag inpas. Vestig ’n uitgebreide databasis en navorsingsagenda. Bring BOOV-programme en vaardigheidgebaseerde opleiding in lyn, en spoor aanvullende skakels aan. Fasiliteer samewerking tussen BOOV-deelhebbers, regeringsdepartemente, die private sektor en ander belangegroepe. Verseker dat praktisyns en bestuurders bevoeg is om die nuwe programme wat aangebied word, te implementeer, deur werkswinkels en kurrikulumversterkende forums te hou. Verhoog die gehalte van onderrig en leer deur opleidingsprogramme vir onderwysers en beroepsvoorligtingprogramme vir studente. Versterk en verryk die kennisbasis van die OOV Kurrikulumadviesdiens deur die betrokkenheid daarvan by nasionale aktiwiteite aan te moedig, en ook deur netwerkaktiwiteite met ander provinsies te bevorder.

Strategiese Doelwit 6.1	Om steun vir die bestuur en beheer van (B)OOV deur beleidsontwikkeling en strategiese intervensies te voorsien wat doeltreffende kurrikulumlewering in Volwassene-leersentrums fasiliteer; om opvoeders en studente by BOOV-sentrums van departementeel-bestuurde dienste te voorsien, en om na die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders om te sien.
Grondvlak	Daar is 333 sentrums: 8 sentrums betrek hul eie (WKOD) geboue; 42 000 leerders; 1 200 opvoeders met inbegrip van 88 voltydse kontraksentrumbestuurders en sentrumkoördineerders en 12 opvoeders permanent in diens. Die res van die opvoeders word by die uur betaal teen 'n bedrag wat deur sentrumbeheerliggame bepaal word. BOOV Vlak1-4 word aan 13 490 leerders aangebied, terwyl kort vaardigheidsprogramme op 'n ad hoc-basis aangebied word. Sentrums werk bedags, middag/aand en is in skole gesetel. Nie alle sentrums het volledig funksionerende beheerliggame nie. Regulasies oor Norms en Standaarde vir Befondsing van Sentrums is op 14 Desember 2007 gepubliseer. Tans is praktisyns en bestuurders nie ten volle opgelei om die kurrikulum doeltreffend te implementeer nie. Die BOOV Vlak 1-4 Kurrikulum is onlangs hersien. 'n Nuwe nasionale kwalifikasie is in plek. Data aangaande kurrikulumhulpbronne en vaardigheidsontwikkelingsprogramme is versamel.
Verantwoording	Opvoeding vir volwassenes kan bydra om vaardighede te voorsien wat 'n florerende ekonomie in die provinsie kan bou. Die BOOV Kurrikulum is onlangs hersien om aan die vereistes van die 21ste eeu te voldoen. Daarom is daar 'n groot aanvraag na ondersteuningsdienste op alle regeringsvlakke.
Skakels	Leersentrums vir volwassenes bedien buiteskoolse jeugdiges en help om studente vir indiensneming voor te berei. Daar is 'n strek skakel tussen volwassene- en kindergeletterdheid. Deur onderwysprogramme vir volwassenes sal voornemende volwasse leerders in 'n beter posisie wees om skoolgaande kinders (eie, familie en gemeenskap) in die verbetering van hul geletterdheid- en syfervaardigheidsvlakke te ondersteun. Dit kan derhalwe direk by die WKOD se Geletterdheid- en Syfervaardigheidstrategie inskakel.
Prestasiemylpale	2010 • Vestig 'n eendag-werksentrum met 'n kernkomponent van voltydse kontrakpersoneel PER DISTRIK • 34 700 BOOV-studente, met inbegrip van dié op vaardigheidsprogramme • Uitbreiding van Loodsprogram vir Gesinsgeletterdheid in 11 OOV-sentrums. • Sertifisering van alle sentrums in lyn met Standaarde vir Norms en Standaarde. • Verken die doenbaarheid van OOOP-Seta-leerderskappe aan ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde opvoeders. • Loodsstudie oor regulasies vir norms en standaarde in 8 sentrums, d.w.s. 1 per distrik. • Voorsien leiding in kurrikulumbestuur en opleidingsmateriaal, en fasiliteer programme vir VOO-bestuurders • Ontwikkel en fasiliteer opleidingsprogramme en materiaal vir onderwysers • Ontwikkel materiaal oor beroepsvoorligting en motiveringsprogramme wat studente na geskikte leerbane sal lei • Voorsien databasis van bestaande kurrikulumhulpbronne 2011 • Vestig 2 tweedag-werksentrums per distrik • 36 000 BOOV-studente, met inbegrip van dié op vaardigheidsprogramme • Implementering van Befondsingregulasies vir Norms en Standaarde aan alle GLS'e in alle distrikte • Implementering van 'n leerderopspoorstelsel vir volwasse leerders • Ontwikkel en fasiliteer opleidingsprogramme en materiaal vir onderwysers • Fasiliteer toegang tot vaardigheidsontwikkelingsprogramme vir studente • Verbeter prestasie van studente op NKR Vlak 1 • Verbeter deelname aan vaardigheidsprogramme, en welslae van volwasse studente in vaardigheidsontwikkelingsprogramme wat deur die WKOD aangebied word

Strategiese Doelwit 6.1	Om steun vir die bestuur en beheer van (B)OOV deur beleidsontwikkeling en strategiese intervensies te voorsien wat doeltreffende kurrikulumlewering in Volwassene-leersentrums fasiliteer; om opvoeders en studente by BOOV-sentrums van departementeel-bestuurde dienste te voorsien, en om na die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders om te sien.
Prestasiemylpale	2012 • Hou 2 tweedag-werksentrums per distrik in stand • 36 000 BOOV-leerders, met inbegrip van dié op vaardigheidsprogramme • Voortgaande ontwikkeling van kurrikulumprogramme en -materiaal vir onderwysers • Verbeter toegang tot programme wat geleenthede bied vir toegang tot vaardigheidsontwikkeling Fokus op verbeterde prestasie van studente op NKR Vlak 1 om 'n baan na VOO-kolleges te skep 2013 • Konsolideer die werking van werksentrums wat bedags werk (voltyds) in lyn met relevante wetgewing, bv. Befondsingsregulasies vir Norms en Standaarde, sowel as die implementering van vaardighede en alternatiewe programme. • Voortgaande ontwikkeling van kurrikulumprogramme en -materiaal vir onderwysers • Verbeter toegang tot programme wat geleenthede bied vir toegang tot vaardigheidsontwikkeling • Fokus op verbeterde prestasie op NKR Vlak 1 om 'n baan na VOO-kolleges te skep 2014 • 36 000 volwasse BOOV-studente wat by 300 sentrums verkeer (105 hoofsentrums). • In Graad 12 sal die invoer van 'n Matrieksertifikaat vir volwassenes, en vaardigheidsprogramme in samewerking met VOO-kolleges, die voorneme van die WKOD weerspieël om behoeftegedrewe leerprogramme vir volwassenes te voorsien. • Studenteprestasie en vordering sal deur 'n doeltreffende opspoorstelsel opgespoor word. • Voortgaande ontwikkeling van kurrikulumprogramme en -materiaal vir onderwysers • Verbeter toegang tot programme wat geleenthede bied vir toegang tot vaardigheidsontwikkeling • Fokus op verbeterde prestasie op NKR Vlak 1 om 'n baan na VOO-kolleges te skep

15.2 Hulpbron-oorwegings

Hulpbronne
1. *Uitgawetendense.* OOV-lewering is 'n integrale deel van m ensekapitaalontwikkeling in die Wes-Kaap. Dit maak voorsiening vir 'n bedu idende toename in d ie aantal vo lwasse leerders, veral jeugdiges en werkloses, wat aa n leerprogramme vir volwassenes deelneem. OOV lê die grondslag vir vaardigheidgebaseer de programme, terwyl OOV-sentrums gerieflik geplaas is om akademiese en vaar digheidgebaseerde progra mme aan te bie d. Skakeling me t VOO-kolleges, besigh ede en ander regeringsdepartemente sal nood saaklik wees. Die uitdaging w aarmee hierdie sektor te kampe het, is 'n tekort aan hu lpbronne en bef ondsing. Die hui dige begroting, wat afgesien van 'n beskeie jaarlikse verhoging oor die afgelope vyf jaar geen toe name getoon h et nie, maak nie voorsiening vir die verbetering van diensvoorwaardes van OOV -praktisyns nie. GLS'e is dikwels va n die goedgesindheid van beheerliggame en S BS'e van gasheerinstansies (dikwels openbare gewone skole) afhanklik.
2. *Personeel wat toegewys/benodig is ten einde mandaat te verwesenlik:* Voltydse permanente of kontrakpersoneel wat vir die lang termyn (minstens 3 ja ar) aangestel is, word benodig vir hierdie sektor om sy manda at na te kom. Die hoë personeelomset onder opvoeders beklemtoon die behoefte om di e diensvoorwaardes en vergo eding van opvo eders te hersien.
3. *Ander insette benodig:* Die plan veronderstel 'n vergrote begroting vir Program 6.Dit impliseer dat sentrums alternatiewe bronne van inkomste moet vind om hul inkomste aan te vul, en dat hulle nie sle gs op WKOD-be fondsing kan sta atmaak nie. Terwyl vennootskappe met regeringsdepart ementе en bes ighede GLS'e oo r die afgelope 6 jaar gehelp het om hul befondsing aan te vul, ervaar GLS'e toenemend probleme om bykomstige befondsing te bekom.

15.3 Risikobestuur

Risiko	Risikoverligting
Personeelomset	Verseker sentrumbestuur en diensvoorwaardes wat personeelbehoud in die hand werk
Fasiliteite ongeskik vir voldoende lewering van die kurrikulum.	Verseker voldoende akkommodasie so ver moontlik.
Skakels met die Kha Ri Gude-program wat in die provinsie loop.	Ontwikkel 'n verstandhouding met die Kha Ri Gude-koördineerders.
Gebrek aan leiding oor watter hulpbronne en toerusting sentrums benodig.	Duidelike riglyne in terme van die seleksie van hulpbronne en toerusting by die sentrums sal ontwikkel en aan die sentrums uitgereik word.
Vertragings in wetgewende prosesse, d.w.s. arbeidverhoudings en basiese diensvoorwaardes van OOV-personeel.	Op 'n provinsiale vlak sal daar weer aandag gegee word aan die diensvoorwaardes van voltydse kontrakpersoneel.
'n Onvoldoende begroting vir die uitrol van die Befondsingsregulasies vir Norms en Standaarde (gepubliseer Desember 2007) sal implementering hinder.	Ondersoek sal ingestel word na die implikasies van nie-nakoming en 'n beperkte begroting.
Die vestiging van doeltreffende sentrumbeheerliggame vereis dat provinsiale regulasies in plek geplaas word. Vertragings in die publikasie van hierdie regulasies kan 'n nadelige uitwerking op beheerliggame hê.	Konstante kommunikasie met die wetsraadgewer om te verseker dat daar geen onnodige vertragings is om die proses te hinder nie.
Die hervestiging van onderwys vir volwassenes by hoër onderwys, en die invoer van 'n nuwe OOV-raamwerk.	Gereelde kontak met die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.
Die invoer van korttermynprogramme of inisiatiewe sou die fokus en energie ter wille van korttermynwins kon wegkeer.	Bly op die koers om die strategiese doelstellings van die WKOD te verwesenlik.
Gebrek aan steun en befondsing vir die implementering van 'n gepaste leerderopspoorstelsel vir OOV.	'n Basiese OBIS-stelsel vir OOV.
Die departement se onvermoë om 'n alternatiewe kurrikulum vir volwasse leerders in die VOO-baan te voorsien wanneer die ou kurrikulum (Verslag 550) in 2011 beëindig word.	Die WKOD sal met VOO-kolleges skakel om die moontlikheid te verken om beroepsprogramme by VOO-sentrums aan te bied.

Algemeen
Een van die WKOD se doelstellings is om toepaslik gekwalifiseerde personeel met mededingende salarispakkette na die sektor te lok. Die aard van die aanstelling van OOV-personeel hang daarvan af of toepaslike arbeidswet gewing gepromulgeer word. Daar is prosesse wat tans op 'n nasionale vlak onderneem word, maar wat aan vertragings onderworpe is. In geval dit gebeur, sal die WKOD die moontlikheid oorweeg om vir personeel kontrakte in die langer termyn aan te bied ten einde die sektor te stabiliseer. Om toepaslik gekwalifiseerde personeel te lok, vereis meer aantreklike salarispakkette en beter werksomstandighede. Die implementering van die Norms en Standaarde Befondsing vir Leer sentrums vir Volwassenes sal vereis dat sentrums beter toegerus word om 'n meer professionele diens aan die gemeenskap te bied. Dit sal kantoor- en IKT-toerusting vir sentrums beteken. Die implementering van die nuwe BOOV-kurrikulum vir vlak 2 – 4 vereis ook volgehoue befondsing vir die kopiëring van materiaal wat op die nasionale vlak ontwikkel is, asook befondsing vir die opleiding van opvoeders binne die distrikte. Al hierdie aspekte sal groter eise aan die OOV-begroting stel. Daar sal alternatiewe maniere vir befondsing gevind moet word. WKOD-geboue wat leeg staan, kan vir gebruik deur OOV-sentrums oorweeg word. Een van die mees problematiese risiko's vir die OOV-sektor is die moontlike hervestiging daarvan in die Ministerie van Hoër Onderwys en Opleiding. Dit sal dit nodig maak om die manier waarop die sektor die afgelope paar jaar gefungeer het, grondig te herbedink. Aan die een kant open dit wel nuwe en opwindende moontlikhede, bv. die vorming van vennootskappe met VOO-kolleges ten einde 'n beter diens aan die gemeenskap te bied. Aan die ander kant stel dit vrae oor waar sentrums geakkommodeer sal word. Prosesse op 'n nasionale vlak is weereens van deurslaggewende belang om die landskap van die toekoms te bepaal.

16. Program 7: Vroeë-kind-ontwikkeling

Doel: Om Vroeë-kind-ontwikkeling (VKO) ingevolge Witskrif 5 op die Graad R-vlak te voorsien

Ontleding per subprogram:

Subprogram 7.1: Graad R in Openbare Skole
om aan spesifieke openbare gewone skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R vereis word, en om meer skole sal aan te spoor om Graad R-klasse waar daar ruimte is, te vestig
Subprogram 7.2: Graad R in Gemeenskapskole
om bepaalde gemeenskapsentrums op die Graad R-vlak te ondersteun
Subprogram 7.3: Professionele Dienste
om opvoeders en leerders in VKO-sentrums van departementeel bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien
Sub-program 7.4: Mensehulpbronontwikkeling
om in die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in VKO-sentrums te voorsien

Beleidsontwikkelings:

Die beleidsdoel van die provinsie is om Graad R-programme van hoë gehalte aan alle vyfjarige kinders te voorsien. Hierdie programme bevorder die sosiale, kognitiewe, emosionele en fisiese ontwikkeling van vyfjariges, en verseker in die besonder dat kinders veilige en stimulerende leeromgewings ervaar. Dit is veral belangrik in gemeenskappe waar ouers ongeletterd, en tuistes teks- en hulpbron-arm is.

Die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) Graad R spel uit watter kennis en vaardighede vir vyfjariges geleer behoort te word. Die uitdaging aan provinsies is om te verseker dat die leerspesifikasies van die Graad R-NKV, veral die spesifikasies vir Geletterdheid en Syfervaardigheid, teen 2014 aan alle leerders in Graad R-sentrums onderrig, en deur hulle aangeleer is. Die uitbreiding van Graad R vereis dat 3 000 leerders in ongeveer 50 nuwe sentrums jaarliks in arm en plattelandse gemeenskappe geakkommodeer word. Die Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP) is na die VKO-sektor uitgebrei, en maak vir 'n leerderskapprogram voorsiening, sowel as vir hulpbronpakkette aan geselekteerde onafhanklike skole (gemeenskapsentrums).

Die Norms en Standaarde vir Graad R-befondsing is op 18 Januarie 2008 in Staatskoerant nr. 30679 as 'n wysiging tot die Nasionale Norms en Standaarde vir Skoolbefondsing gepubliseer.

Ingevolge die voorstel van Witskrif 5 (2001) sal die staat 'n gefaseerde benadering volg wanneer openbaar-befondsde Graad R in openbare skole ingestel word. Die pro-arm-benadering bevoordeel die mees benadeelde skole. Die teiken vir die land was om teen 2010 universele toegang tot Graad R te hê, maar dit is nou vir 2014 geskeduleer. Die WKOD is daartoe verbind om aan die nasionale mandaat uitvoering te gee dat toegang tot gehalte-onderwys vir so veel as moontlik vyfjarige kinders in die provinsie voorsien sal word.

16.1 Strategiese Doelstellings

Strategiese Doelwit 7.1	Om aan spesifieke openbare gewone skole en geïdentifiseerde onafhanklike skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R nodig is, en om toestande daar te stel wat meer skole sal aanspoor om Graad R-klasse in bestaande beskikbare klaskamers of nuwe Graad R-klaskamers te vestig, en om die vlak 1, 4 en 5 opleiding van VKO-praktisyns te koördineer ten einde emosionele, kognitiewe, gesondheids- en fisiese sorg en 'n stimulerende leeromgewing aan 0- tot 4-jariges te kan verskaf.
Doelstellingverklaring 7.1.1	Om te verseker dat Graad R-klasse jaarliks in 100 openbare en 50 onafhanklike skole van binne- en buitemuurse uitrusting voorsien word wat uit leesboeke, legkaarte, speletjies, musiekinstrumente, tapyte, buitemuurse toerusting en wielspeelgoed bestaan. Om jaarliks fondse opsy te sit vir die inkrementele uitbreiding van klaskamers by openbare gewone skole: dié voorsiening sluit 50 Graad R-klaskamers in. Die besluite aangaande ligging, wat op demografie en behoeftes gebaseer is, word in samewerking met die distrikte en die Departement van Vervoer en Openbare Werke geneem.

Strategiese Doelwit 7.1	Om aan spesifieke openbare gewone skole en geïdentifiseerde onafhanklike skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R nodig is, en om toestande daar te stel wat meer skole sal aanspoor om Graad R-klasse in bestaande beskikbare klaskamers of nuwe Graad R-klaskamers te vestig, en om die vlak 1, 4 en 5 opleiding van VKO-praktisyns te koördineer ten einde emosionele, kognitiewe, gesondheids- en fisiese sorg en 'n stimulerende leeromgewing aan 0- tot 4-jariges te kan verskaf.
Doelstellingverklaring 7.1.2	Deur die Uitgebreide Program vir Openbare Werke koördineer die WKOD jaarliks die opleiding van 1 500 VKO-praktisyns op VKO-vlakke 1, 4 en 5. Die 18 maande VKO-opleiding wat verskaf word, sal VKO-praktisyns met die nodige kennis en vaardighede toerus om emosionele, kognitiewe, fisiese en gesondheidsorg en 'n stimulerende leeromgewing vir 0 tot 4-jariges te bied.
Grondvlak 7.1.1	Daar is 39 555 Graad R-leerders by openbare gewone skole en 30 000 Graad R-leerders by gemeenskapsentrums, wat beteken dat 73% van die vyf- tot sesjariges in onderwysinstansies is. Dit sluit egter nie die vyf- tot sesjarige kinders in, wat in spesiale skole en private skole is nie. Die *per capita* leerdersubsidie wat van R12 vir Kwintiel 1 en 2-skole tot R5 vir Kwintiel 5-skole wissel, word in Julie en November elke jaar oorgeplaas. Daar word voorgestel dat die *per capita* leerdersubsidie vervang word met die inkrementele implementering van die Nasionale Norms en Standaarde vir Graad 3-befondsing, wat gelyk is aan ongeveer 50% van die uitgawes op die Graad 1-leerder, en verder dat betalings in April en Oktober na skole oorgeplaas word.
Grondvlak 7.1.2	Die term 'VKO-praktisyn' word vir 'n persoon gebruik wat 'n VKO vlak 4-Sertifikaat het (NKR Vlak 4) of 'n VKO vlak 5-Diploma (NKR Vlak 5). Hierdie persone is nie gekwalifiseerde onderwysers op ROKW 13 nie, maar hulle word toegelaat om by die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders te registreer. By die meeste openbare gewone skole word die Graad R-leerders deur 'n VKO-praktisyn onderrig wat in besit van 'n VKO vlak 4-Sertifikaat is. Dit is tans die minimum vereiste vir 'n VKO-praktisyn. Daar word verwag dat hierdie VKO-praktisyns hul kwalifikasies oor die volgende vyf jaar na 'n Baccalau-reusgraad in Opvoedkunde (Grondslagfase) sal opgradeer op ROKW 14 indien hulle Graad R-leer-ders wil onderrig. Die VKO-praktisyns wat via die UOWP opgelei word, is meestal in onafhanklike skole (gemeenskapsentrums, dagsorgsentrums of kinderhawes) en werk met kinders van 0 tot 4 jaar. Die klasgelde van die VKO-praktisyns word in drie paaiemente aan die VOO-kolleges betaal wat die opleiding verskaf, en elke praktisyn ontvang 'n maandelikse salaris. VOO-kolleges het ook vennoot-skappe met die verskaffers van VKO-opleiding wat hulle met die opleiding van VKO-praktisyns bystaan.
Verantwoording	Om praktisyns met relevante vaardighede toe te rus wat soveel babas, kleuters en jong kinders as moontlik sal help om toegang tot gehalte-onderwys te kry.
Skakels	1. Om universele toegang tot Graad R-onderrig aan soveel as moontlik vyf- tot sesjarige kinders te bied, sal hulle in staat stel om die grondslagvaardighede in Geletterdheid en Syfervaardigheid te verwerf, wat toekomstige leer en akademiese prestasie sal versterk. 2. Hoogs vaardige praktisyns sal gehalte-onderwys verskaf.
Prestasiemylpale	2010 • Toegang tot Graad R-leeromgewings van gehalte vir 80% van die vyf- tot sesjariges in die provinsie • 2 253 praktisyns voltooi 'n VKO-kwalifikasie 2011 • Toegang tot Graad R-leeromgewings van gehalte vir 85% van die vyf- tot sesjariges in die provinsie • 2 000 praktisyns voltooi 'n VKO-kwalifikasie • 120 VKO-praktisynsassistente voltooi hul opleiding 2012 • Toegang tot Graad R-leeromgewings van gehalte vir 90% van die vyf- tot sesjariges in die provinsie • 2 000 praktisyns voltooi 'n VKO-kwalifikasie • 60 VKO-praktisynsassistente voltooi hul opleiding

Strategiese Doelwit 7.1	Om aan spesifieke openbare gewone skole en geïdentifiseerde onafhanklike skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R nodig is, en om toestande daar te stel wat meer skole sal aanspoor om Graad R-klasse in bestaande beskikbare klaskamers of nuwe Graad R-klaskamers te vestig, en om die vlak 1, 4 en 5 opleiding van VKO-praktisyns te koördineer ten einde emosionele, kognitiewe, gesondheids- en fisiese sorg en 'n stimulerende leeromgewing aan 0- tot 4-jariges te kan verskaf.
Prestasiemylpale	2013 • Toegang tot Graad R-leeromgewings van gehalte vir 95% van die vyf- tot sesjariges in die provinsie • 2 000 praktisyns voltooi 'n VKO-kwalifikasie • 90 VKO-praktisynsassistente voltooi hul opleiding 2014 • Toegang tot Graad R-leeromgewings van gehalte vir 100% van die vyf- tot sesjariges in die provinsie • 2 000 praktisyns voltooi 'n VKO-kwalifikasie • 120 VKO-praktisynsassistente voltooi hul opleiding

16.2 Hulpbron-oorwegings

Hulpbronne
Uitgawes Alhoewel die begroting oor die afgelope vyf jaar aansienlik toegeneem het, beteken die aanvraag na nuwe sentrums en hulpbronne vir bestaandes, stelun vir die opleiding van nuwe praktisyns, en verbetering van salarisse vir werkende praktisyns dat hierdie sektor verhoogde befondsing sal benodig.
Personeel Gesien die voorgestelde inkrementele uitbreiding van getalle, sal van WKOD-personeel verwag word om weens die groeiende getalle van openbare gewone en onafhanklike skole, bystand te verleen met die registrasie van plekke en leerders, met die monitering en evaluering van plekke, en met die voorsiening van steun en leiding aan die Skoolbeheerliggame.

16.3 Risikobestuur

Risiko	Risikoverligting
Onvoldoende personeel om alle VKO-doelstellings te verwesenlik	'n Werkstudieondersoek is aangevra om vas te stel of die behoefte aan enige bykomstige personeel oorweeg behoort te word.
Vertraging in die verkryging van goedere en dienste	Verkry goedere en dienste betyds.
Gebrek aan betroubare VKO-data	Versoek skole om jaarlikse opnamevorms betyds terug te stuur. Versoek 'gemeenskapsentrums' om as onafhanklike skole te registreer. Registreer alle Graad R-leerders by onafhanklike skole op SOBIS.
Vertraging in die respons van skole	Omsendbriewe en aangesig-tot-aangesig inligtingsessies
Afhanklikheid van ander departemente vir die lewering van klaskamers	Die beplanning vir die lewering van klaskamers behoort betyds gedoen te word, d.w.s. voor die begin van die nuwe belastingjaar. Gereelde vergaderings aangaande die vordering met die gebou of klaskamers behoort met al die deelhebbers gehou te word.
OUWP-leerderskappe – uitsaksyfer van leerders	Deeglike sifting en assessering van alle applikante vir die OUWP-leerderskappe. Van elke leerders word verwag om 'n MvV te onderteken. Kolleges word versoek om maandelikse verslae te voorsien waarin hulle moontlike probleme aandui.
Begroting en lewerbare goedere nie in lyn nie	Gereelde hersienings en verstellings van teikens. Gereelde opdatering van die databasis vir VKO-registrasie.

17. Program 8: Hulp- en Verwante Dienste

Doel: Om onderwysinstansies as ’n geheel van ondersteuning te voorsien

Ontleding per subprogram:

Subprogram 8.1: Betalings aan SETA
om ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling mensehulpbronontwikkeling vir werknemers te voorsien
Subprogram 8.2: Voorwaardelike Toekenning-projekte [Verwys na Deel C van hierdie dokument]
om vir projekte voorsiening te maak soos deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer, wat op meer as een program van toepassing is en uit voorwaardelike toekennings befonds word
Sub-program 8.3: Eksterne Eksamens
om vir departementeel bestuurde eksamendienste voorsiening te maak
Sub-program 8.4: Onderwysopleiding [Verwys na Spesifieke Doelstelling 1.10, onder Program 1]
om met die voorsiening van gekwalifiseerde en bevoegde onderwysers vir die onderwysberoep te help
Sub-program 8.5: iKapa Elihlumayo
om stelsels en programme te ontwikkel ten einde die deurkomsyfer en indiensnemingsgeleenthede vir leerders te verbeter

17.1 Strategiese Doelstellings

Let op dat die Strategiese Doelstelling vir E-leer en vir Edulis in Program 1 ingesluit is, aangesien die grootste deel van hul befondsing uit daardie bron kom.

Strategiese Doelwit 8.1	Om toegang tot alle eksterne eksamens te voorsien; die geloofwaardigheid van die eksamen- en assesseringsprosesse te verseker; te verseker dat alle skole eksamens en skoolgebaseerde assesserings doeltreffend bestuur; en leer te ondersteun.
Doelstellingverklaring	1. Om te verseker dat skole en eksamensentra die nodige eksamen- en assesseringsbeleid korrek en konsekwent implementeer, ten einde die geloofwaardigheid van die hele eksaminering- en assesseringstelsel te versterk. 2. Om te verseker dat skoolgebaseerde assesseringspunte geldig en betroubaar is. 3. Om leerderprestasie in alle skole te ondersteun deur kwantitatiewe en kwalitatiewe data via verslae oor eksamens en ander assesserings te verskaf, asook deur geïdentifiseerde skole, sentrums vir volwassenes en hul leerders vir hul prestasie te beloon.
Grondvlak	1. Die Nasionale Seniorsertifikaateksamens word jaarliks deur ongeveer 45 000 kandidate geskryf, en die BOOV vlak 4-eksamens word jaarliks deur ongeveer 3 000 kandidate geskryf. Beleid en regulasies in eksamens en assessering bepaal hoedat skole en eksamensentra eksamens en interne assessering bestuur. Dit is belangrik dat hierdie instansies by beleid hou, sodat die integriteit van die kwalifikasies (Nasionale Seniorsertifikaat en BOOV vlak 4) gehandhaaf word. Beplanning en monitering van die eksaminering- en assesseringsprosesse op die vlak van instansies is essensieel om te verseker dat skole beleid m.b.t. eksamens en assessering nakom. 2. Beleidsdokumente en regulasies aangaande eksamens en assessering is ontwikkel en onder skole versprei. Skoolgebaseerde assessering moet op ’n deurlopende basis op skoolvlak deur die vakhoof gemodereer word. Die kurrikulumadviseur moet ook moderering toepas wanneer hy/sy skole besoek. 3. Skole word van die relevante hoeveelhede kwantitatiewe data per vraagontleding van NSS-eksamens voorsien; Skoolgebaseerde Assessering met eksamenuitslae vergelyk; vakprestasiedata; ander spesifieke data op ’n behoeftebasis en verslae van hoofnasieners vir die NSS-eksamens sodat ontleding van die prestasie op die distrik- en skoolvlak gedoen kan word. Toekennings word aan skole en leerders gebied wat buitegewoon goed in die eksamens presteer.

Strategiese Doelwit 8.1	Om toegang tot alle eksterne eksamens te voorsien; die geloofwaardigheid van die eksamen- en assesseringsprosesse te verseker; te verseker dat alle skole eksamens en skoolgebaseerde assesserings doeltreffend bestuur; en leer te ondersteun.
Verantwoording	1. Die graad 12-eksamen is 'n uitgangseksamen wat bepaal of 'n kandidaat tot Hoër Onderwys kan toetree, terwyl die BOOV vlak 4-eksamen die einde van die AOO-fase aandui en vir leerders toegang tot die VOO-band bied. 2. Dit is belangrik dat die standaard en gehalte van skoolgebaseerde assessering oor skole heen geloofwaardig is, en dat die eksterne eksamens sonder enige onreëlmatighede plaasvind. Vertroue deur die publiek in eksamens en assessering verhoog die waarde van die kwalifikasie, Ontleding van eksamenuitslae en die voorsiening van data aan skole sal skole help om intervensies te beplan en om uitslae in die toekoms te verbeter.
Skakels	1. Verbeterde assesseringspraktyke het 'n impak op beter leerderprestasie. Moderering op alle vlakke sal verseker dat standaarde verbeter, en oor skole en oor alle distrikte heen gehandhaaf word. 2. Wanneer skole beleid en regulasies nakom, word die geloofwaardigheid van die assessering by die skool verhoog. 3. Daar word verwag dat identifisering van swak prestasie, en die intervensies om dit die hoof te bied, leerderprestasie sal verbeter. Belonings dien as aansporing om leerderprestasie te versterk.
Prestasiemylpale	2010 • Voorsiening van Graad 12 en BOOV vlak 4-eksamens. • Bemiddeling van eksamen- en assesseringsbeleid met Distrikte. • Provinsiale moderering in die vierde kwartaal in Graad 12 en in BOOV vlak 4 uitgevoer. • Beplanners, adviseurs en skole ontvang data-ontleding per vraag en per vak vir die NSS. Werkswinkels vir data-ontleding word vir onderpresterende skole gehou. Suksesvolle leerders en skole ontvang sertifikate en geldelike belonings. 2011 • Voorsiening van Graad 12 en BOOV vlak 4-eksamens. • Bemiddeling van eksamen- en assesseringsbeleid met Distrikte. • Provinsiale moderering in Graad 12 en in BOOV vlak 4 uitgevoer. • Beplanners, adviseurs en skole ontvang data-ontleding per vraag en per vak vir die NSS. Werkswinkels vir data-ontleding word deur distrikte vir onderpresterende skole gehou. Suksesvolle leerders en skole ontvang sertifikate en geldelike belonings. 2012 • Voorsiening van Graad 12 en BOOV vlak 4-eksamens. • Bemiddeling van eksamen- en assesseringsbeleid met Distrikte. • Provinsiale moderering in Graad 12 en in BOOV vlak 4 uitgevoer. • Beplanners, adviseurs en skole ontvang data-ontleding per vraag en per vak vir die NSS. Werkswinkels vir data-ontleding word deur distrikte vir onderpresterende skole gehou. Suksesvolle leerders en skole ontvang sertifikate en geldelike belonings. 2013 • Voorsiening van Graad 12 en BOOV vlak 4-eksamens. • Bemiddeling van eksamen- en assesseringsbeleid met Distrikte. • Provinsiale moderering in Graad 12 en in BOOV vlak 4 uitgevoer. • Beplanners, adviseurs en skole ontvang data-ontleding per vraag en per vak vir die NSS. Werkswinkels vir data-ontleding word deur distrikte vir onderpresterende skole gehou. Suksesvolle leerders en skole ontvang sertifikate en geldelike belonings. 2014 • Voorsiening van Graad 12 en BOOV vlak 4-eksamens. • Bemiddeling van eksamen- en assesseringsbeleid met Distrikte. • Provinsiale moderering in Graad 12 sowel as BOOV vlak 4 uitgevoer. • Beplanners, adviseurs en skole ontvang data-ontleding per vraag en per vak vir die NSS. Werkswinkels vir data-ontleding word deur distrikte vir onderpresterende skole gehou. Suksesvolle leerders en skole ontvang sertifikate en geldelike belonings.

Sub-program 8.5: Ikapa

Strategiese Doelwit 8.2	Om fokus- en Dinaledi-skole te ondersteun en te versterk, en om Sentrums van Uitnemendheid vir Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde (WTIW) vir die ontwikkeling van gespesialiseerde kennis en vaardighede te vestig.
Doelstellingverklaring	Verhoog die aantal leerders, veral meisies, wat Wiskunde en Natuurwetenskap neem en daarin slaag. Spesiale aandag word daaraan gegee om die aantal Swart (Afrikaan, Bruin, Indiër en Asiatiese) leerders te verhoog. Onderrig sal in goed toegeruste skole met toegang tot rekenaargesteunde leer gegee word, en deur onderwysers wat bekwaam is om Wiskunde- en Natuurwetenskaponderrig van gehalte te gee.
Grondvlak	In 2008 was die slaagsyfer vir Wiskunde in Dinaledi- en Wiskunde en Wetenskap-fokusskole 62.6%, en vir Natuurwetenskap 75.3%. In 2009 was die slaagsyfer vir Wiskunde 54% en vir Natuurwetenskap 49.6%. 4 564 leerders het Wiskunde geskryf, waarvan 2 490 geslaag het, en 3 016 het Natuurwetenskap geskryf, waarvan 1 496 geslaag het. Van die 7 789 leerders wat die NSS-eksamens in Dinaledi-skole geskryf het, het slegs 1 996 (25.63%) uitslae behaal wat hulle sal toelaat om vir 'n baccalaureusgraad te registreer, en van die 917 in Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie-skole het slegs 121 (13.2%) hierdie vlak bereik.
Verantwoording	Min swart leerders neem en slaag Wiskunde en Natuurwetenskap. Aangesien hierdie vakke kritieke toegangvakke vir verdere studies sowel as die grondslag vir wetenskaplike innovering en ontwikkeling is, moet hierdie situasie deur volgehoue en noukeurige intervensie reggestel word.
Skakels	Die WKOD beoog om deur die Dinaledi- en Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie-skole-projek geleenthede vir vaardigheidsontwikkeling in Wiskunde en Wetenskap te skep, veral in benadeelde gemeenskappe.
Prestasiemylpale	2010 • Lei distrikbeamptes en WTIW-onderwysers in die gebruik van werkskedules op • Ontwikkel assesseringstake vir Grade 10 tot 12 • Ontwikkeling van onderwysers in 4 vakke • Voorsien LOOM aan alle skole • Skep inklusiewe klaskamers 2011 • Ontwikkel assesseringstake vir Grade 10 tot 12 • Ontwikkeling van onderwysers in 4 vakke • Voorsien LOOM aan alle skole om onderrig en leer te verbeter • Skep inklusiewe klaskamers 2012 • Voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan onderwysers oor die NKV- en assesseringspraktyke • Voortgaande ontwikkeling en steun aan Dinaledi- en WTIW-skole • Voorsien LOOM aan alle skole om onderrig en leer te verbeter • Voortgesette ontwikkelingsteun vir inklusiewe klaskamerpraktyk 2013 • Voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan onderwysers oor die NKV- en assesseringspraktyke • Voortgaande ontwikkeling en steun aan Dinaledi- en WTIW-skole • Voorsien LOOM aan alle skole om onderrig en leer te verbeter • Voortgesette ontwikkelingsteun vir inklusiewe klaskamerpraktyk 2014 • Voortgesette ontwikkeling en ondersteuning aan onderwysers oor die NKV- en assesseringspraktyke • Voortgaande ontwikkeling en steun aan Dinaledi- en WTIW-skole • Voorsien LOOM aan alle skole om onderrig en leer te verbeter • Voortgesette ontwikkelingsteun vir inklusiewe klaskamerpraktyk

17.2 Hulpbron-oorwegings

Hulpbronne
Dinaledi Mensehulpbronontwikkeling sal in die vorm van onderwysopleiding, bestuursopleiding en leerderontwikkeling voortgaan Skole sal soos benodig van fisiese hulpbronne voorsien word.
Sleutelinsette: Assessering en eksamens Gereelde vergaderings met assesseringskoördineerders uit die distrikte om te verseker dat assesseringsbeleid en -regulasies nagekom word. Gereelde vergaderings met kurrikulum-hoofde by skole sal 'n gedeelde begrip en implementering van kurrikulum en assessering verseker. Ondersteuning vir eksamenbestuur en webwerfbestuur.

17.3 Risikobestuur

SleutelRisiko	Risikoverligting
Assessering en Eksamens	
Akkurate data vanaf die nasionale eksamenstelsel Die WKOD is afhanklik van die nasionale DHO vir akkurate data om skole en leerders te identifiseer wat uitstekende uitslae behaal. Sulke data word gebruik om skole en leerders te beloon.	Duidelik gedefinieerde kriteriums vir toekennings moet vooraf aan IK-spesialiste voorsien word. Kontrole moet op alle toekenningsdata uitgevoer word.
Fokus- / Dinaledi- / WTIW-skole	
Ondergekwalifiseerde Wiskunde- en Wetenskaponderwysers	Departement moet begin met opleiding en herbekwaming van sy Wetenskap- en Wiskunde-onderwysers.
Uitsaksyfer van leerders	Ondersteuning vir onderwysers en leerders
Finansiële risiko	Prioritisering aan die kant van die departement

Deel C: Skakels met ander planne

18. Skakels met die Langtermyn-infrastruktuur en ander Kapitaalplanne

Beplanning vir infrastruktuur sluit die volgende in: groottes van skole in stedelike en landelike areas, die toekoms van intermediêre en gekombineerde skole, die sluiting of amalgamering van onderbenutte skole, die vervanging of uitfasering van tydelike strukture, die beëindiging van verhuring van nie-kerk privaatskooleiendom, en die akkommodasieskedules wat nodig is om nuwe skole te bou, gebaseer op die Norms en Standaarde. Benutting van hostels is ook deel van die geïntegreerde oplossing.

Die WKOD is besig om planne op te trek vir geskikte toekomstige infrastruktuur en Leerdervervoerskema (LVS), gebaseer op die nuwe Norms en Standaarde. Die omvattende behoefte per onderwysdistrik sal bepaal, en in die Onderwysvoorsieningsplanne opgesom word. Enige toekomstige plan vir die landelike areas moet met die planne van ander departemente in die provinsiale sektor in lyn gebring word, en behoort gehalte-onderwys en landelike ontwikkeling in die Wes-Kaap te bevoordeel.

In 2010 moet 126 mobiele klaskamers voorsien word. Oor die MTUR sal 200 klaskamers en 20 nuwe skole gebou word.

19. Voorwaardelike toekennings

Naam van toekenning	Voeding
Doel	Die Nasionale Skoolvoedingprogram [NSVP] is in 1995 as deel van die regering se Herkonstruksie- en Ontwikkelingsplan gevestig, en is sedert 1 April 2004 deur die Departement van Basiese Onderwys bestuur. Die hoofdoel van die program is om voedsame maaltye vir geteikende leerders te voorsien om leerkapasiteit te verhoog en skoolbywoning te bevorder. Diensverskaffers wat via 'n oopaanbodtender gekontrakteer word, voorsien geteikende skole van goedere en dienste. Die program word deur beamptes by die provinsiale en distrikskantore bestuur, gekoördineer en gemoniteer.
Prestasie-aanduider 2010	Voed 345 000 leerders 2011 Voed 346 000 leerders 2012 Voed 347 000 leerders 2013 Voed 348 000 leerders 2014 Voed 349 000 leerders
Voortsetting	Maaltye met verhoogde voedingswaarde moet voorsien word.
Motivering	Voeding vir behoeftige kinders is van die grootste belang. Leerders uit arm gemeenskappe konsentreer beter in die klaskamer, wat weer die leerders in staat stel om maksimum voordeel uit die leeromgewing te trek.

Naam van toekenning	MIV/VIGS-lewensvaardighede
Doel	Om toegang tot 'n geskikte en doeltreffend geïntegreerde stelsel van voorkoming, sorg en ondersteuning te verseker vir leerders, opvoeders en ondersteuningspersoneel wat deur MIV/VIGS besmet en geaffekteer is. Om lewensvaardighede-onderrig aan leerders en -opleiding aan opvoeders, skoolbestuurspanne (SBS'e) en beheerliggame (SBL'e) te voorsien ten einde lewensvaardighede, seksualiteit en MIV/VIGS-onderrig in lyn met die Nasionale (en Provinsiale) Strategiese Plan oor MIV en VIGS, beleid oor MIV en VIGS en inklusiewe onderwys, die Nasionale Kurrikulumverklaring, dwelm- en middele-misbruik en geslagsgelykheidbeleid (*Wet op Inkomsteverdeling 2010, Toekenningraamwerk*) te ontwikkel, implementeer en bestuur.
Prestasie-aanduiders	Aantal Lewensoriënteringsopvoeders opgelei en behou om onderrig in MIV/VIGS-lewensvaardighede in die klaskamer te implementeer (teiken: 80% en wat dit doeltreffend doen; Aantal skole (SBS'e en SBL'e) bygestaan met die ontwikkeling, implementering en bestuur van toepaslike MIV/VIGS-strategieë as deel van 'n respons van die heel-skool-gemeenskap en dus toepaslik weerspieël in die Skoolverbeteringsplan (100%);'n 50% afname in MIV-voorkomsvlakke vir 15- tot 19-jariges, ekstern gemeet en bevestig deur onder meer die Departement van Gesondheid deur sy jaarlikse voorgeboorte-opname, en die RGN se huishoudingsopnames.

Naam van toekenning	MIV/VIGS-lewensvaardighede
Voortsetting	Voorwaardelike toekennings het 'n lewensduur van drie jaar, jaarliks in die Wet op Inkomsteverdeling weerspieël, maar gesien die toenemende wêreldwye prioritisering van MIV/VIGS word verwag dat hierdie program nog vir 'n aantal jare sal voortduur.
Motivering	Die MIV/VIGS pandemie is een van die ernstigste bedreigings vir die ontwikkeling van mensehulpbronne in Suid-Afrika. Suid-Afrika dra reeds die psigososiale en ekonomiese las van die hoogste MIV-voorkoms in die wêreld. Dit is die WKOD se plig om 'n strategiese rol in die voorkoming van die verdere verspreiding van MIV te speel.

Beleidsontwikkelings

Suid-Afrika is een van die 120 ondertekenaars van die Spesiale Sitting van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies (UNGASS) se Verklaring van Verbondenheid oor MIV/VIGS. Hierdie verbondenheid word onder meer weerspieël in die Nasionale Strategiese Plan oor MIV en VIGS, 2007-2011 (NSP). Die primêre doelstellings van hierdie plan is (i) om die toename van nuwe MIV-infeksies teen 2011 met 50% te verminder, en (ii) om die impak van MIV en VIGS op individue, gesinne, gemeenskappe en die samelewing te verminder deur toegang tot geskikte behandeling, sorg en ondersteuning teen 2011 na 80% van alle MIV-positiewe mense en hul gesinne uit te brei. Onderwys is die hooffokus van die NSP se eerste prioriteitsarea, Voorkoming.

Doel van die Program

Die doel van hierdie program is om die verdere verspreiding van MIV te voorkom; om sorg en ondersteuning vir leerders en opvoeders te voorsien wat deur MIV/VIGS besmet en geaffekteer is; om die gehalte van onderwys te beskerm; en om 'n geïntegreerde onderwysrespons te bestuur. Versuim om die VIGS-respons dringend te versterk, sal beteken dat nóg die 2010- en NSP-teikens van die Verklaring van Verbondenheid, nóg die Millenniumontwikkelingsdoelwitte verwesenlik sal word.

Strategiese Doelwit

Die strategiese doelstelling van die voorwaardelike toekenning vir MIV/VIGS en Lewensvaardighede word in die jaarlikse Wet op Inkomsteverdeling aangedui as: Om toegang tot 'n geskikte en doeltreffend geïntegreerde stelsel van voorkoming, sorg en ondersteuning vir kinders te verseker wat deur MIV/VIGS besmet en geaffekteer is. Die program verwesenlik sy mandaat deur vyf strategiese programme:

(1) Kurrikulumgebaseerde programme vir leerders;
(2) Psigososiale versorging- en ondersteuningsprogramme vir leerders;
(3) Leierskap-, Bestuur- en Beheerprogramme;
(4) Werkplekprogramme vir opvoeders; en
(5) Portuuronderwysprogramme vir leerders.

Hierdie vyf strategiese programme verteenwoordig 'n rasionalisering en in-lyn-bring van nasionale prioriteite. Alle pogings word aangewend om hierdie strategieë ook in die negefokusareas van hel skoolontwikkeling te integreer, sowel as die tien strategiese uitkomste van die Provinsiale Regering se *Onderwysstrategie: 'Die Skep van 'n Oop-Geleentheid-Samelewing vir Almal in die Wes-Kaap: Om onderwysuitkomste 2010 – 2019 te verbeter'.*

Doelwitte

Om 80% van AOO-opvoeders en 80% van VOO opvoeders in Lewensoriëntering voldoende op te lei ten einde te verseker dat alle leerders in Grade 1 tot 12 jaarliks 'n minimum van 20 uur van leeftyd- en konteks-geskikte on derrig in MIV/VIGS-lewensvaardighede en sek sualiteit ontv ang, d eur Lewensoriëntering e n di e betrek van MIV/VIGS-lewensvaardighede by ander vakke en leerareas (*verwysing: Nasionale Geïntegreerde Plan vir Kinders wat met MIV en VIGS Besmet is, 2001;vergelyk WGO aanduiding van 'n minimum van 40 uur per jaar om gedragsverandering teweeg te bring);*

Om voorsiening te maak vir die ontwikkeling, seleksie, vertaling, verkryging, en jaarlikse verspreiding van leeftyd-/graad- en taal-geskikte kurrikulumgebaseerde VIGS-spesifieke leer- en onderrig-ondersteuningsmateriaal (LOOM) om doeltreffende lewensvaardighede vir MIV/VIGS in die klaskamer te ondersteun;

Om opvoeders en skool- en gemeenskapgebaseerde deelhebbers op te lei in die vestiging van doeltreffende en volhoubare sk ool- e n gemeenskapgebaseerde versorging- en ondersteuningstrategieë vir kwesbare kinders (met inbegrip van basiese berading- en verwysingsbevoegdhede);

Om te v erseker dat SBS-lede en ouers wat sleutel-lede van SBL'e is (e n ge koöpteerde ro lspelers in die gemeenskap) opgelei en o ndersteun word in d ie ontwikkeling e n handhawing va n k onteks-geskikte VIGS-beleid en MIV/VIGS bestuurplanne – binne die konteks van di e nege fokusareas van Heelskoolevaluering en die ontwikkeling van Skoolverbeteringsplanne;

Om die ontwikkeling en implementering van doeltreffende gehalteversekerde MIV-voorkomende programme vir portuuronderrig in laerskole, hoërskole en VOO-kolleges te ondersteun.

Om voorspraak, die deel van inligting, en motiv eringstrategieë te o ntwikkel w at as aansporing di en vir pr o-aktiewe d eelname in plaaslike pr ogramontwikkeling e n v oorspraakgeleenthede en d ie bevordering van 'n breed-gebaseerde, multisektorale 'bekwaammakende omgewing' vir doeltreffende MIV-voorkoming, sorg en ondersteuning;

Om 'n doeltreffende, i ntegrale, hoofstroom, intra- en interdepartementele MIV/VIGS-bestuurstelsel vir di e WKOD te ontwikkel.

Verantwoording

- VIGS bedreig 'n opegeleentheidsamelewing, en maatskaplike, mensehulpbron- en ekonomiese ontwikkeling.
- Daar i s 1 6 m iljoen S uid-Afrikaners onder die o uderdom v an 15 j aar. Sonder doeltreffende v oorkoming k an 50% in hul lewens met MIV besmet raak.
- Leerderprestasie sal waarskynlik daal soos meer kinders besmet raak, wees word, of met die impak van VIGS belas w ord. *(Ondanks 'n toenemende onderwys-investering, sal geletterdheid- en syfervaardigheidvlakke in Graad 12 toenemend nadelig deur MIV/VIGS geaffekteer word tensy die epidemie teruggedraai word.)*
- Insgelyks s al die MIV- epidemie die a anvraag n a onderwys v erminder soo s ki nders we ens to enemende huishoudelike koste, en om vir besmette gesinslede te sorg, aan skole onttrek word.
- MIV/VIGS-verwante risiko's (soos dwelmmisbruik, ver al 'tik' in di e Wes-Kaap) e n kwesbaarheid (soos TB e n fetale alkoholsindroom) kom by baie van ons skole voor. Lae sigbaarheid is geen waarborg dat MIV nie besig is om toe te neem nie.
- Voorkoming is goedkoper as behandeling, vers orging en on dersteuning. Die aa ntal kinders wat de ur VIGS wees ge laat wo rd, is aan d ie to eneem. Die to enemende vra ag n a TRV-mid dels en welsyntoelaes weens onvoldoende voorkomingsonderwys het die las op die nasionale begroting verhoog.
- Onderwys bied op si gself 'n mate van beskerming te en MIV/VIGS. Deur i nligting en v aardighede te vo orsien, kan ond erwys die risiko en kwe sbaarheid ve rminder, jong men se se ve rbondenheid en se kuriteit verhoog, toegang tot vertroubare v olwassenes bied, g eletterdheidsvlakke v erhoog, en ' n persoonlike vis ie, toekomsgerigtheid en sin vir eiewaarde bevorder.
- Daar is geen korttermynoplossing om die impak van MIV/VIGS op die onderwys te temper nie. Gesamentlike aksie op 'n verskeidenheid fronte word benodig.

Grondlyn- en Vorige Prestasie:

'n Aantal Sleutel-prestasie-aanduiders	2003/04	2004/05	2005/06	2006/07	2007/08	2008/09
Begrotingstoewysing 10,003		9,821	11,198	11,870	13,011	13,847
Uitgawes 10,723		9,814	11,205	11,870	13,001	13,727
Onder-/oorbesteding 0,721		0,007	-0,007	0	0,010	0,120
Onderwysers geteiken	12 000	14 000	16 000	18 000	20 000	22 000
Werklike aantal in MIV/VIGS opgelei	12 500	15 910	17 124	20 500	22 099	24 133
Aantal SNVV / STP-27 / saamtrekke	-	-	1	5	17	31
'Gekentekende' hoërskool-portuuropvoeders -		2 000	5 216	5 300	6 639	7526
Aantal hoërskole met portuuropvoeders	60	93	93	120	143	154
Aantal VOO-kollegekampusse met portuuropvoeders	-	-	3	3	12	12
Aantal laerskole met *Soul Buddyz*-klubs -		50	120	200	420	580
Aantal skole gemoniteer en ondersteun	-	421	613	820	1 036	1 041
Leerders vir MIV by die skool getoets (VBT)	-	-	-	350	2 500	16 000
Provinsiale MIV-vlakke onder tieners	8,7%	8,1%	7,2%	5,6%	4,3 %	N.V.T

Skakeling

- Die klaskamergebaseerde onderrig in MIV/VIGS, lewensvaardighede- en seksualiteit-onderwys is in Grade 1 tot 12 in Lewensoriëntering en ander vakke/leerareas ingebed, en is 'n mandaat van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV).
- Die voorsiening van sorg- en ondersteuningstrategieë vir kwesbare leerders is onder meer in 'n 'inklusiewe onderwys'-raamwerk gevestig wat 'n mandaat van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid: Onderwyswitskrif 6 (OWS6) is.
- Die holistiese bestuur van MIV/VIGS, die ontwikkeling van skoolbeleid, en MIV/VIGS-bestuurplanne (soos in verpligte Skoolverbeteringsplanne weerspieël) is 'n mandaat van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid: Heelskoolevaluering.
- Dat MIV/VIGS 'dringend en doelgerig' deur onderwys die hoof gebied word, word ook in onder meer die Nasionale Strategiede Plan oor MIV/VIGS en SOS vir Suid-Afrika, 2007-2011 (NSP), die Wet op Nasionale Onderwysbeleid: Nasionale MIV/VIGS-beleid vir Leerders en Opvoeders (1996), en die provinsiale MIV/VIGS-Strategiese Plan 2007-2011 (PSP) weerspieël. Provinsiale teikens vir Onderwys sluit die volgende in: 'n 50% vermindering van MIV-voorkomsvlakke vir jeugdiges van 15 tot 24 jaar teen 2011;(ii) die bevordering, en deur die DVG die verskaffing van vrywillige berading en toetsing (VBT) vir die egene ouer as 15 jaar, met 'n teiken van 50 000 leerders en opvoeders in 2009-2010 (16 000 leerders in 2008-2009 getoets);en (iii) verhoogde kondoomgebruik deur verbeterde toegang in hoërskole, in oorleg met SBL'e.

Sleutel Lewerbare Aspekte 2010 – 2014

SPA	Prestasie-aanduider	2008/09	2009/10	2010/11	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15
Kurrikulum	Aantal opvoeders opgelei om onderrig in MIV/VIGS in die klaskamer te gee (Teiken 80%)	24 133	1 000	1 000 (25 000)	1 000 (26 000)	1 000 (27 000)	1 000 (28 000)	1 000 (29 000)
LOOM	Aantal skole wat verlangde MIV/VIGS LOOM vir Grade R tot 12 in die taal/e van keuse ontvang		1 459	1 459	1 459	1 459	1 459	1 459
SPA Prestasie-aanduider		2008/09	2009/10	2010/11	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15

SPA	Prestasie-aanduider	2008/09	2009/10	2010/11	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15
Sorg en Ondersteuning	Aantal skole waar 3 tot 5 opvoeders en 2 tot 5 SBL-en gemeen-skapslede in Sorg- en Ondersteun-ingstrate-gieë vir kwes-bare leerders opgelei is.	- - 200			420 (620)	420 (1 040)	420 (1 460)	15 (1 475)
Bestuur en Beheer	Aantal skole waar 3 tot 5 SBS-lede en 2 tot 5 SBL-lede in MIV/ VIGS-leierskap-, be-stuur- en beheerstra-tegieë opgelei is.	- - 200			420 (620)	420 (1 040)	419 (1 459)	Nuwe siklus
Portuur-onderwys Aanta	l hoërskool-portuuropvoeders	7 526	7 500	10 000	14 000	16 000	18 000	20 000
Monitering en Ondersteuning	Aantal skole besoek om steun te bied	1 041	-	1 200	1 300	1 459	1 459	1 459

Hulpbron-oorwegings

Uitgawetendense

Hierdie program word volledig uit die voorwaard elike toekenning befonds. Oor die afgelope vyf ja ar het die begrot ing nie bo die inflasiekoers toegeneem nie. Die toewysing is gel yk aan R 14/kind per jaar of R168/kind bo 12 jaar (*R100 sonder programsalarisse*).

Tendense in die getalle sleutelp ersoneel. Die personeel bes taan uit gekontrakt eerde of gesekondeerde aanstellings. Die WKOD-Personeelprogram maak voorsorg vir twee poste per distrik. In die volgende vyf jaar sal multifunksionele kringspanne die MIV/VIGS-program behartig.

Risikobestuur

- Wanaanpassing tussen programbegroting en omvang van verantwoordelikhede
- Opvoedero0pleiding is vrywillig, dus is die bereik beperk
- Dwarslopende (matrys-) bestuur noodsaaklik vir welslae
- Sosio-ekonomiese kwessies, soos MIV/VIGS, word nie as 'kernbesigheid' beskou nie, en dus nie ondersteun nie.

20. Openbare-Privaat Vennootskappe Geen

21. Woordelys

AOO: Algemene Onderwys en Opleiding

(B)OOV: (Basiese) Onderwys en Opleiding vir Volwassenes

BBS: Besigheidbe stuurstelsel

BPOAS: Beleid en Prosedure vir Onbekwaamheidverlof en Aftrede weens Siekte

DB: Diensbillikheid

DBIS: Distrikbestuur- en Inligtingstelsel

DBS: Dokumentbestuurstelsel

DHOO: Departement van Hoër Onderwys en Opleiding

DOK: Departementele Opleidingskomitee

DVBO: Departement van Basiese Onderwys

DVGV: Departement van Gemeenskapsveiligheid

DVP: Distrikverbeteringsplanne

GGBS: Geïntegree rde Gehaltebestuurstelsel

GLS: Gemeenskapsle ersentrum

GOS: G evorderde Onderwyssertifikaat

HODKOM: Hoofde van Onderwysdepartemente-komitee

HOI: Hoër Onderwys-instansie

HSE: Heelskooleva luering

IBB: Institusionele Bestuur en Beheer

IKT: Inligting- en Kommunikasietegnologie

I-SABS Geïntegreerde Skooladministrasie- en Beheerstelsel

KA: Kurrikulumadviseur

KB: Kennisbestuur

KKBK: Kreatiewe en Konstruktiewe Benaderings tot Konflikbestuur

KOLI: Kaapse Onderrig en Leerinstituut

KVP: Kringverbeteringsplanne

LBS: Leerbestuurstelsel

LOOM: Leer-en-onde rrigondersteuningsmateriaal

LOOM: Leer-en-onde rrigondersteuningsmateriaal

LSOB: Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes

MTUR: Mediumtermyn-uitgaweraamwe rk

NK(B): Nasionale Kurrikulum (Beroep)

NKR: Nasionale Kwalifikasieraamwerk

NKV: Nasionale Kurrikulumverklaring

NOEOE: Nasionale Ontwikkelingseenheid vir Onderwysevaluering

NPOD: Nasionale Professionele Onderwysdiploma

NRO: Nieregeringsorg anisasie

NSS: Nasionale Seniorsertifikaat

NSSB: Norms en Standaarde vir Skoolbefondsing

NSVP: Nasionale Skoolvoedingprogram

OB: Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes

OBIS: Onderwysbestu ur-inligtingstelsel (OBIS)

OIB: Onderneminginh oudbestuur

OIB: Onderwysinligt ingsbeleid

OOOP: Onderwys-, Opleiding- en Ontwikkelingspraktyke

OPBIS: Operasionele Prestasiebestuur-inligtingstelsels

OPV: Openbare -privaat Vennootskap

OUWP: Uitgebreide Openbare Werke-program

OVP: Onderwysvoorsi eningsplan

PGOOO: Program vir Gehalteverbetering, Ontwikkeling, Ondersteuning en Opheffing

POD: Provinsiale Onderwysdepartement

PPBOS: Personeelprestasiebestuur en -ontwikkelingstelsel

PPM'e: Programp restasiemaatstawwe

ROM: Raad van Onderwysministers

SABS: Skooladministrasie- en Bestuurstelsel

SAKO: Suid-Afrikaanse Kwalifikasiesowerheid

SAPD: Suid-Afrikaanse Polisiediens

SARO: Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders

SASW: Suid-Afrikaanse Skolewet

SBL: Skoolbeheerligg aam

SBS: Skoolbestuurspa n

SITA: Staats-inligting stegnologie-agentskap

SKP: Senior Kurrikulumbeplanner

SOBIS: Sentrale Onderwysbestuur-inligtingstelsels

SOOO: Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid

SVP: Skoolverbeterin gsplan

VKO: Vroeë-kind-ontwikkeling

VLR: Verteenwoordig ende Leerderraad

VOO: Verdere Onderwys en Opleiding

VOOBIS: Verdere Onderwys en Opleiding Bestuursinligtingstelsel

WBGV: Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid

WBOF: Wet op Bestuur van Openbare Finansies

WNOB: Wet op Nasionale Onderwysbeleid

WTIW: Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde

WVP: Werkplekvaardig heidsplan

WWP: Werknemerwelstandprogram

WWT: Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie